

**GROEPSAMEHORIGHEID EN SUKSES
IN
RUGBY**

PERCIVAL PARKES DU TOIT

**VERHANDELING INGELEWER TER VERKRYGING VAN DIE
GRAAD MAGISTER ARTIUM IN LIGGAAMLIKE OPVOED -
KUNDE AAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR
CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS**

**POTCHEFSTROOM
NOVEMBER 1978**

VOORWOORD

Ofskoon talle Suid-Afrikaanse en oorsese rugbykeurders en -af-rigters, met die samestelling en afrigting van rugbyspanne, van die standpunt uitgaan dat samehorige spanne meer suksesvol as verdeelde spanne is, is dit 'n aspek van rugbyafrigting wat, as gevolg van 'n gebrek aan navorsing, hoofsaaklik op kwasi-deskundigheid berus.

Navorsers wat wel sedert 1950 die verwantskap tussen groepsamehorigheid en sukses in verskeie ander spansportsoorte ondersoek het, kon nog nie eenstemmigheid bereik oor wat presies met groep-samehorigheid bedoel word, hoe dit gemeet en ontwikkel kan word, en of dit werklik tot beter prestasies lei nie.

Hieruit blyk duidelik dat daar 'n praktykgerigte en wetenskaplike behoefte bestaan aan groter helderheid oor wat presies met groep-samehorigheid oor die algemeen, en spesifiek met betrekking tot rugby, bedoel word en welke rol dit speel om sukses of mislukking te bepaal. Met hierdie ondersoek, waarin die verwantskap tussen groepsamehorigheid en sukses in koshuisrugbyspanne bestudeer is, is gepoog om in hierdie behoefte te voorsien.

Graag bedank ek die volgende persone en instansies vir hul ondersteuning tot hierdie studie:

- Prof. G.J.L. Scholtz, my studieleier, by wie die basiese gedagtes grondliggend tot hierdie studie ontstaan het, en wat met sy wetenskaplike onderlegtheid, krities waarderende leiding en onvermoeide ywer die ontplooiing en voltooiing van hierdie ondersoek in 'n besondere mate gestimuleer het.

- Prof. W.J. Putter, hoof van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde aan die P.U. vir C.H.O., wie se voortdurende belangstelling en tegemoetkomendheid opreg waardeur word.
- Die Departement van Sport en Ontspanning en die Suid-Afrikaanse Sportfederasie vir finansiële bystand, by wyse van 'n navorsingstoekenning.
- Koshuisrugbyorganiseerders André Cronje, Basie Greylingh, Fanie Haasbroek, Leon Mareé en Francois Senekal vir hul reuse-aandeel met die verspreiding en insameling van die uraelyste.
- Tellinghousers Ben de Klerk, James Honiball, Chaos Pelser, Sampie Pretorius, Piet Roodt en Danie van der Westhuizen, wat so bereidwilliglik en getrou met die tellinghouery gehelp het.
- Die 140 eerstespanrugbyspelers van Caput, Dorp, Drakenstein, Hombré en Klooster, wat gedurende die 1977-seisoen as proefpersone opgetree het en waarsonder dié ondersoek moeilik voltooi sou kon word.
- Dr. H.S. Steyn en mme. J.W.J. van Wyk en P.D. Pretorius van die Departement Statistiek, P.U. vir C.H.O., vir hul waardevolle hulp en raad met die statistiese verwerking van die resultate.
- Dr. S. Oosthuizen, verbonde aan die Departement Psigologie, P.U. vir C.H.O., vir sy wenke in verband met die interpretering van die faktorontledings.

- Mnr. M.D. Dent en die konsoperatrises van die Departement Dataverwerking, P.U. vir C.H.O., vir die pons van die data.
- Oom Bob Mills vir hulp met die samestelling van die suksesmaatstawwe, asook sy volgehoue belangstelling in die projek.
- Dr. H.F. de Bruto van die Departement Afrikaans-Nederlands, P.U. vir C.H.O., wat tyd kon inruim vir die taalkundige versorging van die werk.
- Mev. M. Geringer vir die trek van die netjiese figure.
- Die personeel van die Ferdinand Postma-Biblioteek vir hul vriendelike en gewillige hulp met die opspoor van studiemateriaal en die tegniese versorging van die werk.
- In besonder mev. R. Labuschagne vir die keurige tikwerk, tegniese versorging en proeflees van die verhandeling.
- Aan Rietjie wat met haar begrip, onderskraging en liefde dit alles soveel makliker gemaak het.
- My skoonouers vir hul besondere belangstelling.

My innige dank aan my ouers en familie vir hul bemoedigende belangstelling en ruim finansiële steun gedurende my studiejare. Met diepe dankbaarheid dra ek hierdie verhandeling aan hulle op. Laastens my dank aan God - alle eer aan Hom.

Percy du Toit
Potchefstroom

23 November 1978

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
VOORWOORD	i
HOOFSTUK I PROBLEEM EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK	1
HOOFSTUK II LITERATUUROORSIG	7
1 Aard en betekenis van groepsamehorigheid	7
2 Definiëring van groepsamehorigheid	8
2.1 Groepsamehorigheid as tussenpersoonlike aangetrokkenheid	10
2.2 Groepsamehorigheid as samewerking en motivering	12
3 Bepalers van groepsamehorigheid	14
3.1 Tussenpersoonlike aangetrokkenheid	15
3.1.1 Nabyheid, herhaaldelike blootstelling en aangetrokkenheid	15
3.1.2 Ooreenkomste en verskille	16
3.1.3 Beloning en straf	18
3.1.4 Bekwaamheid en aangetrokkenheid	19
3.2 Aangetrokkenheid tot groepe	20
3.2.1 Behoeftes van lede	21
3.2.2 Eienskappe van groepe	24
3.2.2.1 Groepsklimaat	25
3.2.2.2 Groepsgrootte	26
3.2.2.3 Interaksie en kommunikasie	27
3.2.2.4 Groepsnorme en konformiteit	29
3.2.2.5 Groepsaktiwiteite en aangetrokkenheid	31
3.2.2.6 Groepsdoelwitte en aangetrokkenheid	33

		Bladsy
3.2.2.7	Leierskap en aangetrokken= heid	36
3.2.2.8	Groepstatus en aangetrokken= heid	38
3.3	Samewerking, kompetisie en groepsamehorigheid	39
3.4	Motivering en groepsamehorig= heid	42
4	Gevolge van groepsamehorigheid	45
4.1	Groepsamehorigheid en prestasie	45
4.2	Groepsamehorigheid en groeps= lojaliteit	52
4.3	Groepsamehorigheid en invloed	53
4.4	Groepsamehorigheid en verant= woordelikheid	53
4.5	Groepsamehorigheid en aange= trokkenheid tot die groep	53
4.6	Groepsamehorigheid en groeps= norme	53
4.7	Groepsamehorigheid en kommuni= kasie	54
4.8	Groepsamehorigheid en bedreig= ing	54
4.9	Groepsamehorigheid en angs	54
4.10	Groepsamehorigheid en verwys= ingsgroepe	54
4.11	Groepsamehorigheid en leierskap	55
4.12	Groepsamehorigheid en die leer= proses	55
5	Hipoteses	56

		Bladsy
HOOFSTUK III	METODE VAN ONDERSOEK	58
1	Eksperimentele groep	59
2	Meetinstrumente	63
2.1	Die meting van groepsamehorigheid	63
2.2	Beskrywing van die <i>Sports Cohesiveness Questionnaire</i>	65
2.2.1	Beskrywing	65
2.2.2	Betroubaarheid en geldigheid	68
2.3	Die bepaling van sukses in rugby	69
2.3.1	Konstruksie	69
2.3.2	Beskrywing	71
3	Onderzoekprosedures	72
3.1	Vraelysonderzoekprosedures	72
3.2	Rugbytelkaartprosedures	75
4	Verwerking van die gegewens	76
HOOFSTUK IV	RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK	80
1	Kritieke seleksie van items	80
2	Berekening van verskille	97
2.1	Vorbereiding van data en statistiese ontwerp	97
2.2	Meervoudigevariansieontleding	101
2.3	Diskriminantfunksieontleding	105
2.4	Eenrigtingvariansieontledings	107
2.4.1	Spanwerk/samewerking	107
2.4.2	Tussenpersoonlike aangetrokkenheid	111
2.4.3	Aangetrokkenheid tot spanne	115
2.4.4	Taakgemotiveerdheid	119

	Bladsy
2.4.5 Evaluering van afrigter	125
3 Invloed van wen of verloor op groepsamehorigheid	127
3.1 Spanwerk	128
3.2 Tussenpersoonlike aangetrokken= heid	129
3.3 Aangetrokkenheid tot spanne	131
3.4 Taakgemotiveerdheid	132
3.5 Evaluering van afrigter	133
4 Bespreking van spanne	135
4.1 Span 1 (Caput)	135
4.2 Span 2 (Dorp)	143
4.3 Span 3 (Drakenstein)	147
4.4 Span 4 (Hombré)	150
4.5 Span 5 (Klooster)	155
5 Samevatting van resultate	161
 HOOFSTUK V BESPREKING VAN DIE RESULTATE	 168
 HOOFSTUK VI SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN VERDERE NAVORSING	 184
1 Samevatting	184
2 Gevolgtrekkings	188
3 Verdere navorsing	190
 BIBLIOGRAFIE	
1 Literatuurverwysings	191
2 Ander bronne	207

BYLAES		Bladisy
A	Voor-wedstrydvraelys	219
B	Na-wedstrydvraelys.	234
C	Rugbytelkaart I	246
D	Rugbytelkaart II	247
E	Rugbytelkaart III	248
F	Brief aan koshuisrugbyorgani- seerders	249
G	Finale voor-wedstrydvraelys	251
H	Finale na-wedstrydvraelys	258
ABSTRACT		266

LYS VAN TABELLE

TABEL		Bladsy
I	Korrelasiematrrys van 300 voor-wedstryd= vraelyste	83
II	Korrelasiematrrys van eerste 75 voor- wedstrydvraelyste	84
III	Kaiser se maatstaf vir steekproefgeskikt= heid (MSG) en gekwadreerde veelvoudige korrelasies van elke veranderlike met al die ander veranderlikes (GVK)	87
IV	Hoofkomponentfaktorontleding	89
V	Maksimumwaarneemlikheidsfaktorontleding	91
VI	Faktorontleding op 23 geselekteerde voor- wedstrydvrae	93
VII	Korrelasiematrrys van voor-wedstrydver= anderlikes	100
VIII	Korrelasiematrrys van na-wedstrydver= anderlikes	100
IX	Beduidendheid van groepsamehorigheids= verskille tussen spanne	105
X	Diskriminantwaardes van vyf spanne se voor- en na-wedstrydveranderlikes	107
XI	Resultate van die eenrigtingvariansie= ontleding uitgevoer op spanwerk as die afhanklike veranderlike	108
XII	Die selgemiddeldes van spanne se span= werk gedurende die seisoen	109
XIII	Resultate van die eenrigtingvariansie= ontleding uitgevoer op tussenpersoonlike aangetrokkenheid as die afhanklike ver= anderlike	112

TABEL

Bladsy

XIV	Die selgemiddeldes van spanne se tussenpersoonlike aangetrokkenheid gedurende die seisoen	113
XV	Resultate van die eenrigtingvariëansie=ontleding uitgevoer op aangetrokkenheid tot spanne as die afhanklike veranderlike	116
XVI	Die selgemiddeldes van spelers se aangetrokkenheid tot spanne gedurende die seisoen	117
XVII	Resultate van die eenrigtingvariëansie=ontleding uitgevoer op taakgemotiveerdheid as die afhanklike veranderlike	119
XVIII	Die selgemiddeldes van spanne se taakgemotiveerdheid gedurende die seisoen	120
XIX	Resultate van die eenrigtingvariëansie=ontleding uitgevoer op spanne se evaluering van hul afrieter as die afhanklike veranderlike	125
XX	Die selgemiddeldes van spanne se evaluering van hul afrieter gedurende die seisoen	127
XXI	Die invloed van wen of verloor op spanwerk	129
XXII	Die invloed van wen of verloor op tussenpersoonlike aangetrokkenheid	130
XXIII	Die invloed van wen of verloor op aangetrokkenheid tot spanne	131
XXIV	Die invloed van wen of verloor op taakgemotiveerdheid	132
XXV	Die invloed van wen of verloor op spanne se evaluering van hul afrieter	134

TABEL		Bladsy
XXVI	Gemiddelde persentasies van 5 spanne se groepsamehorigheid en die komponente van groepsamehorigheid vir 8 opnames	158
XXVII	Gemiddelde persentasie balbesit deur 7 spanne gewen uit die verskillende suksesmaatstawwe (spelsette), asook gebiedsvoordeel geniet gedurende die seisoen	158
XXVIII	Puntetabel van 7 spanne vir die hele seisoen	159
XXIX	Punteposisie van spanne na elke wedstryd, ronde en na afloop van die seisoen	159
XXX	Invloed van wen en verloor op die selfgemiddeldes van spanne soos dit toeneem of afneem van voor-wedstrydopnames na na-wedstrydopnames	160

LYS VAN FIGURE

FIGUUR		Bladsy
1	Groepsamehorigheidindeks per span versprei oor 8 opnames	103
2	Selgemiddeldes per span versprei oor 8 opnames met spanwerk as die afhanklike veranderlike	110
3	Selgemiddeldes per span versprei oor 8 opnames met tussenpersoonlike aangetrokkenheid as die afhanklike veranderlike	114
4	Selgemiddeldes per span versprei oor 8 opnames met aangetrokkenheid tot spanne as die afhanklike veranderlike	118
5	Selgemiddeldes per span versprei oor 8 opnames met taakgemotiveerdheid as die afhanklike veranderlike	121
6	Selgemiddeldes per span versprei oor 4 voor-wedstrydopnames met taakgemotiveerdheid as die afhanklike veranderlike	123
7	Selgemiddeldes per span versprei oor 4 na-wedstrydopnames met taakgemotiveerdheid as die afhanklike veranderlike	124
8	Selgemiddeldes per span versprei oor 8 opnames met spanne se evaluering van hul afrigter as die afhanklike veranderlike	126

HOOFSTUK I

PROBLEEM EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die motivering tot hierdie studie vind sy beslag in die feit dat groepsamehorigheid allerweë uitgesonder word as 'n belangrike voorwaarde vir sukses in kompetisiesport. Sportmanne en -vroue, afrigters en sportkenners is dit eens dat samehorige spanne meer suksesvol is as verdeelde spanne; tot hoër prestasies gemotiveer kan word; beter saamwerk om gemeenskaplike doelwitte te bereik en dat spanlede meer aangetrokke tot mekaar, hul span en hul afrigter voel. Dit het daartoe gelei dat afrigters, benewens die taktiese en vaardigheidsaspekte van 'n sportsoort, ook aandag begin skenk het aan die "geestelike" of "psigiese" voorbereiding van sportspanne, tot so 'n mate dat motiveringspraatjies ("pep talks") vandag 'n wesenlike deel van die oefenprogram uitmaak - tewens, dit word as een van die voorvereistes vir topprestasie beskou. Die doel hiervan is om die span se gees, die eenheidsgevoel tussen spelers, of die "ons"-gevoel van die span, voor die kragmeting reg te kry.

Selfs keurders plaas vandag 'n hoë premie op die samehorigheid, kameraadskap en solidariteit van spanne. In die samestelling van sportspanne soek keurders onder andere na spelers wie se "gees" reg is - spelers moet hulself as't ware ten volle vir die span en sy oogmerke gee.

Franse sportlui beskou groepsamehorigheid as 'n be-

langrike eienskap van rugbyspanne. Richard Breeze (1976, p. 14), 'n Franse rugbyverslaggewer, skryf die Hane se sukses gedurende die 1976-Vyf-Nasie-Toernooi aan die Franse keurkomitee se nuwe "samehorigheidsbenadering" toe:

"The former system of building a team around one or two stars has been scrapped. Instead, players are being picked for their attitude and esprit (spirit) and formed into a cohesive fifteen where each man is content with the role assigned".

Guy Basquet, sameroeper van die 13-man Franse keurkomitee, ondersteun hierdie sienswyse van Breeze (1976, p. 14) en verklaar soos volg:

"We have found about 20 young lads, team members or reserves, who have that precious quality, team spirit. It was a passionately exciting season".

Ook in Nieu-Seeland word spangees as 'n voorvereiste vir suksesvolle doelbereiking beskou. Voor die 1976-All-Black-toer na Suid-Afrika het 'n senior Nieu-Seelandse rugbyskrywer oor die samestelling van die span die volgende te sê gehad:

"Alan Sutherland won't get into the team. He is much too surly for the team spirit. We cannot afford to take him and Alex Wyllie, because they don't mix well with all the players" (Burger, 1977, p. 22).

Soos blyk uit verskeie koerantberigte lê keurders afrigters en kapteins van Suid-Afrikaanse provinsiale

rugbyspanne eweneens groot klem op die belangrikheid van 'n goeie spangees in die bereiking van sukses. Op 'n vraag of Oos-Transvaal se rugbyspan gedurende die 1978-seisoen sy man sal kan staan, het afrigter Skip Henderson geantwoord:

"As die ... kerele se gees so goed bly, moet ons vanjaar een of ander tyd welslae behaal" (Van Rooyen, 1978a, p. 22).

Ook Tommy Symons, kaptein van Suidoos-Transvaal, is beïndruk met sy span se goeie gees:

"Hier is vanjaar 'n nuwe gees in Suidoos-Transvaal ... die kerele was lanklaas so vasbêlote om iets te vermag" (Van Rooyen, 1978b, p. 22).

In sy spekulاسie oor Noord-Transvaal se kanse in die 1978-Curriebekerkompetisie, stel Neil Steyn (1978a, p. 20) die volgende voorwaardes aan Wynand Claassen, wat by Thys Lourens die kapteinskap oorgeneem het:

"Claassen sal die span in 'n eenheid moet snoer, hy sal spangees moet kweek, die wil om te wen in elkeen inpomp en die span kry om met dieselfde durf te speel as voorheen. Dit sal nie maklik wees nie".

Stan Terblanche, mede-afrigter van die Oostelike-Provinsie-rugbyspan, lê die span se swak vertonings gedurende die 1978-seisoen voor die Oostelike-Provinsie-keurders se deur:

"Die keurders verander na elke wedstryd soveel dat die manne nie kans kry om mekaar te leer ken en 'n spangees op te bou nie" (Van der Berg, 1978, p. 24).

In 'n artikel waarin hy redes aanvoer waarom Transvaal se Curriebeker-aanspraak in 1978 so gou gesneuwel het, skryf David van Rooyen (1978c, p. 24):

"Beamptes stem ook saam dat sommige spelers 'n gebrek aan dissipline toon wat die span se taktiese samespel, spangees en taktiese planne in die wêreld ry".

In teenstelling met Transvaal, het die Vrystaat se rugbyspan in 1978 vir die vyfde keer in ses jaar die Curriebekereindstryd gehaal en word dié span se welslae onder andere toegeskryf aan hul goeie spangees:

"Min spanne berei soos die Vrystaat voor. Die spelers hardloop dikwels wanneer ander mense hul middagete nuttig, saam ... om spangees op te bou ... die span is soos broers" (Steyn, 1978b, p. 16).

Uit die voorafgaande aanhalings wil dit dus voorkom asof spansamehorigheid oorsee sowel as in Suid-Afrika uitgesonder word as 'n belangrike voorwaarde vir die sukses van rugbyspanne. Ook in ander spansportsoorte is van die veronderstelling uitgegaan dat 'n positiewe spangees, goeie samewerking, hoë motivering tot prestasie, asook doeltreffende strategie, sterk bepalend is vir sukses.

Ofskoon afrigters van sportspanne reeds vir baie jare 'n hoë premie plaas op aangename tussenpersoonlike verhoudings tussen spanmaats, doeltreffende spanwerk en spelers se gemotiveerdheid tot doelbereiking, is tot betreklik onlangs weinig navorsing in dié verband

gedoen. Arnold en Straub (1972, p. 346) berig hieroor as volg:

"Coaches of athletic teams have for many years recognised the importance of interpersonal relationships among their players. However, they have neither possessed the time, research competencies nor interest to study the social and psychological behaviors of athletes. For the most part, the coaches' concern, up until recent years, has been with trying to improve the motor skills of individual players and the team".

Navorsing wat sedert 1950 op die gebeid van groepsamehorigheid en sportprestasie onderneem is, is minder eenstemmig in hul bevindinge. Sommige studies toon dat daar 'n positiewe verwantskap bestaan tussen spansamehorigheid en sukses in bofbal, basketbal, spanrolbal, spanstoei en sokker; ander ondersoekers vind egter dat goeie spangees nie 'n voorvereiste vir sukses in spanskyfskiet, spanroei en basketbal is nie. Die uiteenlopende bevindinge mag moontlik toegeskryf word aan ewe uiteenlopende metodes om groepsamehorigheid te meet. Navorsers verskil onderling oor wat met groepsamehorigheid bedoel word. Ook word aangevoer dat die aard van groepsamehorigheid van sportsoort tot sportsoort mag verskil (Arnold en Straub, 1972, p. 346-352).

Die populêre opvatting onder afrigters, keurders en sportkenners dat daar 'n positiewe verband tussen spansamehorigheid en spansukses bestaan, geniet nog nie eenparige wetenskaplike steun nie. So bevind

Arnold en Straub (1972, p. 347):

"It is obvious from the results ... that the importance of cohesiveness to team success has not been clearly established. Further research is needed".

Op die gebied van rugby is daar baie min nagevors oor die invloed van spansamehorigheid op prestasie. Nogtans is daar talle afrigters wat in hul afrigting van die standpunt uitgaan dat hoë groepsamehorigheid 'n voorvereiste is vir sukses en oorwinnings. Ander afrigters ignoreer hierdie dimensie van afrigting totaal. Nog 'n groep beklemtoon groepsamehorigheid wel, maar begryp nie duidelik wat daarmee bedoel word nie, of hoe dit ontwikkel kan word nie. Daar bestaan 'n duidelike praktykgerigte en wetenskaplike behoefte na groter helderheid oor wat presies met groepsamehorigheid oor die algemeen, en spesifiek met betrekking tot rugby, bedoel word en welke rol dit speel om sukses of mislukking in rugbyprestasie te bepaal. Dis die doel van hierdie ondersoek om hieroor uitspraak te probeer gee.

Die spesifieke doelstellings van die ondersoek is om vas te stel:

- (1) of suksesvolle koshuisrugbyspanne statisties meer samehorig is as onsuksesvolle spanne;
- (2) welke invloed sukses of mislukking op groepsamehorigheid het; en
- (3) of homogene koshuisrugbyspanne meer samehorig is as heterogene spanne.

HOOFSTUK II

LITERATUUROORSIG

1 AARD EN BETEKENIS VAN GROEPSAMEHORIGHEID

Elke groep of span, of dit op die sportveld, in die sakewêreld of in die onderwys is, vertoon 'n bepaalde atmosfeer van kameraadskap, solidariteit, groepshegtheid en samehorigheid. In die groepdinamikaliteratuur word hierdie bepaalde groeps eienskap sydelings of by implikasie gedefinieer as groepsamehorigheid of kohesie.

Daar bestaan aanduidings dat groepsamehorigheid 'n belangrike rol speel in kompetisiesport, in kliniese en terapeutiese groepe, in opvoedkundige groepe, in ontspanningsgroepe, in die handel, die nywerheid en in die weermag (Lotz, 1975, p. 7,8 en 131). Samehorige groepe lewer skynbaar beter prestasies, is meer suksesvol, vertoon 'n groter mate van bevrediging uit deelname, werk beter saam om gemeenskaplike doelwitte te bereik, en is beter daartoe in staat om eksterne bedreiging af te weer as groepe wat verdeeld is. Dit is wat algemeen aanvaar word.

Kohesie word met verskillende eienskappe van groepe in verband gebring. Kohesie word verbind met groepe wat 'n sterk "ons"-gevoel het, waar lede eerder met betrekking tot "ons" as met betrekking tot "ek" dink, of waar almal binne die groep saamwerk vir die bereiking van 'n gemeenskaplike doel en elkeen bereid is om sy verantwoordelikheid in die groep te aanvaar. Samehorig-

heid word ook in verband gebring met die onderlinge vriendelikheid en lojaliteit tussen lede; die gewilligheid om persoonlike opofferinge ter wille van die groep te maak; die mate waarin lede groepsnorme deel en die mate waarin hulle daaraan konformeer.

Die vraag ontstaan wat groepsamehorigheid nou eintlik is? Verskeie definisies word vervolgens bestudeer en daaruit word 'n sintese gemaak van die verskillende bepalers daarvan.

2 DEFINIËRING VAN GROEPSAMEHORIGHEID

Die term "*groepsamehorigheid*" of "*kohesie*" is vir die eerste keer ten opsigte van sekere groepskwaliteite, in 1902 deur Simmel gebruik (Lotz, 1975, p. 36). Sedertdien is verskillende definisies geformuleer, is 'n aantal konseptuele eienskappe aan die term "*kohesie*" toegedig, en is verskeie meetinstrumente in eksperimentele navorsing gebruik.

Gross en Martin (1952, p. 546-554) wys in dié verband op die teenstrydige resultate wat ten opsigte van kohesie verkry is. Volgens hulle is dit toe te skryf aan die ontoereikende en uiteenlopende konseptuele afgrensing van die begrip. Hierdie ontoereikende definiering van die begrip "*kohesie*" word daaraan toege- skryf dat dit 'n verwikkelde groepskwaliteit is. Lotz (1975, p. 36) skryf die verwikkelde aard van dié begrip daaraan toe dat dit op baie wyses manifesteer en dat verskillende komponente van kohesie tot dieselfde eindresultaat bydra. Joubert en Steyn (1972, p. 201)

is van mening dat die besondere kwesbaarheid van die term "groepsamehorigheid" geleë is in die feit dat

"... groepkohesie gebou is op verskillende persoonlikheids- en maatskaplike komponente (wat nie staties is nie en in hul wisselwerking onvermydelik wrywing opwek".

Die feit dat die term "groepsamehorigheid" so kwesbaar is, het aanleiding gegee tot die formulering van verskillende definisies wat uiteindelik op die sogenaamde dimensie-vraagstuk uitgeloop het. Die eendimensionele benadering, wat deur Festinger, Schachter en Back (Joubert en Steyn, 1965, p. 187) geformuleer is, definieer groepsamehorigheid as 'n funksie van tussenpersoonlike aangetrokkenheid tussen lede en affiliasie tot die groep.

Hagstrom en Selvin (1965, p. 35) onderskei twee dimensies van groepsamehorigheid, naamlik (1) sosiale bevreëdiging en (2) sosiometriesse kohesie. Volgens hulle kan die getal dimensies van 'n groep nie *a priori* bepaal word nie omdat dit afhang van die geskiedenis van die groep en die tipe situasie waarin dit funksioneer.

'n Aantal navorsers maak egter van die driedimensionele benadering gebruik en sien groepsamehorigheid as 'n funksie van (1) tussenpersoonlike aangetrokkenheid en affiliasie tot die groep, (2) samewerking en (3) gemotiveerdheid tot doelbereiking (Golembiewski, 1962, p. 151; Cartwright en Zander, 1968, p. 91-92; Scholtz, 1977, p. 174).

2.1 Groepsamehorigheid as tussenpersoonlike aange- trokkenheid

Volgens hierdie definisie word groepsamehorigheid ge-
definieer as 'n funksie van positiewe verhoudings
tussen lede, hoe tuis lede in die groep voel en hulle
gewilligheid om lid van die groep te bly. Die klem
val hier op die gevoelsdimensie, op die hou-van-mekaar
en aangetrokkenheid-tot-mekaar.

Die meerderheid navorsers aanvaar die definisie van Fes-
tinger et al. (Lotz, 1975, p. 37) as uitgangspunt:

*"Group cohesiveness is the resultant of all forces
acting on members to remain in the group".*

Die belangrikste krag wat lede beïnvloed om lid van
die groep te bly, is die mate waarin lede aangetrokke
tot die groep en tot mekaar voel. Seashore (1954,
p. 97) sluit by die kohesie-attraksie-definisie van
Festinger en sy kollegas aan:

*"... group cohesiveness is conceptualized as
attraction of members to the group in terms of
the strength of forces on the individual member
to remain in the group and to resist leaving the
group".*

Ook Bonner (1959, p. 66) en Olmsted (1959, p. 112)
gebruik die Festinger-definisie as vertrekpunt en be-
skryf kohesie as die totale veld van kragte wat op
lede inwerk om in die groep te bly. Cartwright en
Zander (1968, p. 91) kom tereg tot die slotsom dat:

*"... although different theorists attribute somewhat
different conceptual properties to the term, most*

agree that group cohesiveness refers to the degree to which the members of a group desire to remain in the group".

'n Aantal navorsers het die definisies van Festinger en sy kollegas bevraagteken en deur navorsing bewys dat daar bo en behalwe tussenpersoonlike aangetrokkenheid ook ander dimensies van groepsamehorigheid bestaan (Gross en Martin, 1952, p. 546-554; Roseborough, 1953, p. 275-303; Van Bergen en Koekebakker, 1959, p. 81-98; Eisman, 1959, p. 183-189; Golembiewski, 1962, p. 150). Om te beweer dat kohesie bloot die resultaat is van daardie kragte wat lede beïnvloed om lid van die groep te bly, verklaar nog nie voldoende wat kohesie presies is nie.

Te midde van hierdie uiteenlopende interpretasies van wat met "*groepsamehorigheid*" bedoel word, het Lott (1961, p. 275-286) met 'n verdere formulering, gebaseer op 'n teoretiese uitgangspunt, gekom. Sy het van die veronderstelling uitgegaan dat, ongeag die uniekheid van groepe, 'n groep altyd uit individue bestaan. Wanneer daar dus van die aantreklikheid of bekoorlikheid van 'n groep gepraat word, word eintlik die aantreklikheid wat die lede van die groep daaraan verleen, bedoel. Die moontlikheid dat die individu aangetrokke voel tot die groep op grond van groepsaktiwiteite of -doelwitte, het Lott nie verwerp nie. Trouens dit is heel moontlik dat daar 'n hoë positiewe korrelasie bestaan tussen (1) die aantreklikheid van die groep en (2) die aktiwiteite wat 'n groep beoefen,

maar volgens Lott is tussenpersoonlike aangetrokkenheid dié belangrikste faktor wat 'n groep aantreklik maak vir die individu. Op grond hiervan het Lott en Lott (1965, p. 259-309) groepsamehorigheid gedefinieer as daardie groepseienskap wat afgelei word van die positiese verhoudings tussen lede van 'n groep.

Samevattend verklaar Scholtz (1977, p. 172-173):

"'n Definisie wat groepsamehorigheid bloot sien as 'n funksie van interpersoonlike aangetrokkenheid, in terme van hou-van-mekaar, is eensydig en onvolledig. Dit steun te sterk op die gevoelsdimensie, en te min op handeling en funksie".

2.2 Groepsamehorigheid as samewerking en motivering

Ander navorsers beskou kohesie nie bloot as 'n funksie van aangetrokkenheid tussen lede nie, maar gaan verder en beklemtoon ook gekoördineerde koöperatiewe handeling en motivering tot doelbereiking as aspekte daarvan.

Golembiewski (1962, p. 150) byvoorbeeld, onderskei drie dimensies van groepsamehorigheid:

- (1) tussenpersoonlike aangetrokkenheid en lede se aangetrokkenheid tot die groep,
- (2) gekoördineerde optrede van groepslede, en
- (3) die gemotiveerdheid van lede om 'n taak doeltreffend te verrig.

Basies gaan dit hier om die mate waarin lede tot

mekaar en die groep aangetrokke voel, samewerking en lede se gemotiveerdheid tot doelbereiking.

Volgens Cartwright en Zander (1960, p. 72) moet groep= samehorigheidsdefinisië rekening hou met:

- (1) lede se aangetrokkenheid tot mekaar en tot die groep,
- (2) samewerking tussen lede, en
- (3) lede se gemotiveerdheid om deel te neem aan groepsaktiwiteite.

Shaw (1971, p. 192) ondersteun hierdie benadering. Volgens hom is daar drie betekenis wat aan die term "kohesie" gekoppel word:

- "(1) attraction to the group, including resistance to leaving it,*
- (2) morale, or the level of motivation evidenced by the group members, and*
- (3) coordination of efforts of group members".*

Uit bogenoemde definisië kan 'n paar duidelike afleidings gemaak word betreffende die kenmerke van samehorige groepe. Die mees opvallende kenmerke is dat lede van hoë samehorige groepe baie van mekaar en van die groep hou; dat daar 'n hoë mate van doeltreffende samewerking tussen lede in hoë samehorige groepe bestaan; en dat lede van samehorige groepe hoogs gemotiveerd is om die oogmerke van die groep te verwesenlik.

In ooreenstemming met bogenoemde, definieer Scholtz (1977, p. 174) groepsamehorigheid soos volg:

"Groepsamehorigheid is die funksie van positiwe verhoudinge tussen lede onderling, tussen lede en die groep, motivering tot doelbereiking en koöperasie".

Dit impliseer dat tussenpersoonlike aangetrokkenheid, aangetrokkenheid tot die groep, motivering en samewerking die hoofkomponente van groepsamehorigheid is.

Uit bogaande blyk dat groepsamehorigheid 'n verwikkelde verskynsel is wat inderdaad uit verskeie komponente of dimensies opgebou is. Die vernaamstes is tussenpersoonlike aangetrokkenheid, aangetrokkenheid tot die groep, samewerking en taakgemotiveerdheid. Vervolgens word meer breedvoerig op hierdie bepalers ingegaan.

3 BEPALERS VAN GROEPSAMEHORIGHEID

By die bestudering van die bepalers van groepsamehorigheid moet daar rekening gehou word met die hoofkomponente van groepsamehorigheid en hul onderlinge verwantskap. Scholtz (1977, p. 174) beweer dat 'n kennis van sodanige verwantskappe dit moontlik maak om die omvang van groepsamehorigheid te beheer sodat die groep die verlangde prestasie kan lewer. Met dit in gedagte word daar eerstens gelet op die bepalers van tussenpersoonlike aangetrokkenheid, tweedens op die bepalers van lede se aangetrokkenheid tot die groep en laastens op die rol wat samewerking en gemotiveerdheid speel in die ontwikkeling van kohesie.

3.1 Tussenpersoonlike aangetrokkenheid

Navorsers het 'n aantal faktore uitgesonder wat bepaal of persone van mekaar sal hou of nie.

3.1.1 Nabyheid, herhaaldelike blootstelling en aangetrokkenheid

Volgens Whyte en Festinger et al. is nabyheid een van die belangrikste bepalers van 'n vriendskapsverhouding (Morris, 1973, p. 535-537). Hoe nader mense aan mekaar woon, hoe meer kom hulle in kontak met mekaar, gesels hulle met mekaar en hoe meer hou hulle uiteindelik van mekaar (Homans, 1950, p. 112). Sherif en Sherif berig in 1953 'n studie waarin hul bevind dat vreemde seuns wat in 'n omgewing geplaas is waar hulle moes saamwerk, spoedig van mekaar gehou het (Sherif en Sherif, 1971, p. 228-266).

Herhaaldelike blootstellings lei na bekendheid en aangetrokkenheid. Dit is deur Zajonc (1968, p. 1-29) met behulp van foto's aangetoon. 'n Aantal foto's van ander mense is aan proefpersone getoon. Sommige van die foto's is op latere stadiums weer aan die proefgroep gewys. Hoe meer die proefpersone hierdie bepaalde gesigte waargeneem het, hoe meer aangetrokke het hulle tot die persone op die foto's gevoel. Aangetrokkenheid kan hiervolgens gesien word as die funksie van herhaaldelike blootstelling - aldus Zajonc. Daar bestaan 'n aantal ondersoeke wat hieraan steun gee (Perlman en Oskamp, 1971, p. 503-514; Brickman, Redfield, Harrison en Crandall, 1972, p.

31-44). Die studie van Burgess en Sales (1971, p. 461-472) berig teenstrydige resultate. Hulle vind dat in betreklik aantreklike situasies daar 'n positiewe verwantskap tussen blootstelling en aangetrokkenheid bestaan terwyl die teenoorgestelde waar is in afkerige situasies. Te midde van hierdie uiteenlopende bevindinge, het Saegert, Swap en Zajonc (1973, p. 234-242) op metodologiese swakhede in die Burgess-Sales studie gewys en het hulle navorsing die Zajonc-hipotese onderskryf.

Benewens nabyheid en bekendheid is daar ook ander faktore wat bepaal hoe toeganklik mense vir mekaar is, naamlik kleur- en rasseverskille, statusverskille, geleetherdheid, kommunikasievermoë, sindelikheid en insiklikheid (Scholtz, 1977, p. 177).

Samevattend: In die reël ken mense wat naby mekaar woon, mekaar beter en hou hulle meer van mekaar as mense wat ver van mekaar woon. Die rede hiervoor is dat nabyheid gunstige geleenthede skep vir meer dikwelse blootstelling, interaksie en kommunikasie tussen mense. Dit skep 'n gunstige klimaat vir vriendskappe om te ontwikkel. Nie slegs woongebiede nie, maar ook sport bied gulde geleenthede vir ontmoeting, kommunikasie en die ontwikkeling van vriendskappe.

3.1.2 Ooreenkomste en verskille

Benewens nabyheid en bekendheid speel ooreenstemmende gesindhede, norme, waardes, persoonlikheidseienskappe, voor- en afkeure, belangstellings en opvattinge 'n baie

belangrike rol in die ontwikkeling van vriendskapsverhoudings (Scholtz, 1975; p. 149). Morris (1973, p. 538) brei hierop uit:

"After we are in the presence of other persons, the perception of shared interests, attitudes, and values provides grounds for developing, sustaining and deepening the relationship".

Kortliks kom dit daarop neer dat die mens van ander hou wat net soos hy is. Die kognitiewebalansteorie van Heider, wat deur Newcomb verder ontwikkel is, bepaal dat lede met dieselfde belangstellings en gesindhede meer aangetrokke tot mekaar sal voel as lede wat van mekaar verskil (Cartwright en Zander, 1968, p. 99).

'n Mens vergelyk homself voortdurend met ander wat min of meer soos hy is en die gevolg is dat by sulke mense aangetrokkenheid ontwikkel (Festinger, 1954, p. 117-140; Zander en Havelin, 1960, p. 21-32). Hieruit kan afgelei word dat persone wat ooreenstemmend taakgemotiveerd of sosiaalgemotiveerd is, tot mekaar aangetrokke behoort te voel. Verder bevind Byrne (1961, p. 713-715) dat aangetrokkenheid toeneem by mense wat oor 'n saak saamstem. Daarenteen lei groot verskille in gesindheid tot negatiewe gevoelens en negatiewe waardering van mekaar. Klein verskilletjies lei egter nie noodwendig na 'n afname in aangetrokkenheid nie. Seashore (1954, p. 99) bevind dat geringe verskille in opvoedkundige kwalifikasies en leeftyd, wat geen bydrae lewer tot die prestasies van industriële werkers nie, weinig invloed uitoefen op lede se hou-van-mekaar. Groot verskille lei egter tot verwydering

tussen lede en uiteindelik 'n afname in samehorigheid.

Daar bestaan gevalle waar verskille tussen individue juis verantwoordelik is vir hulle aangetrokkenheid tot mekaar. Winch noem twee redes waarom suksesvolle vriendskappe en huwelike voorkom tussen persone met uiteenlopende persoonlikhede en behoeftes (Mann, 1971, p. 41). In die eerste plek vind die twee persone die verhouding lonend omdat albei se behoeftes bevredig word in die optrede van die ander persoon. Op dié wyse kan die onderdanige vrou en die baasspelerige man gelukkig saamleef. Tweedens voel persone aange-trokke tot persone met persoonlikheidseienskappe wat hulle begeer of probeer ontwikkel, maar nie besit nie. Dit blyk dat in sommige verhoudings en onder sekere toestande verskille in opvattings en persoonlikheid belangriker geag word as ooreenkomste tussen persone. Maar in die reël is ooreenkomste tussen mense se ge-sindhede, opvattings, persoonlikhede en waardes die deurslaggewende bepalers van onderlinge aangetrokken-heid.

3.1.3 Beloning en straf

Navorsing toon dat vriendskappe wat tot aangename ervarings lei, tussenpersoonlike aangetrokkenheid bevorder (Newcomb, 1956, p. 575-586). Gevolglik word die mate waarin individue van mekaar hou, onder andere bepaal deur die mate waarin wedersydse beloning voort-spruit uit interaksie met mekaar. Hoe meer dikwels en hoe groter die beloning, hoe sterker die vriendskaps-band (James en Lott, 1964, p. 111-115).

Exline vind in 'n studie op mansstudente dat waar positiewe konsekwensies soos sukses, vriendelike optrede en waardering na aangetrokkenheid lei, daar lei negatiewe konsekwensies soos straf, vrees en verleentheid na verwydering en vermydingsresponse (Scholtz, 1975, p. 149).

Ander navorsers het tussenpersoonlike aangetrokkenheid gedefinieer met betrekking tot die aantal belonings in verhouding tot die hoeveelheid straf wat ontvang word (Thibaut en Kelley, 1959, p. 42; Byrne, 1961, p. 713-715; Byrne, 1962, p. 164-177). Wat hierdie navorsers voorstaan, is dat tussenpersoonlike aangetrokkenheid nie berus op 'n alles-of-niks-beginsel waar een vorm van versterking die ander absoluut uitsluit nie. Twee persone kan nog van mekaar hou ten spyte van enkele gevalle van onaangenaamheid en verdeeldheid. Die enigste voorwaarde hieraan verbonde is dat die positiewe ervaringe voldoende moet kompenseer vir die onaangenaamheid wat ervaar word (Scholtz, 1975, p. 148). Mann (1971, p. 42) som dit so op:

"In brief, each partner is likely to pull out of the relationship unless its rewards exceed its costs".

3.1.4 Bekwaamheid en aangetrokkenheid

Bo en behalwe straf en beloning word bekwaamheid as 'n belangrike bepaler van tussenpersoonlike aangetrokkenheid beskou. Ervaring leer dat mense van persone of groepe hou wat op een of ander gebied presteer. Prestasies, kwalifikasies en karaktereienskappe van onder

andere sporthelde word waargeneem, bewonder en as ideale nagestreef. So het Bandura en Huston (1961, p. 311-318) gevind dat die individu geneig is om met andere waarvan hy hou, te identifiseer. Redl en Lip-pitt se studie lewer verder bewys dat kinders eerder die gedrag van gewilde en bekwame vriende en leiers naboots as dié van ongewilde en onbekwame vriende en leiers (McDavid en Harari, 1968, p. 350-351). Volgens Scholtz (1977, p. 179) verklaar dit in 'n sekere sin

"... waarom sporthelde verafgod word, en waarom skoonheidskoninginne gewild bly ...".

Die voorkoms van 'n persoon is 'n ander belangrike faktor wat tussenpersoonlike aangetrokkenheid beïnvloed. Sigall en Aronson (1969, p. 93-100) vind 'n beduidende verwantskap tussen liggaamlike aantreklikheid en tussenpersoonlike aangetrokkenheid. Mans voel meer aangetrokke tot mooi vroue as onaantreklike vroue.

Bekwaamheid en fisiese aantreklikheid is twee belangrike faktore in die waardering van 'n persoon. 'n Mens voel meer aangetrokke en hou meer van 'n aantreklike en bekwame persoon.

3.2 Aangetrokkenheid tot groepe

Benewens tussenpersoonlike aangetrokkenheid, is aangetrokkenheid tot groepe 'n belangrike bepaler van kohesie. Wat vasgestel moet word, is waarom mense tot sekere groepe aangetrokke voel terwyl ander groepe hulle koud laat en afstoot.

Navorsing het twee faktore, wat lede se aangetrokkenheid tot 'n groep positief of negatief beïnvloed, uitgewys:

- (1) spesifieke behoeftes van elke lid; en
- (2) sekere eienskappe van die groep soos byvoorbeeld die doelstellings, program, aktiwiteite en die sosiale omgewing waarbinne die groep bestaan.

Die behoeftes van lede en die aard van die groep bepaal of lede van die groep sal hou en of daar 'n hegte groepsgees aanwesig sal wees, al dan nie.

3.2.1 Behoeftes van lede

Mense behoort aan groepe omdat van hul behoeftes deur die groep bevredig word (Ross en Zander, 1957, p. 327-338; Cartwright en Zander, 1968, p. 95-98). Groepe kan op verskeie maniere die individuele behoeftes van lede bevredig: dit kan aan lede sekere inligting aangaande hul omgewing gee; dit kan sekere aspekte van die werklikheid wat vir die individu ter sake is, skep; dit kan bepaalde aspekte van die fisiese en maatskaplike omgewing wat vir die individu belangrik is, beheer; die groep kan in lede se behoefte na affiliasie en toegeneentheid voorsien; en dit kan individue beskerm. Hoe doeltreffender die groep hierdie behoeftes bevredig, hoe groter sal die groepsamehorigheid wees (Seashore, 1954, p. 11-13).

Die individu sluit by 'n groep aan met 'n spesifieke oogmerk, waaronder die soeke en strewe na aanvaarding,

liefde, affiliasie, veiligheid, status, gewildheid, prestasie, kommunikasie en die bereiking van 'n bepaalde doelwit, ressorteer (Scholtz, 1977, p. 180). Die rede waarom 'n persoon by 'n groep aansluit, spruit voort uit sy bepaalde behoeftes en dit staan bekend as die individu se motiefbasis vir aangetrokkenheid (Cartwright en Zander, 1968, p. 96).

Lede se aangetrokkenheid tot 'n groep berus op die individu se waardebepalings van die positiewe en negatiewe konsekwensies wat lidmaatskap vir hom inhou. Simon, Smithburg en Thompson som dit so op:

"Each participant will continue his participation in an organization only so long as the inducement offered him are as great or greater (measured in terms of his values and in terms of the alternatives open to him) than the contribution he is asked to make" (Cartwright en Zander, 1968, p. 95-96).

Thibaut en Kelley (1959, p. 21-24) brei hierop uit en stel dat 'n groep vir die individu al hoe aantrekliker sal word namate die verwagtings wat hy koester ten opsigte van dit wat die groep hom sal bied, verwesenlik word. Hieruit volg dat indien 'n persoon by 'n groep of 'n klub aansluit om in sekere van sy persoonlike behoeftes te voorsien en hierdie behoeftes sou in die loop van tyd verander, die aantreklikheid van die groep vir hom sal afneem, tensy die groep van so 'n aard is of self sodanig verander dat dit in staat is om in die nuwe behoeftes te voorsien. Andersyds, as die lid se behoeftes konstant bly maar die aard van die groep verander deur byvoorbeeld wysigings in die program,

te hoë eise wat dit aan die individu stel, die gesag=struktuur, ensovoorts, kan die groep se vermoë om in die behoeftes te voorsien, sodanig verminder dat dit alle aantreklikheid vir hom verloor. Lede koester positiewe verwagtings oor wat die groep hulle sal bied. Voldoen die groep nie aan hierdie verwagtings nie, ontstaan teleurstelling en verwydering.

'n Ander bepalende faktor is die individu se geneigd=heid om vorige groepe se voordele te vergelyk met die voor en nadele wat lidmaatskap in die nuwe groep inhou. Thibaut en Kelley (1959, p. 21) definieer 'n persoon se vergelykingsvlak as volg:

"... it is some modal or average value of all the outcomes known to him (by virtue of personal or vicarious experience), each outcome weighted by its salience".

Dit dui op die individu se voorstelling van wat lid=maatskap, in vergelyking met ander groepe, moontlik inhou. So het lede wat aangename ondervindinge as ander lede in vorige groepe beleef het, 'n hoër vergelykings- en verwagtingsvlak met betrekking tot dit wat die groep hulle kan bied. Bied die groep meer as wat in vorige groepe ontvang is, is lede tevrede. Die omgekeerde is egter ook waar.

Uit die voorafgaande blyk dat die aantrekkingskrag wat 'n groep vir sy lede het, verband hou met die bevrediging van groepslede se individuele behoeftes. Goldman (1952, p. 15) stel die bevrediging van individuele behoeftes as kriterium vir groepkohesie:

"It is assumed that a group will tend to be cohesive when opportunities are present for satisfying individual motives".

Bonner (1959, p. 66) beskou eweneens die bevrediging van individuele behoeftes as 'n relevante komponent van groepkohesie:

"Group cohesiveness takes place in part because groups satisfy needs and motives which cannot be realized in isolation".

Samevattend: 'n Groep se aantrekkingskrag vir 'n persoon berus op vier veranderlikes:

- (1) motiefbasis vir aangetrokkenheid - behoeftes van die individu wat die rede vir lidmaatskap onderlê;
- (2) verwagtingsvlak - lede se waarneming van die mate waarin die groep in hul behoeftes kan voorsien;
- (3) vergelykingsvlak - die individu se voorstelling van wat lidmaatskap in vergelyking met vorige ondervindinge in groepe, moontlik inhoud; en
- (4) eienskappe van die groep - die groep se oogmerke, programme, kenmerke en aktiwiteite.

3.2.2 Eienskappe van groepe

Daar is verskeie groepseienskappe wat bepaal of lede tot groepe aangetrokke voel, of daar groepsolidariteit bestaan, en hoe suksesvol groepe funksioneer en kompeeteer (Cartwright en Zander, 1968, p. 98-103). Die groepseienskappe waarna verwys word en vervolgens

bespreek word, is: groepsklimaat, grootte van die groep, interaksie en kommunikasie, groepsnorme en ooreenstemming, die aard van groepsaktiwiteite, doelwitte van die groep, tipe leierskap en status van die groep.

3.2.2.1 Groepsklimaat

Elke groep het 'n eie kenmerkende atmosfeer of klimaat. Sommige groepe se klimaat is saaklik; onpersoonlik en koud; ander word gekenmerk deur 'n spontane, vriendelike en warm atmosfeer; in nog ander groepe mag daar 'n atmosfeer van kilheid, spanning en agterdog teenoor vreemdelinge of lede heers.

Oor die algemeen is groepe met 'n warm, toegeneë en vriendelike atmosfeer meer aantreklik vir lede as groepe met 'n onvriendelike en koue atmosfeer (Bovard, 1951b, p. 521-528; Haythorn, 1953, p. 276-284). Lede voel ook meer tuis in groepe waar die atmosfeer hartlik is en hul bydrae waardeer word. Daarenteen voel lede onwelkom en ontuis in groepe waarin hulle kil en afsydig behandel word. In ooreenstemming hiermee bevind Dittes (1959, p. 77-82) dat lede wat onder die indruk verkeer dat hulle hoogs aanvaarbaar vir medegroepslede is, meer aangetrokke tot die groep voel as lede wat van mening is dat hulle deur die groep verwerp word. Ook op die terrein van die kliniese psigologie bevind Yalom en Rand dat 'n warm, hegte groepsklimaat 'n belangrike voorwaarde vir suksesvolle groeps terapie is (Lawliss en Klein, 1973, p. 807-812).

Verwerping lei tot die negatiewe evaluering van 'n groep, 'n onverskillige dislojale houding, tot kliekvorming en uiteindelik die beëindiging van lidmaatskap. Kliëks op hulle beurt ondermyn die solidariteit van die groep en beïnvloed die groepsklimaat en die produktiwiteit van die groep negatief (Davis, 1963, p. 444-462; House, 1966, p. 31). Daarenteen lei aanvaarding van 'n lid deur 'n groep tot lojaliteit, verhoogde samehorigheid en beter samewerking tussen lede.

3.2.2.2 Groepsgrootte

Benewens 'n groep se klimaat het verskeie ondersoeke getoon dat 'n span of groep se samehorigheidsgees deur die aantal lede in die groep beïnvloed word (Shaplin=skii, 1972, p. 321; Smith, 1974, p. 25; Marshall en Heslin, 1975, p. 952-961). Dit blyk dat kleiner groepe oor 'n sterker "ons"-gevoel beskik as groter groepe. Die rede hiervoor is dat lede in kleiner groepe meer kommunikeer, mekaar vinniger en meer intiem leer ken en gevolglik gouer tuis en samehorig voel. In groot groepe kwyne groepsamehorigheid as gevolg van ontoereikende kommunikasie en interaksie tussen lede (Indik, 1965, p. 339-350). Groepslede bly vreemdelinge vir mekaar en voel daarom nie so aangetrokke tot mekaar en die groep nie.

Porter en Lawler (1965, p. 23-51) se navorsing ondersteun bogenoemde bevindinge. Hulle resultate toon dat nadat fabriëke hulle werkseenhede en departemente se ledetal uitgebrei het, daar 'n toename in konflik en afwesigheid voorgekom het. Terselfdertyd was daar

'n merkbare afname in die groepsamehorigheid.

In 1954 het Seashore oor die 200 industriële werks-groepe in hul werksomgewing bestudeer en gevind dat kleiner groepe meer samehorig en meer produktief is as groter groepe.

Nelson en Berry (1962, p. 63-71) daarenteen het geen beduidende verwantskap tussen kohesie en die grootte van weermagpeletonne gevind nie. Dog dui die meerderheid studies daarop dat kleiner groepe meer samehorig en meer suksesvol is as groter groepe.

3.2.2.3 Interaksie en kommunikasie

Die aantreklikheid van 'n groep vir sy lede word verder beïnvloed deur die mate van interaksie en kommunikasie tussen lede. In die reël lei 'n toename in interaksie en kontak tussen groepslede na intiemer vriendskapsverhoudings, groter respek en begrip vir mekaar se gevoelens en beter samewerking (Homans, 1950, p. 112; Bonner, 1959, p. 86). In ooreenstemming hiermee verklaar House (1966, p. 31):

"The attractiveness of a group appears to increase ... in direct proportion to increases in interaction between group members".

Ander studies bewys dat 'n toename in groepsamehorigheid 'n toename in kommunikasie en produktiwiteit tot gevolg het (Lott en Lott, 1965, p. 259; Cartwright en Zander, 1968, p. 104).

Toenemende interaksie tussen groepslede lei tot verhoogde kommunikasie, wat groter onderlinge aangetrokkenheid en groepsamehorigheid tot gevolg het (Festinger, 1951, p. 152-163). Lott en Lott (1962, p. 408-412) vind 'n korrelasie van 0,42 tussen groepsamehorigheid en die omvang van kommunikasie. Dit dui op 'n statisties geldige verwantskap tussen die graad van samehorigheid en die omvang van kommunikasie in 'n groep. Newcomb (1956, p. 575) vind eweneens steun vir die hipotese dat in soverre kommunikasie vir lede lonend is, hulle aangetrokkenheid tot mekaar met die frekwensie van kommunikasie sal toeneem. Uit die aangehaalde studies kan afgelei word dat kohesie en kommunikasie met mekaar verband hou: verhoogde kommunikasie dra by tot verhoogde groepkohesie.

Festinger en Kelley wys daarop dat kommunikasie en interaksie tussen lede aangenaam moet verloop anders lei dit tot verwydering tussen lede en tot 'n afname in groepsamehorigheid (Cartwright en Zander, 1968, p. 96-98). Bovard (1951b, p. 521-528) verklaar in dié verband dat lede meer aangetrokke voel tot groepe waarin interaksie tussen lede gekenmerk word deur 'n vriendelike atmosfeer. Indien daar onmin en vyandigheid tussen groepslede voorkom, lei dit tot individualistiese optrede en verlaagde kohesie (Theodorson, 1962, p. 58). Dunn en Goldman vind dat indien konflik tussen lede tot onderlinge kompetisie in die groep lei, daar ontwykende kommunikasie plaasvind met die gevolg dat vermyding en uiteindelik 'n afname in aangetrokkenheid voorkom (Scholtz, 1977, p. 183).

Uit bogaande uiteensetting blyk dat daar 'n positiewe verwantskap tussen kohesie en die aard en omvang van kontak en kommunikasie bestaan. Shaw (1971, p. 197) som dit as volg op:

"Members of high-cohesive groups communicate with each other to a greater extent, and the content of group interaction is positively oriented. Members of high-cohesive groups are cooperative, friendly, and generally behave in ways designed to promote group integration, whereas low-cohesive group members behave much more independently, with little concern for others in the group".

3.2.2.4 Groepsnorme en konformiteit

Kommunikasie in 'n groep dien verder as inligtingsbron vir groepslede insake die spesifieke reëls, standaarde, waardes en gebruike in 'n groep (Thibaut en Kelley, 1959, p. 246). Die reëls en regulasies van die groep bepaal grootliks die beweegruimte wat 'n groep vir sy lede gun. Nie alleen is die individu se vryheid 'n belangrike oorweegrede vir groeplidmaatskap nie, maar dit is ook 'n belangrike bepaler van aangetrokkenheid (Scholtz, 1977, p. 184). Die druk om te konformeer aan die verwagtings, standaarde en norme in 'n groep kan lidmaatskap so veeleisend maak dat vrye individuele optrede buite die groep tot 'n minimum beperk word. Dit het tot gevolg dat die valens van die groep vir die individu verminder (Ross en Zander, 1957, p. 327-338).

Dit blyk verder dat meer samehorige groepe groter druk

op lede utoefen om te konformeer as minder samehorige groepe (Back, 1951, p. 9-23). In samehorige groepe aanvaar lede hierdie groepsdruk spontaan en indien 'n lid daarteen rebelleer, kan dit lei tot verwerping van die lid deur die groep. In nie-kohesiewe groepe lei beperkinge wat die groep op die individu plaas tot opstand en verwydering. Schachter, Ellerston, McBride en Gregory (1951, p. 229-238) vind:

"... the more cohesive groups do reject the non-conformer more than the less cohesive groups".

In 'n eksperimentele ondersoek vind Grossack dat die druk om te konformeer meer voorkom in koöperatiewe groepe as in tussen-individuele kompetisie-groepe (Scholtz, 1977, p. 183). Ook Deutsch (1949a, p. 129-152; 1949b, p. 199-231) verklaar dat lede van koöperatiewe groepe meer geraak word deur wat ander lede dink en sê as lede in groepe wat onderling kompeteer. Samewerking lei dus tot ooreenstemming; kompetisie daarenteen tot individualistiese optrede.

Aansluitend hierby vind 'n aantal navorsers dat lede se bereidwilligheid om te konformeer, toeneem namate die groepsamehorigheid verhoog. Hoe groter die groepsamehorigheid en aantrekkingskrag van die groep, hoe meer is lede geneë om aan groepsnorme te konformeer (Bovard, 1951a, p. 389-405; Berkowitz, 1954, p. 509-519; Seashore, 1954, p. 65-69; Thibaut en Strickland, 1956, p. 115-129; Brehm en Festinger, 1957, p. 85-91). Lott en Lott (1962, p. 408-412) vind 'n korrelasie van 0,54 tussen groepsamehorigheid en eensgesind-

heid van opinie tussen groepslede. Ooreenstemmend hiermee bevind Kinoshita (1964, p. 848) dat hoe meer 'n persoon van die groep en sy aktiwiteite hou, hoe meer verander sy persoonlike opinie na die opinie van die groep. Dus: hoe meer aangetrokke 'n lid tot die groep voel, hoe meer sal so 'n lid hom onderwerp aan die norme en standarde van die groep. Hoe meer samehorig die groep, hoe meer bereidwillig om te konformeer. Smith (1974, p. 30) vat dit as volg saam:

"... a high degree of cohesion could mean mass conformity".

'n Klein aantal navorsers het egter geen statistiese beduidende verwantskap tussen kohesie en konformiteit gevind nie (Downing, 1958, p. 157-166; Moran, 1965, p. 465-466; Jovick, 1972, p. 404-406).

Die meerderheid bevindinge dui egter daarop dat lede van samehorige spanne in 'n groter mate aan groepsnorme konformeer en ook gretiger is om groepsnorme te beskerm as lede van nie-kohesiewe groepe. Cartwright en Zander (1968, p. 105) som die verwantskap tussen kohesie en konformiteit as volg op:

"The greater a groups cohesiveness the more power it has to bring about conformity to its norms, and to gain acceptance of its goals and assignment to task and roles".

3.2.2.5 Groepsaktiwiteite en aangetrokkenheid

Die aantreklikheid van 'n groep vir sy lede berus onder andere ook op die aktiwiteite wat in die groep beoefen word. Goldman (1952, p. 20) stel die aantreklikheid

van groepsaktiwiteite as kriterium vir groepkohesie:

"The more the tasks performed by the various members of the group are shared by other members of the group, the more cohesive the group".

Vind lede deelname aan aktiwiteite aangenaam, verhoog hul aangetrokkenheid tot die groep en lei dit tot 'n sterker samehorigheidsgees (Robbins, 1966, p. 2145).

Aangetrokkenheid tot die aktiwiteite mag verder een van die redes of motiewe wees waarom 'n persoon tot 'n bepaalde span of groep toetree. Vir die individu dien die groep se aktiwiteite as middel vir die bevrediging van eie behoeftes. Bevredigende groepsaktiwiteite is verder volgens Katz en Kahn 'n primêre komponent van totale groepsbevrediging (Cartwright en Zander, 1968, p. 101). Groepsaktiwiteite wat lede stimuleer, waarin hul sukses behaal en waaruit hul bevrediging put, lei tot verhoogde kohesie in basketbalspanne (Martens en Peterson, 1971, p. 49-61).

Straub (1975, p. 125-133) vind eweneens dat lede van samehorige sportspanne met groter oorgawe en gemotiveerdheid aan groepsaktiwiteite deelneem as lede van nie-kohesiewe spanne.

Uit die aard van die saak bring lidmaatskap ook sekere verantwoordelikhede en verpligtinge mee. Uit die navorsingsresultate van Horwitz en Lee (1954, p. 201-210) blyk dat wanneer 'n groep te hoë eise aan 'n lid stel, die aantreklikheid van die groep vir hom afneem. Blyk dit dat 'n persoon nie bekwaam genoeg is om 'n sekere taak uit te voer nie, word deelname aan

die groep se bedrywighede vir hom 'n verleentheid. Dit lei uiteindelik tot 'n afname in die aantreklikheid van die groep vir die individu (Coch en French, 1948, p. 512-532; Stotland, 1959, p. 71-80). Indien groeps=aktiwiteite so veeleisend is dat dit 'n lid se buite=aktiwiteite beperk, kan die aantreklikheid van die groep vir die individu verminder (Ross en Zander, 1957, p. 327-338).

Hieruit blyk dat groepsamehorigheid en groepsaktiwiteite mekaar wedersyds beïnvloed: hoe meer samehorig die groep, hoe meer gemotiveerd is lede om aan groeps=aktiwiteite deel te neem; hoe aantrekliker die aktiwiteite van die groep vir sy lede, hoe meer samehorig die groep. Samevattend verklaar Straub (1975, p. 126):

"... high cohesive team members are more strongly motivated to contribute to the team's welfare, to advance its goals and to participate in its activities".

3.2.2.6 Groepsdoelwitte en aangetrokkenheid

'n Ander belangrike bepaler van 'n groep se aantreklikheid vir sy lede is die doelwitte of oogmerke wat 'n groep nastreef (Cartwright en Zander, 1968, p. 99-100). Om bepaalde oogmerke en ideale te bereik, is dit noodsaaklik om aan 'n groep te behoort. 'n Groep se doelwitte mag dus die rede of motief wees waarom iemand lid van 'n bepaalde groep of span is. Spesifieke groepsdoelwitte hou onder andere ook die voordeel in dat dit lede met dieselfde belangstellings in een groep saambind. Enersyds bevorder dit suksesvolle

doelwitbereiking en andersyds lei dit tot verhoogde tussenpersoonlike aangetrokkenheid en aangetrokkenheid tot die groep.

Dit wil voorkom asof 'n duidelike plan van aksie of strategie 'n belangrike voorwaarde is in die bereiking van 'n groep se doelwitte. In 'n eksperimentele studie vind Raven en Rietsema (1957, p. 29-44) dat die rede vir onderlinge konflik en verskille tussen groepslede onder meer opgesluit lê in groepslede se onsekerheid oor hoe 'n doelwit bereik moet word. Sulke onsekerheid lei uiteindelik tot 'n negatiewe evaluering van die groep. Uit die studie van Anderson (1975, p. 68-75) blyk dat taakgerigte groepe wat 'n duidelike plan van aksie het, meer samehorig is as groepe waarin lede twyfel oor hoe die groep se oogmerke verwesenlik kan word. Onsekerheid of verskille in die oplossing van 'n probleem of die bereiking van 'n groepsideaal lei soms tot onttrekking aan groepsaktiwiteite deur lede (French, 1941, p. 361-377). Hinton en Reitz sluit hierby aan:

"We believe that the perception of a clear group goal and a clear path toward that goal tends to draw the individual into the group" (Lotz, 1975, p. 61).

Lede se gemotiveerdheid om groepsdoelwitte te bereik, word verder beïnvloed deur hul vertroue in die groep of maatskappy waaraan hul behoort. Hepner vind dat kohesiewe maatskappye wat hul werkers se belange op die hart dra 'n groter omset toon as nie-kohesiewe

maatskappye wat hul werkers se probleme en behoeftes as iets minder belangriks beskou of dit selfs ignoreer (House, 1966, p. 29). Verder blyk dit dat werkers wat daarvan oortuig is dat die maatskappy hul in staat stel om hul persoonlike ideale te bereik, bereid is om groter opofferinge vir die maatskappy te maak as werkers wat hul bestuur in die verband wantrou. Die studie van Seashore (1954, p. 99-102) lewer bewys dat kohesiewe groepe hul lede kan motiveer om enige doelwit wat die groep voorstaan, hetsy positief of negatief, na te streef. Indien die groep se doelwit hoë produktiwiteit is, sal groepslede 'n hoë produksie lewer; is die lede vyandig gesind teenoor die groep lewer die lede swak werk, wat 'n laer produksie tot gevolg het. Samehorige groepe konformeer dus in 'n groter mate aan groepsdoelstellings as nie-samehorige groepe (Schachter et al., 1951, p. 229-238; Berkowitz, 1954, p. 509-519).

Ten spyte van enkele teenstrydige bevindinge toon die meerderheid studies dat suksesvolle doelbereiking, groepsamehorigheid bevorder (Myers, 1962, p. 325-332; Klein en Christiansen, 1969, p. 397-408; Sherif en Sherif, 1971, p. 228-266). Martens en Peterson (1971, p. 49-61) vind dat samehorige basketbalspanne meer suksesvol is as nie-samehorige basketbalspanne. Suksesvolle doelbereiking stimuleer aangetrokkenheid tussen lede en groepsamehorigheid. Daarteenoor, as die groep telkens misluk, ontstaan frustrasie en raak die groep minder gewild sodat die solidariteit van die groep verbrokkel. Smith (1974, p. 27) som die ver-

skynsel as volg op:

"If a person finds out that they'll never achieve their goal because of inefficiency in the group, poor leadership, friction, lack of money, or some other reason, he'll become less attracted to it".

3.2.2.7 Leierskap en aangetrokkenheid

Daar bestaan bewyse dat 'n groep se aantreklikheid beïnvloed word deur die aard van sy leierskap. Demokratiese leierskap wat lede se deelname aan groepsbesluite aanmoedig, dra by tot 'n hegte groepsamehorigheid. Daarenteen lei outoritêre leierskap, waar leiers besluite en opdragte afdwing deur middel van reëls en regulasies, tot 'n afname in groepsamehorigheid. Lewin, Lippitt en Escalona vind dat kinders in demokratiese groepe meer aangetrokke tot mekaar voel as kinders in outokratiese groepe (Theodorson, 1962, p. 57). White en Lippitt bevind eweneens dat lede van demokratiese groepe meer geneë is om saam te werk en meer van mekaar en die groep hou as lede wat outoritêre bevale ontvang en dit moet uitvoer (McDavid en Harari, 1968, p. 281-284). Demokratiese groepe word ook gekenmerk deur 'n vriendelike, hartlike atmosfeer en samewerking tussen lede. Die resultaat is hoë groepsamehorigheid (Shaw en Shaw, 1962, p. 453-458).

Die invloed van die leier in kohesiewe groepe is betreklik groot. Fiedler en Meuwese (1963, p. 83-87) vind dat militêre leiers hoë kohesiewe groepe se ge-

drag direk beïnvloed. Daarenteen is leiers van minder kohesiewe groepe se invloed geringer en meer organisatories van aard. Vir die leier van hoë samehorige groepe is dit moontlik om groepprestasies te beïnvloed deur direk tot die oplossing van die probleem by te dra.

"Woorde wek, maar voorbeelde trek", lui die spreekwoord. Leiers wat aktief betrokke is by die beplanning en uitvoering van 'n taak dwing meer respek en lojaliteit by groepslede af as leiers in 'n toesighoudende hoedanigheid (Preston en Heintz, 1949, p. 345-355). Dit het tot gevolg dat lede bereid is om die leier se voorbeeld na te volg - hetsy hoë produksie of sloerstaking.

Morse en Reimer (1956, p. 120-129) het die verwantskap tussen lede se deelname aan groepsbesluite en aangesigstriktheid tot die groep, bestudeer. Daar is gevind dat groepe wat selfstandig besluite neem, meer aangesigstrikke tot die maatskappy voel as lede wat outoritêre opdragte ontvang en dit bloot moet uitvoer.

Selfstandige besluitneming is egter nie die enigste voorwaarde vir hoë groepsamehorigheid nie. Suksesvolle doelbereiking en beloning van lede deur die leier verhoog die aantreklikheid van die groep vir sy lede. Die mate van bevrediging wat lede put uit deelname en belonings wat hy ontvang, neutraliseer die opofferinge wat lede moet maak (Joubert en Steyn, 1965, p. 249-250).

Samevattend: Die groepleier (dit kan die afrigter, spanbestuurder, kaptein of onderwyser wees) oefen 'n positiewe of 'n negatiewe invloed uit op 'n span of groep se klimaat, die gemotiveerdheid van lede om te presteer en die mate van sukses wat bereik word. Navorsing lewer bewys dat demokratiese leiers wat deelname aan groepsaktiwiteite en besluite aanmoedig, die aktiwiteite van die groep koördineer, en saamwerk in die bereiking van die groepsideaal, groot agting en vertroue by groepslede inboesem. Dit stel die leier in staat om die groep in 'n hegte eenheid saam te snoer.

3.2.2.8 Groepstatus en aangetrokkenheid

Die aantreklikheid van 'n groep word onder andere ook bepaal deur die groepstatus. Hoe groter die groep se status, hoe meer aangetrokke voel lede tot die groep en hoe sterker die samehorigheidsgevoel in die groep (Back, 1951, p. 9-23; Olmsted, 1959, p. 112). Deur status aan groepslede toe te ken, word die aantreklikheid van die groep vir sy lede verhoog (Kelley, 1951, p. 39-56; Cartwright en Zander, 1960, p. 82). Jackson (1959, p. 307-327) vind in dié verband dat persone met hoë aansien meer aangetrokke tot die groep voel as lede met 'n minderwaardige status. 'n Leier wat sy lede se opofferinge beloon en elke lid se bydrae na verdienste aanslaan, skep gevolglik 'n gunstige groeps-klimaat waarbinne lede gelukkig is en groepsamehorigheid kan groei.

'n Groep se status is ook afhanklik van hoe suksesvol

hy is. Hoe meer suksesvol die groep, hoe hoër sy status en hoe groter die bevrediging wat lede uit lidmaatskap verkry (Scholtz, 1977, p. 188). Die gevolg is 'n verhoogde aangetrokkenheid tot die groep.

Groepslede hou meer van lede met 'n hoë status as van lede met 'n laer status as hul eie (Dunphy, 1969, p. 107). Harvey en Consalvi (1960, p. 182-187) vind dat hoe hoër 'n spanmaat se status in 'n span is, hoe groter invloed het hy op die oordeel van lede. Lippitt, Polansky, Redl en Rosen (1952, p. 37-64) vind dat persone met hoë status (afrigters, leiers, voormanne, onderwysers) se voorbeeld eerder nagevolg word as persone met 'n ewe hoë of laer status. Leiers met hoë aansien bevorder dus die aantreklikheid van die groep vir sy lede. Die mate van sukses wat die groep behaal en die aansien van mede groepslede en leiers bepaal grootliks die status van die groep. Hoe hoër die status, hoe aantrekliker die groep vir sy lede en hoe hoër die groepsamehorigheid.

3.3 Samewerking, kompetisie en groepsamehorigheid

'n Verdere belangrike komponent van groepsamehorigheid is die gekoördineerde optrede van lede in 'n groep. Daar is gevind dat groepe waarin lede saamwerk ten einde 'n gemeenskaplike doelwit te bereik, meer samehorig is as groepe waarin lede onderling kompeteer (Olmsted, 1959, p. 112; Pack en Richard, 1975, p. 86). Met behulp van sosiometriese skale en groepsamehorigheidsvraelyste het Furuhashi (1965, p. 628) samewerkende

en kompeterende groepe se samehorigheid gemeet. Daar is bevind dat groepe waarin lede saamwerk meer samehorig was as groepe waarin lede onderling teen mekaar gewedwyer het. Dit blyk dat samehorige groepe saamwerk terwyl nie-samehorige groepe 'n meer kompeterende groepsklimaat vertoon.

Daar is resultate wat toon dat lede 'n samewerkende groepsklimaat verkies bo een waar lede onderling wedwyer (Cartwright en Zander, 1960, p. 82; House, 1966, p. 31; Deutsch, 1968, p. 451-482). Ook Phillips en D'Amico (1956, p. 65-70) bevestig dat samewerking in groepe vir lede meer aanvaarbaar is as mededinging en dat samehorigheid toeneem in groepe waarin lede saamwerk; in groepe waarin lede onderling meeding, het die kohesie konstant gebly.

Fulcher en Perry (1973, p. 795-800) bevind dat samewerking binne heterogene groepe aangetrokkenheid bevorder, ongeag die feit of daar vooraf vooroordele en negatiewe gesindhede tussen Blanke-Australiese kinders en Nie-Blanke Inboorlingkinders bestaan het.

Samewerking binne 'n groep dra by om kohesie te bevorder; kompetisie binne 'n groep laat samehorigheid egter afneem. Kompetisie tussen groepe, dit wil sê waar lede van een groep saamwerk om teen 'n ander groep te kompeteer, soos in sport, lei daartoe dat kohesie binne die groepe toeneem (Fiedler, 1954, p. 381-388; Pepitone en Kleiner, 1957, p. 192-199; Shaw, 1958, p. 155-169; Bormann, 1969, p. 148). Wilson en

Miller (1961, p. 428-431) vind na periodieke evaluering dat groepe waarin lede saamwerk om buite-groepe te oortref, meer samehorig is as groepe waarin lede onderling met mekaar wedywer. Frankenburg en Rose vind eweneens dat tussengroepkompetisie en konflik sterker solidariteit tussen groepslede teweegbring (Alderman, 1974, p. 103). Ook wat spansport betref, bevorder tussen-groepkompetisie spansamehorigheid. Bormann (1969, p. 148) verklaar in die verband:

"One of the strong forces for developing cohesion in athletic teams is the fact that they are competing with other teams".

'n Verklaring hiervoor is dat die gemeenskaplike bedreiging, te wete die vyand of teenstander, die groep of span in 'n hechter eenheid saamsnoer. Navorsing ondersteun die eksterne bedreiging/interne-kohesie-hipotese, naamlik dat eksterne bedreiging en konflik na 'n toename in kohesie binne die bedreigde groep/e lei (French, 1941, p. 361-377; Thibaut, 1950, p. 251-278; Sameuls, 1966, p. 1123-1124; Stein, 1976, p. 149-159). Stein (1976, p. 149-159) wys egter daarop dat die gelidigheid van die hipotese afhanklik is van sekere kwalifikasies. Die bedreiging moet werklik bestaan en die hele groep bedreig; elke lid moet die gevaar as 'n bedreiging ervaar; die groep moet besef dat slegs deur saam te werk die bedreiging afgeweer kan word; en laastens moet daar 'n kans op sukses bestaan. Gebeur dit dat die bedreigdes hul magteloosheid teen die gevaar besef, verbrokkel die groep; blyk dit egter dat gesamentlike optrede die bedreiging kan afweer, verhoog kohesie.

Bedreiging veroorsaak angs en spanning. Volgens Letané, Eckman en Joy lei dit tot wedersydse aangetrokkenheid tussen groepslede (Scholtz, 1977, p. 193). Myers (1962, p. 325-332) het deur middel van kompetisie, spanning in skyfskietspanne bewerkstellig. Lede van samewerkende-kompeterende skietspanne het meer van mekaar gehou as lede van samewerkende en nie-kompeterende spanne. Selfs wanneer kompeterende spanne weinig sukses behaal het, was hul meer samehorig as nie-kompeterende spanne. Spankompetisies is dus 'n vorm van bedreiging wat spanning en uiteindelik 'n groter mate van aangetrokkenheid tot gevolg het. Hoe gedugter die opponent en hoe belangriker die uitslag van die kompetisie, hoe groter die bedreiging, hoe hoër die spanning en hoe sterker die spanlede se identifikasie met die in-groep. Bedreiging as gevolg van kompetisie lei dus tot beter samewerking en groter kohesie in 'n span.

Die volgende kan uit bogaande bevindinge afgelei word: samewerkende groepe is meer gesog en meer samehorig as mededingende groepe; tussengroepkompetisie is 'n vorm van bedreiging wat spanning tot gevolg het; tussengroepkompetisie lei tot verhoogde tussenpersoonlike aangetrokkenheid, beter samewerking en groter groepsamehorigheid.

3.4 Motivering en groepsamehorigheid

Soos in die voorafgaande definisie aangedui, is lede se gemotiveerdheid tot doelverwesenliking een van die

hoofkomponente van groepsamehorigheid. Lede se gemotiveerdheid tot deelname aan groepsaktiwiteite word enersyds beïnvloed deur die groep se eienskappe (waaronder kwaliteite ressorteer soos groepsklimaat, tipe leierskap, aard van groepsaktiwiteite, status van die groep, grootte en in welke mate 'n groep samewerkend of mededingend ingestel is) en andersyds deur lede se motiefbasis vir groeplidmaatskap (Cartwright en Zander, 1968, p. 98). Slaag die groep daarin om die behoeftes van sy lede te bevredig, verhoog die aantreklikheid van die groep en is lede meer gemotiveerd en bereid om hulself vir die groep en sy oogmerke te gee.

Die aantrekkingskrag van 'n groep en die gemotiveerdheid tot lidmaatskap by lede berus op die individu se waardebeepaling van die positiewe en negatiewe konsekwensies wat lidmaatskap inhou. Die waardebeepaling van 'n persoon hang weer af van sy motiefbasis (Cartwright en Zander, 1968, p. 98). Waar een persoon by 'n groep aansluit omrede die oogmerke wat die groep voorstaan, sluit 'n ander persoon by dieselfde groep aan omrede die status wat lidmaatskap verseker. Hierdie motiveringsverskille betreffende lidmaatskap beïnvloed lede se evaluering van die groep en uiteindelik hul gemotiveerdheid tot doelbereiking.

Benewens hierdie faktore word lede se gemotiveerdheid ook beïnvloed deur die belonings wat met groeplidmaatskap gepaard gaan. Hierdie belonings kan een of meer van die volgende vorme aanneem: materiële en/of geldelike belonings, status en prestasie (Bormann, 1969,

p. 143-155). Hoe groter die beloning verbonde aan lidmaatskap, hoe meer bereidwillig is lede om hul tyd en kragte vir die groep, span of maatskappy te gee.

Navorsing toon verder dat sukses ook 'n belangrike bepaler van lede se gemotiveerdheid tot taakverwesenliking is. Arnold en Straub (1972, p. 346-352) vind dat suksesvolle universiteitsbasketbalspanne meer samehorig is en meer taakgemotiveerd is as onsuksesvolle basketbalspanne. Hieruit kan afgelei word dat kohesiewe groepe gekenmerk word deur sterk gemotiveerde lede. Cartwright en Zander (1968, p. 91) bevestig dit:

"Thus, the members of a highly cohesive group, in contrast to one with a low level of cohesiveness, are more concerned with their membership and are therefore more strongly motivated to contribute to the group's welfare, to advance its objectives and to participate in its activities".

Afgelei kan word dat kohesie en groepsgemotiveerdheid met mekaar verband hou. Groepe wat sterk taakgemotiveerd is, behoort waarde te heg aan samewerking en die uitwerk van die regte strategie wat doelbereiking moontlik maak. Op dié wyse dra taakgemotiveerdheid by om kohesie te bevorder.

Uit die voorafgaande uiteensetting is dit duidelik dat tussenpersoonlike aangetrokkenheid, die aantrekkingskrag van die groep vir sy lede, samewerking tussen groepslede eerder as kompetisie, en gemotiveerdheid

tot doelbereiking, die vernaamste bepalers van groepskohesie is. Daar is aangetoon dat die graad van groepsamehorigheid verband hou met die bevrediging van groepslede se behoeftes; die wedersydse agting en respek tussen lede; die genot of bevrediging wat lede uit deelname put; doelwitte wat bereik word en die erkenning wat lede kry vir hul aandeel in suksesvolle doelwitbereiking. Verskeie faktore is uitgewys wat doeltreffend deur die groepleier, afrigter of spankaptein aangewend kan word in die bou van groepsamehorigheid - faktore soos demokratiese leierskap, 'n duidelike plan van aksie in die bereiking van doelwitte, 'n warm vriendelike groepsklimaat, doeltreffende kommunikasiekanale en aangename interaksie, status en erkenning. Daarenteen het dit geblyk dat dominerende lede, onaangename ondervindinge, kliekvorming, tussenpersoonlike kompetisie, opgekropte gevoelens en verskille tussen lede in die bereiking van groepsideale, bydra om die span- of groepsgees te ondermyn.

4 GEVOLGE VAN GROEPSAMEHORIGHEID

Ten slotte word gewys op die verskillende gevolge wat groepsamehorigheid vir groepsgedrag inhou.

4.1 Groepsamehorigheid en prestasie

Groepsamehorigheid word allerweë beskou as 'n voorvereiste vir topprestasie en hoë produksie. Navorsers, gemoeid met die bestudering van menslike gedrag in klein groepe, het die nuttige toepassingswaarde van so 'n verwantskap vir militêre instansies, die arbeids-

mark, kliniese en terapeutiese groepe, en vir sport- en ontspanningsklubs besef. Die gevolg was dat verskeie navorsingsprojekte van stapel gestuur is waarin die verband tussen groepsamehorigheid en prestasie of produksie in verskillende groepsituasies bestudeer is.

Afgesien van studies deur Roby (1952, p. 313-314) en Nelson en Berry (1962, p. 63-71) waarin die positiewe verwantskap tussen kohesie en prestasie in die weermag bevraagteken word, lewer 'n aantal ondersoeke daarvan bewys dat samehorige militêre eenhede meer gedugte groepe vorm, beter saamwerk en oor groter slaankrag beskik as nie-samehorige eenhede (Goodacre, 1951, p. 148-152; Hemphill en Sechrest, 1952, p. 391; Strupp en Hausman, 1953, p. 443-444). Ook is gevind dat samehorige fabriek- en kantoorwerkers meer produktief is as nie-samehorige arbeidsgroepe (Schachter et al., 1951, p. 229-238; Van Zelst, 1952a, p. 175-186; Van Zelst, 1952b, p. 299-301; Speroff en Kerr, 1952, p. 89-91; Heber en Heber, 1957, p. 120-134; Kleiner, 1960, p. 145-155; Zander, Stotland en Wolfe, 1960, p. 463-478). Hieruit kan afgelei word dat kohesie beslis 'n positiewe invloed het op die omset en produksie van maatskappye, fabrieke en industrieë.

Daar is ook bewyse dat daar 'n positiewe verwantskap tussen groepsamehorigheid en groepsdoeltreffendheid in die onderwys bestaan. Slocum (1967, p. 1176-1177) vind dat samehorige klasse hoër akademiese prestasies behaal as nie-samehorige klasse.

✓

Lawliss en Klein (1973, p. 807-812) se navorsingsresultate, waarin kliniese en terapeutiese groepe bestudeer is, onderskryf die hipotese dat samehorige groepe meer produktief is en beter prestasies behaal as nie-samehorige groepe.

Ook in die sportwêreld word spansamehorigheid uitgesonder as 'n belangrike bepaler van sukses. Samehorige spanne word beskou as meer gedugte teenstanders as verdeelde spanne, hulle kan tot hoër prestasies gemotiveer word, en werk beter saam in die bereiking van gemeenskaplike doelwitte. Ondersoeke wat in die verband van stapel gestuur is lewer daarvan bewys dat suksesvolle tussengroepkompetisie bepaal word deur tussenpersoonlike aangetrokkenheid, gemotiveerdheid tot prestasie, samewerking tussen spanlede en doeltreffende strategie. Ryckman (1968, p. 1958) berig van 'n studie wat lig werp op dié aangeleentheid. Hy het probeer vasstel watter kritieke eienskappe oorwinnings in suksesvolle rolbalspanne verseker. Sy bevinding was dat vaardigheid, strategie, motivering en tussenpersoonlike aangetrokkenheid die kritieke eienskappe was wat oorwinnings verseker het. Suksesvolle rolbalspanne was dus gekenmerk deur doeltreffender en meer gekoördineerde handeling en 'n hegte spansamehorigheid.

Verskeie ander navorsers vind positiewe verwantskappe tussen sportspanne se graad van samehorigheid en die uiteindelijke sukses wat hulle behaal. Klein en Christiansen (1969, p. 397-408) het gevind dat samehorige basketbalspanne beter presteer as nie-samehorige spanne. McIntyre het die verwantskap tussen geïntegreerde

hoërskoolsokkerspanne se samehorigheid, en hul mate van sukses aan die einde van die seisoen, bestudeer (Straub, 1975, p. 129). Die resultate het getoon dat suksesvolle sokkerspanne meer samehorig was as onsuksesvolle spanne. Ook Landers en Crum (1971, p. 88-96) het 'n positiewe korrelasie tussen spansamehorigheid en sukses in bofbalspanne gevind. Arnold en Petley het onderskeidelik die spansamehorigheid van hoërskoolbasketbalspanne en stoeispanne bestudeer (Straub, 1975, p. 128). Hulle het gevind dat lede van suksesvolle spanne beduidend meer samehorig was as onsuksesvolle spanne. In nog 'n ondersoek wys Peterson en Martens (1972, p. 62-76) op 'n sirkulêre verwantskap tussen sukses, bevrediging en kohesie. Bas-ketbalspanne wat hoog samehorig was, was meer suksesvol; spanne wat sukses behaal het, het meer genot uit deelname geput, wat weer gelei het tot verhoogde spansamehorigheid.

Arnold en Straub (1972, p. 346-352) het gevind dat suksesvolle basketbalspanne se lede meer aangetrokke tot mekaar gevoel het, doeltreffender saamgewerk het, meer taakgemotiveerd was en meer bevrediging geput het uit hul deelname. Hulle kom tot die slotsom: as spanne wil presteer, moet lede van mekaar hou, saamwerk, oor die wil beskik om te wen en deelname aangenaam vind. Suksesvolle spanne word dus gekenmerk deur 'n positiewe spangees (samehorigheid), sterk motivering tot prestasie, samewerking en bevrediging.

Aangetrokkenheid tussen spanlede onderling is nie vol-

✓

doende om sukses te waarborg nie; dit moet geskied in kombinasie met ander komponente van kohesie. Beide McGrath (1962, p. 365-375) en Myers (1962, p. 325-332) vind dat hegte vriendskapsbande in skyfskietspanne alleen nie voldoende is om sukses te waarborg nie. 'n Onderzoek deur Fiedler (1954, p. 381-388) toon eweneens dat goeie sosiale verhoudings alleen nie voldoende is om sukses in basketbal te waarborg nie. Spanne met die wil om te wen, het beter prestasies gelewer as spanne wat meer gesteld was om goeie tussenpersoonlike verhoudings te handhaaf. Ook Lenk (1968, p. 137-145) vind dat onderlinge aangetrokkenheid nie sukses waarborg nie. Hy het probeer vasstel of daar 'n positiewe korrelasie bestaan tussen die Wes-Duitse roeispans se aangetrokkenheid tot mekaar en hul oorwinning van die goue medalje op die 1960-Olimpiese Spele te Rome. Hy het gevind dat spanlede nie altyd aangetrokke tot mekaar gevoel het nie; dat daar dikwels konflik in die span voorgekom het; en dat interaksie selde aange naam was. Ten spyte hiervan het die Wes-Duitsers tog daarin geslaag om met die hoogste louere weg te stap. Lenk kom tot die gevolgtrekking dat aangename tussenpersoonlike verhoudings 'n onbelangrike rol gespeel het in die uiteindelijke sukses van die roeispan. Wat wel van uiterste belang was, was die feit dat die span gemotiveerd was om te presteer en dat hulle in staat was om hul vermoëns en vaardighede in die kompetisiesituasie maksimaal te koördineer.

Faktore wat dus hier die oorwinning verseker het was vaardigheid, motivering, samewerking en strategie, en

nie soseer tussenpersoonlike aangetrokkenheid nie. Daar kan tereg gevra word of die Wes-Duitsers nie nog beter tye sou behaal het as hulle meer van mekaar gehou het nie.

Dit blyk dus dat die verwantskap tussen kohesie en sukses in sport al dikwels ondersoek is. Ongelukkig is kohesie dikwels eensydig gesien as die blote resultaat van tussenpersoonlike aangetrokkenheid. Wat duidelik uit die resultate blyk is dat vaardigheid, doeltreffende koördinering van taakgerigte handeling en motivering om te wen, beter waarborg vir sukses bied as onderlinge aantreklikheid. Dit is egter twyfelagtig of spanlede tussen wie daar onmin bestaan, vrywilliglik doeltreffend sal saamwerk.

Ten spyte van die feit dat groepsamehorigheid as bepaler van sukses in skiet-, roei- en basketbalspanne bevraagteken word, ondersteun die meerderheid studies die hipotese dat samehorige basketbal-, bofbal-, rolbal-, stoei- en sokkerspanne meer suksesvol as nie-samehorige spanne is. Daar bestaan egter enkele kwalifikasies waarna kortliks verwys word.

Lede se gesindheid teenoor prestasie en produksie is belangrik. Indien kohesiewe werksgroepe daarvan oortuig is dat hul werkgewers hul persoonlike behoeftes en ideale in ag neem, sal hulle bereid wees om harder te werk en beter te presteer. Hepner lewer bewys daarvan dat kohesiewe werksgroepe 'n buitengewone omset gehandhaaf het toe hulle oortuig daarvan was dat

werkgewers hul persoonlike belange op die hart dra en hul vertrou (House, 1966, p. 29).

Seashore (1954, p. 100) en House (1966, p. 29) wys ook daarop dat dit van kohesiewe groepe afhang om te besluit of hul ten gunste van hoë produksie is al dan nie. As kohesiewe groepe hoë produksie of prestasie as doel kies, sal lede dienooreenkomstig presteer; indien hulle egter negatief ingestel is op prestasie, kan lede mekaar oorreed en motiveer om 'n lae prestasiepeil te handhaaf. Samehorige groepe en spanne is dus potensieel tot hoër produksie en meer suksesvolle prestasies in staat; of hulle egter beter gaan presteer, hang uitsluitlik van hulself af, hul gesindheid teenoor hul werkgewers, die voordele wat hulle daaruit verkry en hul houding teenoor prestasie.

Saltonstall (House, 1966, p. 29) som die invloed van kohesiewe groepe op die produktiwiteit van groepe as volg op:

"If the predominant influences are to restrict productivity, cohesiveness will tend to heighten these influences and lower productivity will come about. If, on the other hand, the group sees its needs being better served by helping its foreman to meet departmental goals, its internal cohesiveness will tend to raise productivity".

Samehorige groepe of spanne poog dus om alles wat hulle doen of aanpak, beter te doen as nie-samehorige groepe of spanne - hetsy hoë produksie of sloerstaking.

In die lig van aangehaalde bevindinge kan gestel word dat groepsamehorigheid hoër produksie en prestasie tot gevolg kan hê, mits dit die doelwit van die groep is. Samehorige sportspanne wat oorwinnings of sukses nastreef, behoort beter te presteer as nie-samehorige spanne met dieselfde oogmerke. Samehorigheid behoort dus vir 'n voorsprong te sorg wat hoër prestasies tot gevolg kan hê.

4.2 Groepsamehorigheid en groepslojaliteit

'n Tweede belangrike gevolg van groepsamehorigheid is dat dit 'n verhoogde groepslojaliteit tot gevolg het. Lenk (1968, p. 137-145) vind dat ten spyte van konflik en onmin tussen die Wes-Duitse roeispans van 1960, drie van die vyf lede lojaliteit as die mees kritieke eienskap vir suksesvolle prestasie beskou het, terwyl die oorblywende twee spanlede lojaliteit tweede geplaas het. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die druk wat spanlede op mekaar uitoefen op grond van hul gemotiveerdheid om te presteer en hul gemeenskaplike doelwit, groter groepslojaliteit en beter prestasies tot gevolg het, selfs al bestaan daar konflik tussen spanmaats. Die druk wat 'n span of groep op grond van sy samehorigheid op lede uitoefen, dra by tot verhoogde groepslojaliteit.

Verskeie ander ondersoeke toon dat lede van samehorige groepe hul heel dikwels, op 'n wyse wat vir die groep die voordeligste is, gedra (Back, 1951, p. 9-23; Schachter, 1951, p. 190-207; Seashore, 1954, p. 65-69; .

Sagi, Olmsted en Atelsek, 1955, p. 308-311; Cartwright en Zander, 1968, p. 105). Meer spesifiek word die volgende gevolge, wat kohesie vir groepsgedrag inhou, kortliks saamgevat.

4.3 Groepsamehorigheid en invloed

Lede van samehorige groepe oefen groter invloed op mekaar uit, luister meer geredelik na ander groepslede se opinies en verander hul sienswyses makliker om by dié van ander lede aan te pas (Back, 1951, p. 9-23; Schachter, 1951, p. 190-207).

4.4 Groepsamehorigheid en verantwoordelikheid

Lede wat baie aangetrokke tot 'n groep voel, of sleutelposisies beklee, neem meer dikwels verantwoordelikhede op hul skouers; neem meer dikwels aan byeenkomste deel; en bly langer lede van die groep (Sagi et al., 1955, p. 308-311).

4.5 Groepsamehorigheid en aangetrokkenheid tot die groep

Soos wat groepsamehorigheid toeneem in 'n groep, verhoog die individu se aangetrokkenheid tot die groep (Thibaut en Kelley, 1959, p. 114).

4.6 Groepsamehorigheid en groepsnorme

Lede van samehorige groepe heg groter waarde aan groepsdoelstellings, konformeer meer met groepsnorme en is gretiger om groepsnorme te beskerm deur druk op afwykendes uit te oefen (Schachter, 1951, p. 190-207;

Seashore, 1954, p. 65-69; Cartwright en Zander, 1968, p. 105).

4.7 Groepsamehorigheid en kommunikasie

'n Toename in groepsamehorigheid lei tot 'n toename in kommunikasie tussen lede en 'n verhoogde produktiwiteit (Cartwright en Zander, 1968, p. 104).

4.8 Groepsamehorigheid en bedreiging

Samehorige groepe bied doeltreffender weerstand teen eksterne bedreiging as nie-samehorige groepe (Pepitone en Reichling, 1955, p. 327-337).

4.9 Groepsamehorigheid en angs

Groepslede wat beangs en gespanne is, voel veiliger, meer selfversekerd en minder senuweeagtig in samehorige groepe as in nie-samehorige groepe (Seashore, 1954, p. 97-98; Cartwright en Zander, 1968, p. 104-105).

4.10 Groepsamehorigheid en verwysingsgroepe

Die groep waartoe 'n persoon aangetrokke is, dien ook as verwysingsgroep vir hom. Hare konstateer die volgende in dié verband:

"The extent of attractiveness is also found to be related to significance of the group for judgements about the self and others ... Once an individual has dropped out of a group which has lost its attraction for him ... , the group will no longer be important as a positive reference group" (Joubert en Steyn, 1972, p. 200).

4.11 Groepsamehorigheid en leierskap

Groepe met 'n hoë groepsamehorigheid verg minder van 'n leier om die groep in 'n eenheid saam te snoer as in die geval van groepe met 'n lae groepsamehorigheid. Groepe met demokratiese gesagstrukture is oor die algemeen meer samehorig as groepe met outokratiese of "*laissez faire*" gesagstrukture (Shaw en Shaw, 1962, p. 453-458).

4.12 Groepsamehorigheid en die leerproses

Lott en Lott (1966, p. 61-73) vind dat 'n individu beter presteer op aanleertake wanneer hulle lede van kohesiewe groepe is as wanneer hul lede van nie-kohesiewe groepe is. Dit dui daarop dat 'n doeltreffender leerproses plaasvind in hoë as in lae kohesiewe groepe.

Samevattend: 'n Hoë graad van samehorigheid is een van die faktore wat suksesvolle prestasies, lojaliteit, konformasie aan groepsnorme, die aanvaarding van doelwitte, sekuriteit, behoud van lidmaatskap, produktiwiteit en die aanleer van take in 'n groep bevorder. 'n Sterk samehorigheidsgevoel lei tot groter verantwoordelikhedsin, deelname aan aktiwiteite en beter samewerking tussen lede van 'n groep. Verdere navorsing sal ongetwyfeld bykomende gevolge wat groepsamehorigheid vir groepsgedrag inhou, uitwys.

In die voorafgaande literatuuroorsig, waarin hoofsaaklik aandag geskenk is aan die definiëring van die begrip "*koheisie*", die bepalers van kohesie en die gevolge wat kohesie vir groepsgedrag inhou, word die

vraag of verhoogde kohesie na hoër prestasies en produksie lei, telkens geopper. Inbegrepe alle kwalifikasies toon die meerderheid ondersoeke dat kohesiewe militêre, onderwys-, arbeids- en kliniese groepe beter presteer as nie-kohesiewe groepe. Daarteenoor blyk dit dat die verband tussen groepsamehorigheid en sukses in sportspanne "sportspesifiek" is:

"That is ... cohesiveness is a prerequisite for success in some team sports such as football, basketball, wrestling and baseball ... but not in others (rowing, shooting)" (Straub, 1975, p. 129).

Teenstrydige resultate en die feit dat die verband tussen groepsamehorigheid en sukses in sommige sportsoorte nog nie ondersoek is nie, maak verdere navorsing in dié verband 'n dringende noodsaaklikheid.

5 HIPOTESES

Die onderhawige ondersoek word toegespits op rugby, daarom moet bogaande inligting geïnterpreteer word met betrekking tot die eise wat aan rugbysamehorigheid gestel word. Hipoteses wat dus van bogaande bevindinge en teorie afgelei word, moet op rugbyspanne van toepassing wees, en natuurlik toetsbaar. Waar teorie en bevindinge ontbreek om as grondslag vir hipoteses te dien, word van ervaring gebruik gemaak. Met dit in gedagte, word dié volgende hipoteses gestel:

1. Suksesvolle koshuisrugbyspanne behoort meer samehorig te wees as onsuksesvolle koshuisrugbyspanne.
2. Suksesvolle koshuisrugbyspanne behoort beter saam

te werk as onsuksesvolle koshuisrugbyspanne.

3. Suksesvolle koshuisrugbyspanne behoort meer taak=
gemotiveerd te wees as onsuksesvolle koshuisrugby=
spanne.
4. Spelers van suksesvolle koshuisrugbyspanne behoort
meer aangetrokke tot mekaar en hul span te voel as
spelers van onsuksesvolle koshuisrugbyspanne.
5. Spelers van suksesvolle koshuisrugbyspanne behoort
hul afrigters meer gunstig te evalueer as spelers
van onsuksesvolle koshuisrugbyspanne.
6. Homogene spanne behoort meer samehorig te wees as
heterogene spanne. Met betrekking tot hierdie
ondersoek beteken 'n "*homogene span*" dat so 'n
span uit die geledere van slegs een koshuis saam=
gestel word. "*Heterogene spanne*" kom van meer as
een koshuis, of van spelers wat verspreid in die
dorp woon. Die hipotese kan nog meer spesifiek
gestel word: koshuisrugbyspanne (spanne 1, 4 en
5) behoort meer samehorig te wees as die Dorp se
koshuisrugbyspan, (Span 2) en die gekombineerde
koshuisrugbyspan van Thaba Jäh, Uitspan en Heimat
(Span 3).

HOOFSTUK III

METODE VAN ONDERSOEK

Groepsamehorigheid is 'n eienskap wat in spankompetisies in sport as belangrik gereken word. Dit is moontlik dat dit in een sport 'n belangriker rol speel as in 'n ander. Trouens, die voorgaande literatuuroorsig dui in so 'n rigting. Dit is egter nog nie duidelik wat die waarde van spansamehorigheid vir rugby is nie. Die beste manier om dit vas te stel, is deur toetsing. Die moeilike vraag is presies hoe dit gedoen moet word. Kan 'n rugbysituasie in 'n laboratoriumopset nageboots en dan getoets word? Daar is besluit op 'n veldstudie, om opnames te doen gedurende 'n reeks wedstryde wat oor 'n seisoen strek, van April tot Augustus 1977.

X Die algemene probleem wat met veldstudies ervaar word, is gebrek aan voldoende kontroles oor die onafhanklike veranderlikes, daardie invloede wat tot sekere gevolge lei (Freedman, Sears en Carlsmith, 1978, p. 17-18). In veldstudies, soos aangetoon deur Kerlinger (1964, p. 389-391), bestaan daar gewoonlik 'n verskeidenheid steurende veranderlikes wat oorsaak-gevolg-verwantskappe beïnvloed. Nogtans bly die veldstudiemetode 'n gewilde en hoogs aanbevole metode van ondersoek in die sosiale psigologie (Runkel en McGrath, 1972, p. 90). Dit het sy gebreke, maar ook sy sterk punte. Die vernaamste verdienste is, dat as in veldstudies duidelike neigings waargeneem word, ten spyte van steurende invloede, sulke neigings geldig en veralgemeenbaar is.

Eksperimentele studies besit meestal hoë interne geldigheid (Campbell en Stanley, 1971, p. 17), maar lae eksterne geldigheid of veralgemeenbaarheid. By veldstudies geld dikwels die teendeel: interne geldigheid mag laag wees, maar eksterne geldigheid is meestal hoog. Vir die huidige ondersoek is die veldstudiemetode as geskik geag.

Die belangrikste metodiese probleme het gesentreer rondom die volgende: die populasie wat ondersoek moes word; die duur van die studie en opnames; die tyd en wyse waarop opnames gedoen moes word; die vind van 'n geskikte meetinstrument vir die bepaling van groepsaanhouding; die meting of bepaling van "sukses" in rugbysituasies; en die vind van geskikte statistiese metodes om die versamelde data interpreteerbaar en sinvol te maak.

1 EKSPERIMENTELE GROEP

Daar was verskeie alternatiewes beskikbaar vir die keuse van toetsgroepe of spanne. Skoolspanne van Potchefstroom en omgewing is oorweeg, so ook senior klubspanne, provinsiale spanne en selfs nasionale spanne. Die praktiese probleem was dié van beskikbaarheid, administrasie van vraelyste, beheer oor groepe en die insameling van die nodige inligting. Talle administratiewe probleme moes oorbrug word. Uiteindeelik is besluit om die eerste koshuisrugbyspanne, wat deelneem aan die koshuisrugbyliga van die P.U. vir C.H.O., as eksperimentele groepe te neem. Hierdie

spanne was geredelik maklik bekombaar; hul lede was redelik stabiel in dié sin dat spanskommeling betreklik min voorgekom het; die ondersoeker was goed ingelig oor aangeleenthede rakende hierdie groepe daar hy op daardie stadium self op die kampus en in 'n koshuis woonagtig was. Hy het dus die omstandighede en organisasie van koshuisrugby goed geken.

Die verskillende spanne het van koshuise gekom wat in hul heterogeniteit van mekaar verskil het. Sommige spanne het van koshuise gekom wat wooneenhede gevorm het; ander spanne is saamgestel uit lede afkomstig uit verskillende koshuise; 'n derde groep het gekom van studente wat verspreid in Potchefstroom gewoon het, bekend as "*Dorpstudente*". Hierdie verskille tussen koshuise is beskou as 'n belangrike bron van variasie wat 'n invloed op die samehorigheid van spanne kon hê. Wat koshuise betref, was daar verskille en die vraag het ontstaan of hierdie verskille 'n invloed op die resultate sou hê. Antwoorde hierop, so is gemeen sou interessante winste vir die ondersoek beteken. Om hierdie redes is besluit om spanne wat aan die 1977-koshuisligakompetisie deelgeneem het, as toetsgroepe te gebruik.

Aanvanklik is 7 ligaspanne by die studie betrek, 'n totaal van 140 manspersone, almal voltyds ingeskrewe Blanke-Afrikaanssprekende studente aan die P.U. vir C.H.O., met ouderdomme wat van 18 tot 25 jaar gewissel het. Die 7 spanne het van die volgende koshuise gekom:

Caput (Span 1),	inwoners: <u>+</u> 280
Dorp (Span 2),	inwoners: <u>+</u> 1200
Drakenstein (Span 3),	inwoners: <u>+</u> 130
Hombré (Span 4),	inwoners: <u>+</u> 280
Klooster (Span 5),	inwoners: <u>+</u> 170
Dawie du Plessis (Span 6),	inwoners: <u>+</u> 140
Over de Voor (Span 7),	inwoners: <u>+</u> 140

Kort na aanvang van die ondersoek het spanne 6 en 7 hulle samewerking opgesê en is geen verdere gegewens oor hulle spanne ingewin nie. Spanne 1, 2, 3, 4 en 5 het deurgaans goed saamgewerk en volledige inligting is ook verkry.

Spanne 1, 4 en 5 is as spanne verteenwoordigend van homogene koshuise gereken. Elkeen van hierdie koshuise het 'n gebouegeheel gevorm, elk met 'n eie identiteit en koshuisgees. Spanne wat uit hierdie koshuise gekies is, was verteenwoordigend van hul koshuis as 'n eenheid. Span 3 het uit 'n heterogene koshuissamestelling gekom: die span is gekies uit die beste spelers van drie kleinere koshuise, te wete Heimat (+ 30 inwoners), Uitspan (+ 30 inwoners) en Thaba Jäh (+ 70 inwoners). Span 2, op daardie stadium bekend as Dorp, was die mees heterogene groep. Hierdie studente het verspreid in Potchefstroom gewoon en relatief min kommunikasie met mekaar gehad.

Tussen die verskillende spanne het 'n sterk gees van wedywering bestaan. Kompetisies is op 'n verskeidenheid terreine gereël, onder andere op kultuur- en sport-

gebied. Koshuisgemeenskappe was sterk daarop gesteld dat hul spanne goed moes presteer. Die identifikasie van koshuislede met hul onderskeie groepe was hoog. Dit het uiters selde gebeur dat inwoners van een koshuis verskuiwe na 'n ander koshuis. Wat wel gebeur het, was dat koshuisinwoners in die dorp gaan woon het, meestal om finansiële redes.

Van alle kompetisies tussen koshuise, is die rugbyliga as die vernaamste gereken. Die prestige van die koshuis was hier op die spel. Wanneer hul span Saterdagoggende teen 'n ander koshuis speel, het die inwoners in massas na die sportvelde opgetrek en hul span met groot geesdrif ondersteun. Spanne was meestal onder groot druk om goed te presteer daar die verwagtings wat aan hulle gestel is, hoog was.

Die spanlede van die onderskeie spanne het af en toe verander en dan het nuwe lede die plekke van die ou lede gevul. Dit is 'n tekortkoming van die ondersoek, naamlik dat inligting nie keer op keer van dieselfde spelers versamel is nie. Die ideale situasie sou wees as slegs dieselfde 5 (aantal spanne) x 15 (aantal spelers in 'n span), 'n totaal van 75 spelers, in alle opnames betrek kon word. Prakties gebeur so iets nie, daar spelers beseer word en vervang moet word, of dat ander beter spelers na vore kom. In totaal het 140 spelers die vraelyste een of meer maal voltooi, afhangende van die aantal wedstryde gespeel.

2 MEETINSTRUMENTE

2.1 Die meting van groepsamehorigheid

Uit die literatuuroorsig het dit duidelik na vore gekom dat verskillende studente, verskillende interpretasies aan groepsamehorigheid, en die komponente daarvan geheg het; vandaar dat meetinstrumente ook verskil. Uiteenlopende definisies van groepsamehorigheid lei tot uiteenlopende meetinstrumente, 'n feit wat deur Lotz (1975, p. 84) uitgewys is. Afgesien hiervan, is meetinstrumente ook taakspesifiek, of bedoel vir spesifieke groepe, byvoorbeeld industriële groepe, klaskamer-groepe, werkspanne of ander sosiale groepe. Min van hierdie instrumente pas volledig aan by die teoretiese uitgangspunte van die onderhawige studie, of bevredig die doel waavor dit benodig word, naamlik die meting van rugbysamehorigheid. 'n Geskikte meetinstrument moes dus saamgestel word.

So 'n meetinstrument moes reg laat geskied aan komponente soos tussenpersoonlike aangetrokkenheid, aangetrokkenheid tot die groep, samewerking en gemotiveerdheid tot doelbereiking. Daarbenewens moet dit toepasbaar en ter sake vir rugbyspanne en die spel rugby wees. Meetinstrumente moet ook betroubaar en geldig wees. Twee meetinstrumente, die vraelys van Lotz (1975) en dié van Martens, Landers en Loy (1972), is oorweeg. Die vraelys van Lotz (1975) was meer algemeen van aard, hoewel nie totaal ongeskik vir gebruik in rugbysituasies nie. 'n Verdere tekortkoming was dat dit die komponent van motivering buite rekening

gelaat het. Die *Sports Cohesiveness Questionnaire* van Martens et al. (1972) het meer volledig aan die teoretiese uitgangspunte van hierdie studie voldoen. Daarbenewens is dit ontwerp vir sportsituasies en kan dit met enkele wysigings op rugbysituasies en -spanne van toepassing gemaak word. Op grond hiervan is besluit om die gewysigde *Sports Cohesiveness Questionnaire* as instrument vir die meting van groepsamehorigheid in rugbyspanne te gebruik, natuurlik in vertaalde vorm.

Die *Sports Cohesiveness Questionnaire* is deur die ondersoeker vertaal en aan die leier van die ondersoek voorgelê vir kritiese ontleding. Item vir item is ontleed en geweeg met betrekking tot duidelikheid en tersaakheid tot 'n rugbysituasie. Hierna het die ondersoeker en die leier gesamentlik aan die vraelys gewerk. Hierdie produk is aan 'n groep studente voorgehou ten einde die duidelikheid van die vrae te toets. Hierna is enkele vrae bygevoeg wat bedoel was om spelers se aspirasievlak, vrees vir mislukking, die gedugtheid van opponente en die spelers se evaluering van hul spankaptein te meet - dit dek vrae 10, 11, 12, 31, 33 en 34 (bylaes A en B). Twee vrae wat ontwerp is om spanwerk en -samehorigheid te meet, is onderverdeel om voorsiening te maak vir agterspelers, voorspelers en die span as geheel. Die res van die *Sports Cohesiveness Questionnaire* is in vertaalde en aangepaste vorm gehandhaaf. Die vraelys is in semi-finale vorm verwerk en aan 'n groep van 10 persone voorgelê vir beantwoording en kritiek. Die groep het bestaan uit drie afriegers

van koshuisrugbyspanne, drie organiseerders en vier rugbyspelers. Probleme en kritiek is aangeteken en in aanmerking geneem by die finale redigering van die vraelys, wat gedoen is deur die ondersoeker en die studieleier. Hierna is die vraelys aan 'n taalkundige voorgelê en is dit finaal versorg, getik en gebind. Twee stelde vraelyste is opgestel, bedoel om groepsamehorigheid voor wedstryde te meet en daarna.

2.2 *Beskrywing van die Sports Cohesiveness Questionnaire*

2.2.1 *Beskrywing*

Die *Sports Cohesiveness Questionnaire* van Martens et al. (1972) bestaan uit 'n voor- en 'n na-wedstrydvraelys. Die voor-wedstrydvraelys bestaan uit 3 afdelings en die na-wedstrydvraelys bestaan uit die eerste 2 afdelings van die voor-wedstrydvraelys.

In afdeling I word 12 vrae gestel. Die eerste 9 vrae van die *Sports Cohesiveness Questionnaire* is deel van die *Intramural Basketball Cohesion Questionnaire* van Martens en Peterson (1968). Ten einde spelers se hoop op sukses, vrees vir mislukking en omvang wat bedreiging inhou, te meet, is vrae 10 tot 12 in die voor-wedstrydvraelys bygevoeg. In die na-wedstrydvraelys meet vrae 11 en 12 onderskeidelik hoe aangenaam spelers die voorafgaande wedstryd gevind het en waaraan hulle hul oorwinning of mislukking toeskryf. Evaluering geskied op 'n houdingskaal van 1 (negatief) tot 9 (positief).

Afdeling II bestaan uit die Bernard Goldman-groepkohe=sievraelys wat deur Martens et al. (1972) vir sport=spanne aangepas en gewysig is. Vrae 31, 33 en 34 is bygevoeg ten einde lede se aangetrokkenheid en houding teenoor hul kaptein te meet. Dié vraelys is in vier komponente verdeel: individuele motiewe van lede, lede se gesindheid, tussenpersoonlike verhoudings en leierskap. Daar is van 'n Rikert-skaal gebruik gemaak. Respondente het elke vraag geëvalueer aan die hand van die gepaardgaande skaal. Alle lae tellings (1-2) weerspieël ongunstige houdings, 3 weerspieël onsekerheid en alle hoë tellings (4 en 5) weerspieël gunstige houdings.

Afdeling III is 'n aanpassing van Bass (1962) se *Orientation Inventory*. Martens et al. (1972) het van die veronderstelling uitgegaan dat elke sportman om 'n spesifieke rede aan sport deelneem. 'n Sportman se gemotiveerdheid tot deelname spruit dus in 'n mindere en 'n meerdere mate voort uit sy begeerte om 'n taak te verrig (taakgemotiveerdheid), om saam met ander te wees (affiliasiegemotiveerdheid) en om erkenning vir homself te verkry (selfgemotiveerdheid of egosentrisme).

Hierdie afdeling bestaan uit 8 vrae, elk met drie moontlike antwoorde. Die respondent kies die antwoord wat vir hom die belangrikste is en skryf die nommer daarvan in die blokkie teenoor "MEESTE". Die nommer van die antwoord wat vir die respondent die onaanvaarbaarste is, word in die blokkie teenoor

"MINSTE" aangeteken.

Die 8 vrae van afdeling III is in die vraelys ingesluit om motivering te meet, in hierdie geval: taakgemotiveerdheid, affiliasiegemotiveerdheid en selfgemotiveerdheid. In die finale verwerking van die gegewens is hierdie afdeling buite rekening gelaat omdat dit duidelik geword het dat daar voldoende ander items was om algemene gemotiveerdheid van spanne te meet.

Die volledige vraelyste wat gebruik is vir voor-wedstrydopnames en na-wedstrydopnames, verskyn in bylaes A en B.

Die vrae is opgestel om bepaalde komponente van groepsamehorigheid te meet, te wete tussenpersoonlike aangetrokkenheid (vrae 1, 2, 13, 14, 15, 18, 19, 20, 21, 24 en 26); aangetrokkenheid tot die span (vrae 3(a), 4, 5, 8, 25, 28, 29, 30 en 32); die omvang van samewerking binne die span (vrae 6(a), 6(b), 6(c), 7(a), 7(b) en 7(c)); deelnamegemotiveerdheid (vrae 3(b), 9, 10, 11, 12 en 35 tot 50); en evaluering van die afrigter (vrae 16, 17, 22, 23 en 27) en die spankaptein (vrae 31, 33 en 34).

Geen tydsbeperking is gestel vir die invul van die vraelyste nie. Vraelyste is gewoonlik binne 10 tot 15 minute voltooi.

2.2.2 : Betroubaarheid en geldigheid

Die *Sports Cohesiveness Questionnaire* (Martens et al., 1972) is 'n bruikbare instrument vir navorsing hoewel die geldigheid daarvan nog nie aan indringende evaluering onderwerp is nie. Volgens die samestellers van die vraelys, Martens, Landers en Loy, almal ervare navorsers op hierdie gebied, is die *Sports Cohesiveness Questionnaire* tans die beste instrument beskikbaar om sportkohesie te meet. Daar bestaan getuigenis wat hierdie aanspraak ondersteun. Die vraelys sluit onder andere 19 vrae in van die *Bernard Goldman Test of Group Cohesiveness* met 'n geldigheidskoëffisiënt wat wissel van 0,47 tot 0,67 (Petley, 1973, p. 18). Bass wat gebruik gemaak het van die toets-na-toets-metode, het met die *Sports Cohesiveness Questionnaire* waardes van 0,37 tot 0,94 gevind (Petley, 1973, p. 18).

Die *Sports Cohesiveness Questionnaire* se krag lê daarin dat dit op teorie steun wat sterk deur navorsing ondersteun word. Dit is nie 'n lukrake samevoeging van items nie, maar weldeurdag. Dit het aan die ondersoeker vrymoedigheid gegee om die *Sports Cohesiveness Questionnaire* in sy vertaalde en verwerkte vorm, vir hierdie ondersoek te gebruik. Die bedoeling was om by wyse van die onderhawige ondersoek die gewysigde *Sports Cohesiveness Questionnaire* se betroubaarheid en geldigheid te toets en uiteindelik 'n vraelys voor te stel wat geskik is om spansamehorigheid onder rugbyspelers te meet.

2.3 Die bepaling van sukses in rugby

Die mate van sukses in spansport en individuele kompetisiesport word gemeet aan die uitslag van 'n wedstryd. Hoe meer oorwinnings 'n span behaal, hoe suksesvoller is so 'n span. Ook in die bestudering van die verband tussen groepkohesie en sukses is sportspanne volgens die finale puntestand in suksesvolle en minder suksesvolle spanne geklassifiseer (Fiedler, 1954, p. 381-388; McGrath, 1962, p. 365-375; Myers, 1962, p. 325-332; Klein en Christiansen, 1969, p. 397-408; Landers en Crum, 1971, p. 88-96; Peterson en Martens, 1972, p. 62-76; Straub, 1975, p. 125-133). Die vraag is egter of die uitslag van 'n wedstryd altyd die beste maatstaf is om 'n span se sukses te meet? Is die span wat die oorwinning behaal altyd die beste span? Is daar nie moontlik ander maatstawe wat 'n meer betroubare aanduiding van 'n span se sukses kan wees nie?

Met dit in gedagte het 'n aantal samesprekings met verskeie rugbyafrigters en skeidsregters gevolg insake moontlike alternatiewe suksesmaatstawe vir rugby. Hul menings en wenke, asook die bestudering van die sewe grondbeginsels van rugby wat Craven (1970, p. 3-9; 1976, p. 43-55) onderskei, het die fondament gelê vir die konstruksie van drie rugbysuksestelkaarte (bylaes C, D en E).

2.3.1 Konstruksie

Aanvanklik is twee suksesstelkaarte saamgestel. Op

telkaart I is balbesit en strafskoppe aangeteken en op telkaart II is gebiedsvoordeel en die wyse waarop punte behaal is (bylaes C en D).

Tydens 'n vriendskaplike koshuisrugbywedstryd is die praktiese toepasbaarheid van die telkaarte getoets. Verskeie probleme het opgeduik: een stophorlosie was te min om gebiedsvoordeel en die totale tydsduur van die wedstryd te meet; twee tellinghouers was nie genoeg om betroubaarheid van data te verseker nie en los telkaarte het tellinghouery bemoeilik.

By 'n volgende proefneming is van drie tellinghouers gebruik gemaak. Elkeen was toegegerus met 'n harde klampbord, waarop telkaarte vasgeklem is. Een tellinghouer, toegegerus met drie stophorlosies, was verantwoordelik vir die meting van gebiedsvoordeel en die notulering van punte behaal. Die ander twee tellinghouers het onderskeidelik telling gehou van Span A en Span B se balbesit en strafskoppe. Waar tellinghouer I 'n lynstaan wat deur "sy" span gewen, as 1 gewen genotuleer het, het tellinghouer II dit aangeteken as 'n lynstaan wat "sy" span verloor het. Op hierdie wyse het die twee tellinghouers mekaar se data gekontroleer.

Hierdie metode het geen probleme opgelewer nie en na samesprekings met die tellinghouers oor moontlike verbeteringe is daar besluit om met bogenoemde prosedures te volstaan.

'n Derde telkaart (bylae E) is ontwerp waarop alle

verwerkte data aangestip kon word. Hierdie verwerkte datavorms is gedurende die seisoen, ná afloop van elke wedstryd, aan koshuisafrigters gestuur.

2.3.2 Beskrywing

Met behulp van telkaart I is elke span se totale hoeveelheid balbesit in 'n wedstryd gewen, gemeet. Dit is bereken op grond van die aantal balle gewen uit (1) vaste spel : lynstane en vasteskrums en (2) uit losspeel : losskrums, losgemale en losballe. Omdat dit moeilik is om van die kantlyn af onderskeid te tref tussen losskrums en losgemale is beide as losskrums beskou en so aangeteken. Losballe is gedefinieer as balbesit wat na suksesvolle verdediging, onderskeppings, hanteringsfoute, mislukte kantlyn-, straf- en skepskoppe in die teenstanders se besit gekom het. Totale balbesit was 'n aanduiding van hoe suksesvol spanne in die verskillende spelsette gevaar het. Die aantal strafskoppe vir en teen 'n span is ook op telkaart I aangedui - dit toon in hoe 'n mate 'n span daarin kon slaag om die spel korrek te speel.

Op telkaart II is spanne se gebiedsvoordeel (binne teenstander se halfgebied) en tydsduur van die wedstryd met behulp van drie stophorlosies bepaal en aangeteken. Hoe punte aangeteken is en die uitslag van die wedstryd, is ook op telkaart II aangeteken.

Na afloop van 'n wedstryd is elke span se gemiddelde

data vir die eerste en tweede helfte en vir die hele wedstryd op telkaart III aangeteken.

3 ONDERSOEKPROSEDURES

3.1 Vraelysonderzoekprosedures

Die meting van groepsamehorigheid met behulp van voor- en na-wedstrydvraelyste het as volg verloop:

(a) 'n Week voor die aanvang van die ligawedstryde, is 'n vergadering met alle koshuisrugbyafrigters, koshuisrugbyorganiseerders en spankapteins belê en is die doel en prosedures van die ondersoek bespreek. Vrae in verband met die ondersoek is beantwoord. Op die vergadering het koshuisrugbyorganiseerders hulself bereid verklaar om teen vergoeding die verspreiding, toesig by die invul van vraelyste en die berging daarvan, te behartig. Hierop is die prosedures tot in die fynste besonderhede met koshuisrugbyorganiseerders bespreek. 'n Brief, waarin die vraelysonderzoekprosedures en die toetsdatums van spanne beskryf word, is na die vergadering aan koshuisorganiseerders gegee (bylae F).

Die doel van hierdie samespreking was om enige misverstand oor die motief van die ondersoek uit die weg te ruim. Daar is van die ondersoeker se kant af gevrees dat afrigters die ondersoek mag sien as 'n vorm van spioenasie op hul span se swakpunte, of dat die data tydens die duur van die ligas, van April tot Augustus 1977, tot voordeel van een span ten koste van 'n ander gebruik mag word. Daar is duidelike versekeringe gegee dat data as vertroulik gere-

ken sal word en verseël sal bly tot na afloop van die ligaseisoen. Hiermee was alle belanghebbendes tevrede en het hulle hul volle samewerking belowe, wat op uitsondering van spanne 6 en 7, verkry is.

(b) Vyftien voor- en 15 na-wedstrydvraelyste plus 30 verseëlbare gefrankeerde koeverte en 15 potlode is Vrydagmiddae by koshuisrugbyorganiseerders in hul kamers deur die ondersoeker afgelewer.

(c) Koshuisspanne het die Vrydagaand direk voor Saterdag se wedstryd vergader vir 'n spanpraatjie. Twintig minute voor die aanvang van die spanpraatjie het die spelers in hul onderskeie koshuise se ontspanningsale bymekaar gekom. Elke speler het 'n voor-wedstrydvraelys, 'n gefrankeerde koevert en 'n potlood ontvang. Die koshuisorganiseerder het hierop die inleidende brief, wat deel van die vraelys vorm, saam met die spelers deurgelees. Hierna het die spelers die vraelyste beantwoord, dit in die koeverte gesit, toegeplak en by die koshuisrugbyorganiseerder ingelewer. Geen onderlinge gesprekke tydens die invul van die vraelyste is toegelaat nie. Spelers is so geplaas dat hulle nie insae in mekaar se vraelyste kon kry nie. Vraelyste wat as gevolg van die afwesigheid van spelers nie ingevul is nie, is Saterdagoggend voor die wedstryd onder toesig van die koshuisorganiseerders beantwoord.

(d) Na-wedstrydvraelyste is Maandagmiddae, net voor die aanvang van die middag se oefening, deur spelers

beantwoord. Dieselfde prosedure as in (c) beskryf, is gevolg.

(e) Die twee pakke vraelyste is Maandagaande deur die ondersoeker by koshuisrugbyorganiseerders afgehaal en in veilige bewaring gestoor. Al die pakke vraelyste is eers na afloop van die seisoen oopgemaak en nagesien.

(f) Elke span moes deur die seisoen aan 12 ligawedstryde meedoen, 8 in die eerste semester en 4 in die tweede semester. Daar is besluit om elke span vier keer te toets : tydens die eerste, vierde, agtste en twaalfde wedstryde, met 'n voor-wedstrydopname en 'n na-wedstrydopname. Altesaam is dus vier voor-wedstrydopnames en vier na-wedstrydopnames per span gedoen. Dit het daarop neergekom dat elke span, elke 6 weke 'n voor- en na-wedstrydvraelys moes voltooi. Hierdie aantal opnames is as voldoende beskou om 'n juiste beeld te vorm van die profiel van spansamehorigheid van die verskillende spanne. Vir elke span is twee wedstryde gedurende die eerste semester en twee wedstryde gedurende die tweede semester gemonitor.

(g) Koshuisorganiseerders het hul eerste besoldiging ontvang na afloop van die tweede reeks beantwoorde vraelyste. Die res van hul vergoeding is na die 12de wedstryd aan hul uitbetaal.

(h) Drie briewe is gedurende die seisoen aan orga-

niseerders geskryf waarin die prosedures opnuut uitgestip is, die belangrikheid van die ondersoek beklemtoon is en hul bedank is vir hulle hulp.

3.2 Rugbytelkaartprosedures

Die volgende prosedures is gevolg insake die meting van verskillende maatstawwe van sukses in rugby:

(a) Nege liggaamlikeopvoedkundestudentemans met 'n goeie kennis van rugby is deur die ondersoeker gewerf. Hulle is per wedstryd besoldig.

(b) 'n Vergadering is belê waartydens die prosedures en telkaarte aan tellinghouers verduidelik is. Hier-na is die tellinghou-prosedures ingeoefen totdat die tellinghouers vertrouwd was met die prosedures.

(c) Vrydae is tellinghouers in drie spanne verdeel. Hul name, vir watter span hul telling hou, watter veld en hoe laat die wedstryd begin, is op die kennisgewingbord aangebring.

(d) . Saterdagoggende het tellinghouers by die veld hul klampborde, telkaarte, potlode en stophorlosies ontvang. Elke span se tellinghouers het regoor die middellyn op pawiljoene stelling ingeneem en van daar wedstryde beoordeel.

(e) Na afloop van wedstryde is klampborde, stophorlosies, potlode en telkaarte by die ondersoeker ingelewer.

(f) Gedurende die naweek is data verwerk en op telkaart III genotuleer. Maandae is die verwerkte data aan koshuisafrigters gestuur. Indien twee tellingshouers se data verskil het, is die probleme nagevors, met tellingshouers bespreek, en opgelos. Al 7 eerste=ligaspanne se 12 ligawedstryde is op hierdie wyse gemonitor en verwerk.

(g) Die samewerking wat van die kant van die organiseerders, toetsafnemers en spelers ontvang is, was deurgaans goed. Daar is gereeld met die toetsafnemers geskakel om moontlike probleme te ondervang wat mag ontstaan as gevolg van gebrekkige samewerking van die kant van spanlede - geen sulke probleme iservaar nie.

Die enigste gebrek aan samewerking was dié van spanne 6 en 7, wat na die eerste wedstryd se voor- en na-opnames hul van die projek onttrek het. Daar is geen pogings aangewend om hulle te oorreed om weer saam te werk nie - hul onttrekking is as finaal aanvaar en hul data is ter syde gelaat.

4 VERWERKING VAN DIE GEGEWENS

Na afloop van die ligaseisoen, is die antwoorde van respondente gekwalifiseer. Dit was 'n tydsame proses. Iedere vraelys moes deur die ondersoeker verwerk word. Nadat die data op ponskaarte voorberei is, is dit aan gebied vir statistiese ontleding. Die BMDP-rekenaarprogram is gebruik vir die verskillende berekeninge.

Daar is gebruik gemaak van die rekenaarsentrum van die P.U. vir C.H.O.

Die eerste probleem wat oorbrug moes word, was om 'n seleksie van items te doen uit die totaal van 34 vrae uit afdelings I en II van die vraelys. Daar was te veel vrae en boonop het sommige vrae met ander ooreenkomstige. Verskeie statistiese ontledings is hiervoor aangewend. Omdat alle vrae saamgetel is om een of ander dimensie van groepsamehorigheid te meet, is verwag dat items onderling, en elke item met die totaal van alle ander items, redelik hoog moet korreleer. Items wat baie laag korreleer, is vir uitsluiting oorweeg. Dit was die eerste maatstaf vir 'n kritieke seleksie van items. Al 300 voor-wedstrydvraelyste, elk met 34 vrae, is met behulp van die BMDP-8D-program aan 'n korrelasieontleding onderwerp. Hierna is die BMDP-4M-program gebruik om vas te stel in welke mate elke item met die totaal van die orige items korreleer. Dit het 'n aanduiding gegee van hoedanig elke item die orige 33 items voorspel. Items met 'n baie lae korrelasiekwasiënt is beskou as swak voorspellers van groepsamehorigheid en is dus weggelaat.

Korrelasieontledings is beskou as een metode om items te selekteer. Meer inligting was egter nodig vir 'n finale seleksie, veral as in aanmerking geneem word dat items gekies is om ondersteuning te gee aan die teoretiese model van waaruit groepsamehorigheid gedefinieer is. Dimensies soos tussenpersoonlike aantreklikheid, aantreklikheid tot die span of groep,

die omvang van samewerking, asook algemene gemotiveerdheid, is per definisie bepalend vir groepsamehorigheid. Daar is verwag, as die itemseleksie korrek is, dat items wat ontwerp is om 'n bepaalde dimensie te meet, hoog met mekaar sal korreleer. 'n Korrelasiematrys bied inligting om so 'n veronderstelling te toets, maar dit is onvoldoende, daarom is besluit om metodes van faktorontleding aan te wend. Twee tipes is gebruik, naamlik 'n hoofkomponentfaktorontleding en 'n maksimumwaarneemlikheidsontleding "(maximum likelihood)". Items wat onafhanklik van groeperinge of faktore staan, of wat baie laag met 'n bepaalde faktor korreleer, verdien om weggelaat te word.

Met behulp van bogaande statistiese metodes, en noukeurige ontleding van die inhoud van elke vraag, is 'n aantal items buite rekening gelaat en is uiteindelik volstaan met 21 voor- en 23 na-wedstryditems (bylaes G en H). Hierdié items is in die finale ontledings gebruik. Op dié wyse is die geldigheid van die meetinstrument verder getoets.

Ten einde vas te stel of die kritieke voor- en na-wedstryditems onderling verwant is, is daar met behulp van die BMDP-8D-rekenaarprogram twee korrelasiematrise saamgestel.

Hierop is daar met behulp van Rao se R-formule vasgestel of verskille tussen spanne statisties betekenisvol is en of dit deur wedstryde beïnvloed is (Tatsuoka, 1971, p. 200).

Derdens is 'n aantal *post hoc*-toetse, soos voorgestel deur Miller (1966, p. 205), uitgevoer, om vas te stel hoedanig spanne van mekaar verskil.

Omrede beduidende kohesieverskille tussen spanne voorgekom het, is daar vervolgens met behulp van 'n diskriminantfunksieontleding (Tatsuoka, 1970, p. 1-57) vasgestel watter afhanklike veranderlikes hoofsaaklik verantwoordelik was vir die kohesieverskille tussen spanne.

Om vas te stel of spanwerk, tussenpersoonlike aantrektheid, aangetrokkenheid tot die span, taakgemotiveerdheid, en spelers se evaluering van hul afrigters beïnvloed word deur die spanfaktor en/of die wedstrydfaktor, is genoemde veranderlikes aan 'n eenrigtingvarianteontleding onderwerp, gebruikmakende van die BMDP-2V-program. Voorts is daar met behulp van die Newman-Keuls-*post hoc*-toets (Winer, 1971, p. 185-196 en 528-530) vasgestel wat die omvang van verskille is tussen die onderskeie spanne ten opsigte van elkeen van die afhanklike veranderlikes. Ook is daar met behulp van individuele kontraste, soos voorgestel deur Winer (1971, p. 385), vasgestel wat die invloed van wen of verloor op die verskillende komponente van kohesie is.

Laastens is elke span individueel ontleed aan die hand van die kohesieresultate en die suksesmaatstawwe.

Die resultate van die ondersoek word in die volgende hoofstuk aangebied.

HOOFSTUK IV

RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

Hierdie hoofstuk het ten doel om die toetsresultate aan te bied en verklarend toe te lig.

Die resultate val in twee kategorieë uiteen:

1. die vind van kritieke items wat rondom bepaalde komponente van groepsamehorigheid groepeer, en
2. die analisering van moontlike verskille tussen spanne.

1 KRITIEKE SELEKSIE VAN ITEMS

Groepsamehorigheid, so is vroeër aangedui, word opgebou uit vier verskillende komponente: tussenpersoonlike aangetrokkenheid, lede se aangetrokkenheid tot die groep of span, samewerking en lede se gemotiveerdheid in die bereiking van doelwitte. Omdat Martens et al.(1972) se gestandaardiseerde *Sports Cohesiveness Questionnaire* aan genoemde teoretiese model beantwoord, en dit vir sportspanne saamgestel is, is besluit om dit as grondslag te gebruik vir die keuse en klassifisering van items in die verskillende komponente van kohesie. Die feit dat hulle vraelys nie spesifiek op rugby betrekking het nie, het daartoe gelei dat items herskryf moes word en ander vrae gekonstrueer moes word. Gevolglik is 'n betreklik groot verskeidenheid items in die voor- en na-wedstrydvraelyste opgeneem wat verwerkings baie verwickeld gemaak het.

Die eerste reeks statistiese ontledings was gevolglik

enersyds daarop gemik om vas te stel of die aanvanklike klassifisering van items in die verskillende komponente juis was en andersyds om die mees kritieke items in die verskillende komponente te onderskei.

Omdat elke item 'n bepaalde komponent van kohesie belig, is teoreties verwag dat items in families sou groepeer en binne familieverband betreklik hoog met mekaar sou korreleer. Ten einde hierdie belangrike aanname te toets, is daar besluit om 'n korrelasiematrjys saam te stel. Omrede sukses of mislukking geen rol gespeel het in die beantwoording van voor-wedstrydvraelyste nie, is aanvaar dat voor-wedstrydvraelyste se inligting meer homogeen as na-wedstrydvraelyste sou wees. Met dit as uitgangspunt is daar met behulp van die BMDP-8D-rekenaarprogram 'n korrelasiematrjys op al 300 voor-wedstrydopnames, elk met 34 response*, gedoen. Vrae 1 en 2 is sosiometries van aard en is gevolglik uit die korrelasiematrjys gelaat. Vrae 31, 33 en 34 is eweneens uit die korrelasiematrjys gelaat omrede sommige kapteins dit beantwoord het en ander kapteins dit weer geïgnoreer het. Vrae 35 tot 50 se skale het verskil van die 34 response waarop die korrelasiematrjys gedoen is, en is vir doeleindes van hierdie studie nie in berekening gebring nie. In totaal het

*Die volgende vrae is hiervoor gebruik:

3(a), 3(b), 4, 5, 6(a), 6(b), 6(c), 7(a), 7(b), 7(c), 8, 9, 10, 11, 12, 13, 14, 15, 16, 17, 18, 19, 20, 21, 22, 23, 24, 25, 26, 27, 28, 29, 30 en 32 van die voor-wedstrydvraelys.

die korrelasiematrjys 10200 response omvat. Die korrelasiematrjys van al 300 die voor-wedstrydvraelyste verskyn in tabel I.

Omrede veldstudies van hierdie aard gewoonlik aan heelwat steurende invloede onderwerp is, vertoon dit in die reël relatiewe lae korrelasies en is daar verwag dat die items in tabel I ook laag met mekaar sou korreleer. 'n Ontleding van tabel I bevestig dan ook hierdie aanname. Die vermoede het ontstaan dat die lae korrelasies moontlik toegeskryf kon word aan respondente wat nie altyd ewe spontaan en eerlik was by die invul van vraelyste nie. Vraelyste is tot 8 keer gedurende die seisoen gehanteer en die invul tyd het tot 15 minute beloop. Gevolglik was dit moontlik dat respondente met verloop van tyd onverskillig of verveeld kon raak en dat items later op 'n lukraak wyse beantwoord is. Sodanige beantwoording sou die geldigheid van response, en afleidings wat daaruit gemaak word, ernstig bevraagteken. Daar is geredeneer dat respondente by die eerste opnames betreklik eerlik en samewerkend op items gereageer het en dat dit in die korrelasies gereflekteer sou word. Die response van al 5 spanne se eerste voor-wedstrydopname is as maatstaf geneem. Hierop is 'n korrelasiematrjys van die 75 voor-wedstrydvraelyste met behulp van die BMDP-8D-rekenaarprogram saamgestel (tabel II). Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat indien die aanvanklike korrelasies in tabel I ooreen sou stem met die steekproefkorrelasies in tabel II, die korrelasies van

Year	1990	91	92	93	94	95	96	97	98	99	2000	2001	2002	2003	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010	2011	2012	2013	2014	2015	2016	2017	2018	2019	2020	2021	2022	2023	2024	2025	2026	2027	2028	2029	2030	2031	2032	2033	2034	2035	2036	2037	2038	2039	2040	2041	2042	2043	2044	2045	2046	2047	2048	2049	2050	2051	2052	2053	2054	2055	2056	2057	2058	2059	2060	2061	2062	2063	2064	2065	2066	2067	2068	2069	2070	2071	2072	2073	2074	2075	2076	2077	2078	2079	2080	2081	2082	2083	2084	2085	2086	2087	2088	2089	2090	2091	2092	2093	2094	2095	2096	2097	2098	2099	2100	2101	2102	2103	2104	2105	2106	2107	2108	2109	2110	2111	2112	2113	2114	2115	2116	2117	2118	2119	2120	2121	2122	2123	2124	2125	2126	2127	2128	2129	2130	2131	2132	2133	2134	2135	2136	2137	2138	2139	2140	2141	2142	2143	2144	2145	2146	2147	2148	2149	2150	2151	2152	2153	2154	2155	2156	2157	2158	2159	2160	2161	2162	2163	2164	2165	2166	2167	2168	2169	2170	2171	2172	2173	2174	2175	2176	2177	2178	2179	2180	2181	2182	2183	2184	2185	2186	2187	2188	2189	2190	2191	2192	2193	2194	2195	2196	2197	2198	2199	2200	2201	2202	2203	2204	2205	2206	2207	2208	2209	2210	2211	2212	2213	2214	2215	2216	2217	2218	2219	2220	2221	2222	2223	2224	2225	2226	2227	2228	2229	2230	2231	2232	2233	2234	2235	2236	2237	2238	2239	2240	2241	2242	2243	2244	2245	2246	2247	2248	2249	2250	2251	2252	2253	2254	2255	2256	2257	2258	2259	2260	2261	2262	2263	2264	2265	2266	2267	2268	2269	2270	2271	2272	2273	2274	2275	2276	2277	2278	2279	2280	2281	2282	2283	2284	2285	2286	2287	2288	2289	2290	2291	2292	2293	2294	2295	2296	2297	2298	2299	2300	2301	2302	2303	2304	2305	2306	2307	2308	2309	2310	2311	2312	2313	2314	2315	2316	2317	2318	2319	2320	2321	2322	2323	2324	2325	2326	2327	2328	2329	2330	2331	2332	2333	2334	2335	2336	2337	2338	2339	2340	2341	2342	2343	2344	2345	2346	2347	2348	2349	2350	2351	2352	2353	2354	2355	2356	2357	2358	2359	2360	2361	2362	2363	2364	2365	2366	2367	2368	2369	2370	2371	2372	2373	2374	2375	2376	2377	2378	2379	2380	2381	2382	2383	2384	2385	2386	2387	2388	2389	2390	2391	2392	2393	2394	2395	2396	2397	2398	2399	2400	2401	2402	2403	2404	2405	2406	2407	2408	2409	2410	2411	2412	2413	2414	2415	2416	2417	2418	2419	2420	2421	2422	2423	2424	2425	2426	2427	2428	2429	2430	2431	2432	2433	2434	2435	2436	2437	2438	2439	2440	2441	2442	2443	2444	2445	2446	2447	2448	2449	2450	2451	2452	2453	2454	2455	2456	2457	2458	2459	2460	2461	2462	2463	2464	2465	2466	2467	2468	2469	2470	2471	2472	2473	2474	2475	2476	2477	2478	2479	2480	2481	2482	2483	2484	2485	2486	2487	2488	2489	2490	2491	2492	2493	2494	2495	2496	2497	2498	2499	2500
------	------	----	----	----	----	----	----	----	----	----	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------

TABEL II

KORRELASIENATRIJS VAN EERSTE 76 VOOR-WEDSTRIJDVRAAGLIJST

Vraag	3(a)	3(b)	4	5	6(a)	6(b)	6(c)	7(a)	7(b)	7(c)	8
3(a)	1,0000										
3(b)	0,0855	1,0000									
4	0,2553	0,4188	1,0000								
5	0,1931	0,2028	0,8299	1,0000							
6(a)	0,2889	0,3341	0,5488	0,5549	1,0000						
6(b)	0,2037	0,2160	0,3035	0,3037	0,3531	1,0000					
6(c)	0,3929	0,1488	0,4651	0,4952	0,6919	0,4998	1,0000				
7(a)	0,3448	0,1818	0,5837	0,6104	0,7653	0,5889	0,7433	1,0000			
7(b)	0,2794	0,1648	0,4603	0,4130	0,4567	0,7310	0,5368	0,5887	1,0000		
7(c)	0,3400	0,1057	0,5036	0,5348	0,6138	0,4647	0,7879	0,5609	0,7488	1,0000	
8	0,2844	0,3333	0,5321	0,4188	0,3905	0,5085	0,4634	0,3974	0,5141	0,3082	1,0000
9	0,0018	0,1024	0,2095	-0,0094	0,0342	0,0970	0,0858	-0,0080	-0,0113	0,0486	0,0354
10	0,1401	0,2044	0,3034	0,4373	0,3377	0,3923	0,3601	0,3336	0,3064	0,3315	0,4689
11	0,1531	0,1714	0,4131	0,4108	0,3737	0,3891	0,4184	0,4401	0,4309	0,4450	0,3878
12	0,1318	0,0551	0,3194	0,0980	0,1871	0,0909	0,1068	0,0609	0,1809	0,1693	0,1150
13	0,1479	0,3207	0,3989	0,2643	0,3015	0,3367	0,3871	0,3498	0,3812	0,3900	0,3373
14	0,1108	0,0968	0,4056	0,3819	0,3003	0,1710	0,1861	0,3003	0,3391	0,3368	0,1940
15	0,2882	0,0807	0,4120	0,3681	0,4034	0,3187	0,3864	0,5083	0,4741	0,5075	0,4383
16	0,0962	0,0093	0,3396	0,2136	0,3385	0,0143	0,1787	0,3010	0,0803	0,1010	0,2436
17	0,3938	0,0340	0,3369	0,1318	0,3480	0,0913	0,3101	0,3745	0,2998	0,2843	0,2843
18	0,0698	0,1063	0,3287	0,4301	0,3300	0,2827	0,3411	0,2958	0,3331	0,3647	0,1742
19	0,1110	0,0187	0,1189	0,1788	0,1898	0,5638	0,3723	0,3372	0,3736	0,3891	0,1941
20	0,1171	0,3885	0,2834	0,3055	0,3503	0,5466	0,4333	0,4017	0,3431	0,2945	0,3469
21	-0,0718	0,0090	0,1094	0,0418	0,1349	0,1638	0,1750	0,1833	0,5005	0,2391	0,0190
22	0,0856	0,1590	0,3894	0,3310	0,4504	0,0110	0,3873	0,4671	0,3123	0,2868	0,5774
23	0,1578	0,0388	0,3127	0,1554	0,3316	0,1373	0,0914	0,1374	0,3304	0,0430	0,3063
24	0,2144	0,0403	0,2316	0,3011	0,2334	0,3878	0,3355	0,4109	0,3521	0,3436	0,1708
25	0,0146	0,0687	0,5048	0,3779	0,3804	0,2183	0,3871	0,3464	0,3352	0,3304	0,0410
26	0,0380	0,0823	0,1230	0,3938	0,1371	0,0981	0,1211	0,3807	0,0817	0,1884	0,0410
27	0,1811	0,0320	0,3050	0,1844	0,3683	-0,0875	0,3646	0,4839	0,1439	0,4368	0,1632
28	0,1005	0,0633	0,4179	0,3389	0,1971	0,4813	0,3117	0,3358	0,3487	0,2760	0,5891
29	0,0548	-0,0370	0,0085	0,2384	0,1438	0,1321	0,3170	0,3397	0,1187	0,2379	-0,0468
30	0,3037	0,0743	0,3409	0,3414	0,3874	0,2733	0,4098	0,3738	0,5038	0,3683	0,2593
31	0,1487	-0,0333	0,0771	0,1695	0,1387	0,0431	0,0135	0,1317	0,0482	0,0978	0,1153

Vraag	9	10	11	12	13	14	15	16	17	18	19
9	1,0000										
10	-0,1748	1,0000									
11	-0,0633	0,3700	1,0000								
12	-0,1116	-0,0873	0,4073	1,0000							
13	0,3035	0,1053	0,1301	0,0561	1,0000						
14	0,0623	0,0444	0,1445	0,0913	0,2048	1,0000					
15	-0,1804	0,3506	0,3651	0,3438	0,2884	0,6181	1,0000				
16	-0,3745	0,2867	0,0822	0,0183	0,3189	0,3357	0,1430	1,0000			
17	-0,2110	0,3009	0,1880	0,3087	0,3268	0,2233	0,3308	0,3796	1,0000		
18	0,0510	0,1331	0,1744	-0,0543	0,2564	0,3018	0,3930	0,0870	0,1284	1,0000	
19	0,1604	0,0711	0,3057	0,1236	0,0809	0,3343	0,1327	-0,0418	0,0844	0,4471	1,0000
20	0,0941	0,2478	0,3364	-0,1190	0,3357	0,1584	0,1897	-0,3545	0,3064	0,2332	0,1788
21	0,0900	-0,0748	0,5313	0,1675	0,0804	0,1878	0,3208	-0,1064	0,0323	0,3075	0,2308
22	-0,0723	0,2783	0,0867	0,1100	0,2709	0,1813	0,3707	0,3321	0,4637	0,1835	-0,1080
23	-0,1753	0,2830	0,0091	-0,1413	0,1481	0,3738	0,3199	0,4079	0,3514	0,1642	-0,0120
24	0,0179	0,1357	0,3751	0,1109	0,2888	0,3896	0,1828	0,1823	0,0545	0,1781	0,5482
25	0,2014	0,1818	0,3077	-0,0046	0,3753	0,6878	0,3548	0,2408	0,2557	0,3383	0,2034
26	0,1834	-0,0165	0,2034	-0,0085	0,0509	0,1806	0,0238	0,1291	-0,1389	0,4334	0,2888
27	-0,2825	0,1894	0,1861	0,1923	0,0959	0,0186	0,4457	0,1503	0,4097	0,0815	-0,0048
28	0,0994	0,2052	0,3851	0,0366	0,3349	0,3035	0,2508	0,3307	0,2167	0,2886	0,0900
29	0,0412	0,0130	0,1721	0,1982	0,0365	-0,0204	0,0214	0,0153	-0,0718	-0,0338	0,0563
30	0,0263	0,3018	0,3318	0,1393	0,1832	0,2144	0,2875	0,1943	0,3013	0,2094	0,3630
31	0,0851	-0,0300	0,0333	0,1738	-0,0511	-0,0094	0,0188	-0,0501	0,0428	0,0083	0,1387

Vraag	20	21	22	23	24	25	26	27	28	29	30
20	1,0000										
21	0,0615	1,0000									
22	0,3394	-0,0349	1,0000								
23	0,2829	0,0628	0,3998	1,0000							
24	0,1799	0,2029	0,1118	0,1872	1,0000						
25	0,3934	0,3355	0,3136	0,4437	0,4087	1,0000					
26	0,3639	0,1914	0,0843	-0,1119	0,1548	0,1684	1,0000				
27	0,1161	-0,0459	0,5877	0,3079	0,1686	0,1725	0,1588	1,0000			
28	0,4334	0,1474	0,3673	0,2333	0,1904	0,0216	0,1879	0,3680	1,0000		
29	-0,0393	0,0465	0,1363	-0,1088	0,2056	0,0584	0,0347	0,3208	0,1424	1,0000	
30	0,1257	0,1826	0,3495	0,3375	0,3030	0,0151	0,1879	0,1868	0,1358	0,1770	1,0000
31	-0,0050	-0,0936	0,0336	0,0504	0,0340	0,3640	0,0382	0,3087	0,2187	0,2874	0,1833

tabel I as betroubaar aanvaar kan word.

'n Vergelyking van die korrelasies in tabel II met die ooreenstemmende korrelasies in tabel I toon dat bykans dieselfde neigings in albei teenwoordig is; gevolglik kon die korrelasies van tabel I as betroubaar aanvaar word vir verder ontledings.

Uit 'n oorsigtelike ondersoek van die verskillende items se onderlinge korrelasies in tabel I, blyk dat sommige items deurgaans laag met ander items korreleer. Dit beteken dat só 'n item onafhanklik staan en iets anders meet as wat dit veronderstel is om te meet. Vir die doeleindes van hierdie studie is so 'n item dus 'n swak aanduider van groepsaanhoringheid en behoort daarom weggelaat te word. Item wat oor die algemeen uitsonderlik laag korreleer, is die volgende: vrae 3(b), 9, 12 en 29. Ander items weer vertoon 'n betreklik hoë korrelasieprofiel: vrae 4, 6(a), 6(b), 6(c), 7(a), 7(b), 7(c), 15, 21 en 22. Uit tabelle I en II blyk ook dat sommige items, teen die verwagting in, laag met hul familie-items korreleer, maar betreklik hoog met ander komponente se items. Item 10, bedoel om taakgemotiveerdheid te meet, korreleer byvoorbeeld laag met ander taakgemotiveerdheid-items (3(b), 9, 11 en 12), maar relatief hoog met spanwerk-items 6(a), 6(b), 6(c), 7(a), 7(b) en 7(c). Vergelyk ook item 20. Hierdie betrokke items het die aanvanklike klassifisering van items bevraagteken en verdere ondersoek na die herklassifisering van items in komponente genoodsaak.

In die lig hiervan is besluit om 'n faktorontleding, gebaseer op 'n hoofkomponentontleding, op al die voor-wedstrydopnames uit te voer, vrae 1, 2, 31, en 33 tot 50 uitgesluit. Daar is met behulp van die BMDP-4M-rekenaarprogram ondersoek ingestel na (1) die geskiktheid van die 34 steekproef-items en (2) hoe goed elke item of veranderlike deur die oorblywende 33 items voorspel kan word. Die resultate verskyn in tabel III.

- (1) Gemeet aan Kaiser (Harman, 1967, p. 306) se maatstaf vir steekproefgeskiktheid was daar slegs enkele vrae met waardes kleiner as 0,90, en die gemiddelde waarde vir al die items was 0,91 tabel (III). Gevolglik is die steekproef as voldoende beskou.
- (2) Die akkuraatheid waarmee 'n gekose item of veranderlike (kriteriumveranderlike) deur die orige 33 veranderlikes (voorspellerveranderlikes) voorspel kan word, is deur middel van veelvoudige korrelasies tussen een item en die res, bereken. Hiermee kon die betreklike bydrae van elke item tot die totale variasie van die orige items bepaal word. Die volgende vrae, met 'n variasie hoër as 60%, kan uitgesonder word: vrae 7(c) met 87,32%; 7(a) met 83,74%; 7(b) met 82,26%; 6(c) met 78,95%; 4 met 71,32%; 6(b) met 71,27%; 6(a) met 70,30%; 5 met 65,02%; en 8 met 64,52% (tabel III). Hierdie waardes is in gedagte gehou by die finale seleksie van vrae.

TABEL III

**KAISER* SE MAATSTAF VIR STEEKPROEFGESKIKTHEID (MSG)
EN GEKWADREERDE VEELVOUDIGE KORRELASIES VAN ELKE
VERANDERLIKE MET AL DIE ANDER VERANDERLIKES
(GVK)**

Vrae	MSG	GVK
3(a)	0,958	0,2471
3(b)	0,825	0,2395
4	0,938	0,7132
5	0,931	0,6502
6(a)	0,921	0,7030
6(b)	0,894	0,7127
6(c)	0,946	0,7895
7(a)	0,894	0,8374
7(b)	0,902	0,8228
7(c)	0,905	0,8732
8	0,952	0,6452
9	0,821	0,3676
10	0,839	0,5119
11	0,853	0,4348
12	0,633	0,2979
13	0,942	0,5105
14	0,917	0,2058
15	0,953	0,5248
16	0,922	0,4980
17	0,937	0,4217
18	0,909	0,4907
19	0,915	0,4961
20	0,933	0,5299
21	0,874	0,4091
22	0,927	0,5258
23	0,937	0,3283
24	0,913	0,5090
25	0,907	0,5208
26	0,903	0,3596
27	0,923	0,4519
28	0,933	0,5119
29	0,619	0,2102
30	0,919	0,4513
32	0,897	0,3740

* Harman (1967, p. 306)

Vervolgens is daar met behulp van 'n hoofkomponent=ontleding nagegaan of die aanvanklike saamgroepering of "*clustering*" van items in die verskillende komponente van kohesie, statisties verifieerbaar is (vgl. p. 67). Die BMDP-4M-program is hiervoor gebruik. Al 34 gekose items is met mekaar gekorreleer en 'n hoofkomponentfaktorontleding is hierop uitgevoer. Altesaam 8 komponente of klusters is onderskei. Nadat faktorladings geroteer is, is faktore so gerangskik dat dié met ladings groter as 0,500 eerste geplaas is. Ladings kleiner as 0,250 is met nulwaardes vervang. Die resultate word in tabel IV saamgevat.

Die resultate van die faktorontleding, soos blyk uit tabel IV, is as bevredigend beskou daar dit basies ooreengestem het met die voorafgaande teoretiese klassifisering. Verder blyk dit dat die volgende 13 vrae baie duidelik in 'n enkelfaktorstruktuur groepeer: vrae 3(b), 6(b), 6(c), 7(b), 9, 12, 16, 17, 19, 24, 26, 27 en 29. Die oorblywende vrae het daarenteen 'n dubbele of 'n meervlakkige faktor=struktuur vertoon. Dit wil sê items was verwant aan meer as een faktor of kluster. So byvoorbeeld was vrae 4 en 8 in bykans gelyke mate verwant aan beide faktore 1 en 2. Soortgelyke neigings is ook opgemerk by vrae 5 (verwant aan faktore 1 en 2); 15 (verwant aan faktore 1, 2 en 3); 18 en 21 (aan faktore 2 en 4), en dies meer.

Daar is besluit om dieselfde data aan 'n meer gesofistikeerde faktorontledingtegniek te onderwerp,

TABEL IV
HOOFDKOMPONENTFAKTORONTLEDING

Vras	Faktor 1	Faktor 2	Faktor 3	Faktor 4	Faktor 5	Faktor 6	Faktor 7	Faktor 8
7(a)	0,830	0,252	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
8(a)	0,830	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
7(b)	0,817	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
7(a)	0,781	0,255	0,312	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
6(b)	0,763	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
8(a)	0,704	0,0	0,369	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
10	0,525	0,0	0,0	0,0	0,578	0,0	0,0	0,0
8	0,504	0,525	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
4	0,500	0,550	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
24	0,0	0,667	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
13	0,0	0,647	0,264	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
28	0,0	0,624	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	-0,302
5	0,485	0,563	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
15	0,288	0,572	0,382	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
16	0,0	0,0	0,722	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
22	0,0	0,289	0,714	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
17	0,0	0,0	0,705	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
27	0,0	0,0	0,699	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
26	0,0	0,0	0,0	0,699	0,0	0,0	0,0	0,0
19	0,0	0,0	0,0	0,666	0,0	0,0	0,0	0,0
18	0,0	0,314	0,0	0,609	0,0	0,0	0,0	0,0
21	0,0	0,440	0,0	0,576	0,0	0,0	0,0	0,0
9	0,0	0,0	0,0	0,0	-0,775	0,0	0,0	0,0
12	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,838	0,0	0,0
11	0,0	0,0	0,0	0,0	0,488	0,523	0,0	0,0
29	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,891	0,0
3(b)	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,770
25	0,0	0,357	0,290	0,401	0,401	0,0	0,0	0,0
14	0,0	0,341	0,0	0,0	0,0	0,0	0,408	0,300
3(a)	0,259	0,420	0,0	0,0	0,0	0,325	0,0	-0,255
20	0,0	0,486	0,441	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
23	0,0	0,0	0,460	0,319	0,0	0,0	0,0	0,0
30	0,318	0,0	0,272	0,492	0,0	0,0	0,0	0,0
32	0,0	0,477	0,0	0,0	0,293	0,0	0,0	0,0
Totale variatie	5,592	4,230	3,427	2,718	1,828	1,402	1,223	1,219

Die bovenstaande matrix is geherrangeëkt. Faktorloadings kleiner als 0,250 is met nul vervang.

naamlik die maksimumwaarneemlikheidsmetode. Die resultate word in tabel V weergegee. Die resultate van tabelle IV en V, met die uitsondering van enkele klemverskuiwings, stem basies ooreen.

Op hierdie stadium was dit moontlik om 'n finale seleksie van items te doen. Elke item is versigtig geweeg aan die hand van die onderlinge korrelasies (tabel I), die veelvoudige korrelasies (tabel III), die verspreiding van faktorladings (tabelle IV en V), met betrekking tot hul logiese en inhoudelike appèl, asook hul bruikbaarheid. Vraag 3(a) het betreklik laag gekorreleer met sy familie-items (vrae 4, 5, 8, 25, 28, 29, 30, 32). Daarbenewens het dit 'n meer-vlakkige karakter vertoon deurdat dit met faktore 1, 2, 6 en 8 (tabel IV) verband gehou het en dit 'n betreklike lae bydrae tot die totale variasie van die oorblywende items gelewer het (tabel III). In die lig hiervan is vraag 3(a) uitgeskakel. Vraag 3(b) is op grond van sy lae korrelasies, lae voorspellingsmoontlikhede en betreklik lae faktorlading uitgeskakel. Die doel van die ondersoek is om die verband tussen rugbyspanne se algemene samehorigheid en sukses te ondersoek. Dit gaan dus hier om groepsamehorigheid en nie soseer kliksamehorigheid nie; daarom is vrae 6(a), 6(b), 7(a) en 7(b) uit die saamgestelde vraelys uitgelaat. Vrae 12, 23 en 29 is gediskwalifiseer op grond van hul lae korrelasies met familie-items. Beide vrae 25 en 30 vertoon 'n heterogene karakter en is op grond daarvan, asook die feit dat hulle lae faktorladings het, uit die

TABEL V

MAKSIMUMWAARNEELIJKHEIDSFAKTORONTLEDING

Vras	Faktor 1	Faktor 2	Faktor 3	Faktor 4	Faktor 5	Faktor 6	Faktor 7	Faktor 8
7(b)	0,804	0,276	0,0	0,383	0,0	0,0	0,0	0,0
7(a)	0,782	0,304	0,0	0,383	0,0	0,0	0,0	0,0
8(a)	0,782	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
8(b)	0,763	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	-0,274
7(a)	0,705	0,337	0,315	0,0	0,0	0,0	0,0	0,450
8(a)	0,601	0,0	0,379	0,0	0,0	0,0	0,0	0,278
5	0,362	0,644	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
13	0,0	0,618	0,375	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
4	0,393	0,608	0,0	0,0	0,388	0,0	0,0	0,0
8	0,480	0,556	0,375	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
24	0,0	0,547	0,0	0,303	0,0	0,0	0,0	0,0
16	0,0	0,535	0,258	0,358	0,0	0,0	0,0	0,0
28	0,0	0,521	0,0	0,0	0,0	0,278	0,0	0,0
16	0,0	0,0	0,668	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
22	0,0	0,388	0,655	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
17	0,0	0,0	0,622	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
27	0,0	0,0	0,559	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
19	0,0	0,0	0,0	0,554	0,0	0,0	0,0	0,0
26	0,0	0,0	0,0	0,542	0,0	0,0	0,0	0,0
9	0,0	0,0	0,0	0,0	0,601	0,0	0,0	0,0
10	0,438	0,0	0,0	0,0	0,585	0,0	0,0	0,0
35	0,0	0,0	0,256	0,255	0,0	0,832	0,0	0,0
11	0,0	0,0	0,0	0,283	0,470	0,0	0,529	0,0
12	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,546	0,0
21	0,0	0,343	0,0	0,441	0,0	0,0	0,0	0,0
23	0,0	0,0	0,348	0,273	0,0	0,0	0,0	0,0
3(b)	0,0	0,0	0,0	0,0	0,378	0,0	0,0	0,0
3(a)	0,0	0,323	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
20	0,0	0,460	0,447	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
14	0,0	0,318	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
18	0,0	0,317	0,0	0,472	0,0	0,0	0,0	0,0
29	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
30	0,0	0,0	0,0	0,493	0,0	0,0	0,0	0,0
32	0,0	0,388	0,0	0,0	0,0	0,352	0,0	0,0
Totale variatie	4,522	2,977	2,956	2,188	1,453	1,153	0,902	0,558

Die bestaande matrix is geherrangeëk. Faktorloadings kleiner as 0,350 is met nul vervang.

finale vraelys uitgelaat.

Na noukeurige oorweging is daar op die volgende 23 vrae besluit: vrae 4, 5, 6(c), 7(c), 8, 9, 10, 11, 13, 14, 15, 16, 17, 18, 19, 20, 21, 22, 24, 26, 27, 28 en 32. Hierdie vrae het rondom die volgende dimensies of faktore gegroepeer:

faktor 1 aangetrokkenheid tot die span, vrae 4, 5, 8, 13, 15, 20, 24, 28, 32;

faktor 2 evaluering van die afrigter, vrae 16, 17, 22, 27;

faktor 3 spanwerk/samewerking, vrae 6(c), 7(c);

faktor 4 tussenpersoonlike aangetrokkenheid, vrae 14, 18, 19, 21, 26; en

faktor 5 taakgemotiveerdheid, vrae 9, 10 en 11.

Ten einde te verifieer of die seleksie stand hou, is 'n finale faktorontleding op dié 23 geselekteerde items gedoen. Die resultate van hierdie ontleding word in tabel VI saamgevat.

Die groepering van items rondom die vyf faktore is weliswaar nie waterdig nie, maar die patroon is duideliker as by die vorige ontledings.

Die vrae wat hoë faktorladings in faktor 1 vertoon (vrae 24, 13, 5, 15, 28, 4, 8 en 20) het dit met mekaar in gemeen dat hulle die individu se aangetrokkenheid tot die span meet. Vrae 13, 5, 15, 4, 8 en 20 vertoon 'n meervlakkige of heterogene karakter en

kan gevolglik op grond van statistiese oorweegredes vir weglating oorweeg word.

In faktor 2 vertoon die vrae groter homogeniteit. Vrae 16, 22, 17 en 27 meet spanlede se evaluering van die afrigter en hou met leierskap verband. Onderling korreleer bogenoemde vrae betreklik hoog met mekaar en kan hulle as maatstawwe vir die meting van leierskap aanvaar word.

TABEL VI

FAKTORONTLEDING OP 23 GESELEKTEERDE VOOR-WEDSTRYDVRAE

Vrae	Faktor 1	Faktor 2	Faktor 3	Faktor 4	Faktor 5
24	0,708	0,0	0,0	0,0	0,0
13	0,897	0,261	0,0	0,0	0,0
5	0,628	0,0	0,496	0,0	0,0
15	0,624	0,274	0,0	0,0	0,0
28	0,604	0,0	0,0	0,0	0,0
4	0,593	0,0	0,514	0,0	0,0
8	0,558	0,253	0,498	0,0	0,0
20	0,517	0,466	0,0	0,0	0,0
16	0,0	0,753	0,0	0,0	0,0
22	0,298	0,731	0,0	0,0	0,0
17	0,0	0,728	0,0	0,0	0,0
27	0,0	0,674	0,290	0,0	0,0
6(c)	0,260	0,0	0,775	0,277	0,0
7(c)	0,325	0,0	0,766	0,292	0,0
10	0,0	0,0	0,638	0,0	0,479
26	0,0	0,0	0,0	0,768	0,0
19	0,0	0,0	0,0	0,653	0,0
21	0,434	0,0	0,0	0,601	0,0
18	0,328	0,0	0,0	0,596	0,0
9	0,0	0,0	0,0	0,0	0,815
11	0,0	0,269	0,0	0,294	0,627
14	0,442	0,0	0,0	0,0	0,0
32	0,485	0,0	0,0	0,0	0,296
Totale variasie	4,223	2,885	2,800	2,260	1,628

Die bostaande matrys is geherrangskik. Faktorladings kleiner as 0,250 is met nul vervang.

Faktor 3 vertoon 'n sterk heterogene karakter. Vrae 6(c) en 7(c) vertoon die hoogste faktorladings. Hierdie vrae is ontwerp om die omvang van spanwerk en samewerking binne die span te bepaal. Op grond van die feit dat vrae 5, 4 en 8 hoër faktorladings in faktor 1 as in faktor 3 vertoon, kan hulle vir weglating uit faktor 3 oorweeg word. Dieselfde rede geld ook vir vraag 27, wat 'n hoër waarde in faktor 2 vertoon. Die aanvanklike inhoudelike en logiese klassifisering van vrae onderskryf bogenoemde statistiese maatstawwe. Statisties meet vraag 10 spanwerk en samewerking, maar teoreties meet dit 'n speler se taakgemotiveerdheid. Op grond van hierdie dubbelslagtigheid en die feit dat vraag 10 betreklik laag korreleer met vrae 6(c) en 7(c) is dit vir weglating uit faktor 3 oorweeg.

Die vrae wat in faktor 4 groepeer (26, 19, 21 en 18), vertoon 'n redelike homogene karakter. Hierdie vrae is ontwerp om aspekte rakende tussenpersoonlike aangetrokkenheid te meet en korreleer betreklik hoog met mekaar. Vrae 6(c), 7(c) en 11 hou ook verband met faktor 4, dog vertoon hoër faktorladings in faktore 3 (vrae 6(c) en 7(c)) en 5 (vraag 11), en hierbenewens is hulle ook nie ontwerp om tussenpersoonlike aangetrokkenheid te meet nie.

Faktor 5 se vrae (10, 9, 11 en 32) vertoon op hul beurt 'n meervlakkige karakter. Behalwe vraag 32 is al die vrae ontwerp om spanlede se taakgemotiveerdheid te meet. In verhouding tot hul korrelasies met

ander vrae, korreleer vrae 10, 9 en 11 betreklik hoog met mekaar.

Samevattend blyk dit dat die volgende vyf faktore deur die faktorontleding geïdentifiseer is:

- faktor 1 individuele aangetrokkenheid tot die span;
- faktor 2 evaluering van die afrigter;
- faktor 3 spanwerk/samewerking;
- faktor 4 tussenpersoonlike aangetrokkenheid; en
- faktor 5 taakgemotiveerdheid.

Die statistiese klassifisering van vrae het in 'n groot mate ooreengestem met die aanvanklike klassifisering (vgl. p. 67) wat op grond van logiese en inhoudelike oorweegredes gedoen is. Daar was egter ook vrae wat ontwerp was om een spesifieke komponent van kohesie te meet terwyl dit statisties met meer as een komponent verband gehou het. Die feit dat groepkohesie in 'n sportsituasie afhanklik is van die dinamiese wisselwerking tussen alle komponente van groepkohesie, soos spanwerk, tussenpersoonlike aangetrokkenheid, spelers se aangetrokkenheid tot hul span, hul gemotiveerdheid en die mate waarin die afrigter sy span in 'n suksesvolle eenheid saamsnoer, kan as rede vir dié neiging aangevoer word.

Op grond van die voorafgaande bespreking waarin elke item geweeg is aan sy teoretiese inhoud, logiese appèl, die aard en omvang van korrelasies met ander items, die meervoudige korrelasies en die groepering

van items binne faktore, is daar op die volgende 21 finale vrae uit die voor-wedstrydvraelys besluit:

- faktor 1 spanwerk, vrae 6(c), 7(c);
- faktor 2 tussenpersoonlike aangetrokkenheid, vrae 18 19, 21, 26;
- faktor 3 aangetrokkenheid tot die span, vrae 4, 5, 8, 13, 15, 20, 24, 28;
- faktor 4 taakgemotiveerdheid, vrae 9, 10, 11; en
- faktor 5 evaluering van die afrigter, vrae 16, 17, 22 en 27.

Vrae 14 en 32 is uit die finale vraelys uitgelaat omrede daar 8 items met hoër faktorladings as vrae 14 en 32 in faktor 1 groepeer (tabel VI). Hierbenewens vertoon beide vrae betreklik lae korrelasies met familie-items, dit wil sê items van dieselfde komponent.

Behalwe vir vraag 11 geld dieselfde seleksie van vrae eweneens vir die na-wedstrydvraelys aangesien dieselfde 20 vrae daarin voorkom. Al verskil tussen die voor- en na-wedstrydvraelyste is dat eersgenoemde vraelys toekomsgerig is en laasgenoemde retrospektief van aard is. Gevolglik is dieselfde 20 vrae plus vrae 12(a), 12(d) en 12(e) van die na-wedstrydvraelys as die 23 finale vrae van die na-wedstrydvraelys geselekteer. Vrae 12(a), 12(d) en 12(e) is vrae wat onderskeidelik taakgemotiveerdheid, spanwerk en evaluering van die afrigter direk meet en is

derhalwe in die na-wedstrydvraelys ingesluit.

Die finale na-wedstrydvraelys het soos volg daaruit gesien:

- faktor 1 spanwerk, vrae 6(c), 7(c), 12(d);
- faktor 2 tussenpersoonlike aangetrokkenheid, vrae 18, 19, 21, 26;
- faktor 3 aangetrokkenheid tot die span, vrae 4, 5, 8, 13, 15, 20, 24, 28;
- faktor 4 taakgemotiveerdheid, vrae 9, 10, 12(a); en
- faktor 5 evaluering van die afrigter, vrae 12(e), 16, 17, 22 en 27.

Volgens bogaande metode dan is daar te werk gegaan om 'n finale keuse van vrae te verkry vir die meting van groepsamehorigheid. Die *Sports Cohesiveness Questionnaire* van Martens et al. (1972) is as basis gebruik maar dit is aansienlik vereenvoudig daar oorbodige items weggelaat is. Ingewikkelde statistiese verwerkings is gebruik ten einde by 'n finale keuse van items uit te kom. Hierdie vraelyste, bestem om spansamehorigheid in rugby te meet, voor en na wedstryde, word in bylae G en H aangeheg. Die vrae is ewekansig gerangskik en beskikbaar vir gebruik.

2 BEREKENING VAN VERSKILLE

2.1 Voorbereiding van data en statistiese ontwerp

Waar dit in die voorafgaande afdeling gegaan het om

die samestelling van 'n skaal vir die meting van groepkohesie in rugbyspanne, word daar in hierdie afdeling gesoek na moontlike verskille tussen spanne se groepsamehorigheid en die mate van sukses wat hulle gedurende die seisoen behaal het. Daar word nagegaan welke invloed wen of verloor het op spanne se samehorigheid, asook watter invloed residensiële verskille het op die groepsamehorigheid van spanne.

Ten einde hantering en interpretering te vergemaklik, moes die 21 voor-wedstrydvrae en 23 na-wedstrydvrae vereenvoudig word tot nagenoeg vyf veranderlikes.

Omdat sommige vrae op 'n 9-puntskaal en ander op 'n 5-puntskaal gebaseer was, is alle vrae by wyse van transformasie na gelyke groothede herlei. Hierna is die gemiddelde waardes per proefpersoon vir die 5 verskillende faktore bereken en is elk as 'n afhanklike veranderlike beskou.

Na voltooiing van die getransformeerde data is 'n nuwe stel ponskaarte voorberei. Alle verdere berekeninge is op hierdie 5 veranderlikes en hul getransformeerde waardes uitgevoer.

Die vyf komponente waaruit groepkohesie saamgestel is, te wete spanwerk, tussenpersoonlike aangetrokkenheid, aangetrokkenheid tot die groep, taakgemotiveerdheid en spelers se evaluering van hul afrigter, is elk as 'n afhanklike veranderlike gebruik. Die statistiese model wat gebruik is om verskille tussen

onafhanklike groepe na te speur, is dié van variansie=ontleding (Winer, 1971). Wanneer afhanklike veranderlikes onafhanklik van mekaar staan, dit wil sê as hulle glad nie met mekaar korreleer nie, word eenrigtingvariensieontledings aanbeveel. Sou die afhanklike veranderlikes egter tussenafhanklik wees, dit wil sê met mekaar korreleer, word meervoudigevariensieontledings aanbeveel, daar laasgenoemde ontleding rekening hou met die onderlinge afhanklikheid van veranderlikes. 'Alvorens verdere berekeninge dus gedoen kon word, was dit nodig gewees om eers vas te stel of die vyf nuwe afhanklike veranderlikes, afgelei uit die getransformeerde waardes en hul gemiddeldes, onderling verwant is.

Daar die voor- en na-wedstrydvraelyste van mekaar verskil het, is twee korrelasiemategyse saamgestel (tabel VII en VIII).

Die korrelasies van beide vraelyste toon dat die vyf afhanklike veranderlikes onderling verwant is en meervoudigevariensieontledings gebruik moes word om verskille te bepaal. 'n Rekenaarprogram, soos voorgestel deur Miller (1966, p. 202-208) en Rao (1973, p. 555-556), is ontwerp om 'n meervoudigevariensieontleding op die voor- en na-wedstryddata uit te voer. Daarna is die data aan 'n diskriminantfunksieontleding onderwerp (Tatsuoka, 1970, p. 1-57). Dit is opgevolg met toepaslike eenrigtingvariensieontledings wat die tussenafhanklikheid van die vyf afhanklike verander-

TABEL VII

KORRELASIEMATRYN VAN VOOR-WEDSTRYDVERANDERLIKES

Veranderlikes	1	2	3	4	5
1	1,0000				
2	0,4905	1,0000			
3	0,6822	0,5670	1,0000		
4	0,4512	0,3038	0,4421	1,0000	
5	0,4537	0,3797	0,5703	0,3585	1,0000

TABEL VIII

KORRELASIEMATRYN VAN NA-WEDSTRYDVERANDERLIKES

Veranderlikes	1	2	3	4	5
1	1,0000				
2	0,4170	1,0000			
3	0,5528	0,6476	1,0000		
4	0,4162	0,3271	0,4164	1,0000	
5	0,4420	0,5012	0,5945	0,4278	1,0000

Veranderlikes:

1 = Spanwerk

2 = Tussenpersoonlike aangetrokkenheid

3 = Aangetrokkenheid tot span

4 = Taakgemotiveerdheid

5 = Evaluering van afrigter

likes negeer. Die *post hoc*-toetse, soos voorgestel deur Winer (1971), is met behulp van 'n handrekenaar gedoen.

2.2 Meervoudigevariansieontleding

Die kritieke vraag wat met hierdie ontleding beantwoord moes word, was of daar verskille bestaan tussen die groepsamehorigheid van spanne, inagnemende die tussenafhanklikheid van die vyf afhanklike veranderlikes.

Gebruikmakende van Tatsuoka (1971, p. 194-216) se formule is die voor- en na-wedstryddata aan 'n meervoudigevariansieontleding onderwerp. Die ontwerp van die ontleding het as volg daaruit gesien: faktor A was saamgestel uit die 5 spanne, met 15 spelers per span, 'n totaal van 75 spelers dus. Faktor B het bestaan uit die 8 herhaalde kohesie metings wat op elke spanlid gedoen is. Die finale ontwerp was dus 'n 5x8-meervoudigevariansieontleding met 5 afhanklike veranderlikes per proefpersoon. 'n Rekenaarprogram is ontwerp om hierdie omvangryke ontleding te behartig.

Eerstens is daar met behulp van Rao se R-formule (Tatsuoka, 1971, p. 200) nagegaan of spanne ten opsigte van hul groepsamehorigheid beduidend van mekaar verskil. Hierdie berekening neem al vyf veranderlikes met hul tussenafhanklikheid in aanmerking by die bepaling van verskille. Omdat Rao se R nagenoeg 'n F-verspreiding vertoon, kon die R-waarde aan 'n F-tabel getoets word. Die resultate toon dan ook dat,

inagnemende alle veranderlikes, die spanne hoogs be-
duidend van mekaar verskil ($R_{16:205} = 2,37$; $p < 0,001$).
Dit dui egter nie spesifiek aan welke spanne van me-
kaar verskil of ten opsigte van welke veranderlikes
die belangrikste verskille voorkom nie. Dit sal deur
bykomende ontledings gedoen moet word. Die belang-
rike hier is egter dat daar betekenisvolle verskille
bestaan en dat verdere ontledings sinvol sal wees.


Tweedens is daar met behulp van Rao se R-formule vas-
gestel of die verskille wat tussen spanne bestaan,
beïnvloed is deur die wedstryde wat gespeel is. Daar
is gevind dat daar 'n hoogs beduidende interaksie tus-
sen spanne en wedstryde voorgekom het ($R_{140:275} =$
 $3,98$; $p < 0,001$). By implikasie beteken dit dat ver-
skille in groepsamehorigheid nie sondermeer aan ver-
skille tussen spanne toegeskryf kan word nie (byvoor-
beeld die tipe koshuis, grootte, ensovoorts), maar dit
mede bepaal word deur wedstryde en dit wat daarmee
saamgaan. Dit is 'n belangrike bevinding wat nie
uit die oog verloor moet word wanneer nagegaan word
hoedanig spesifieke spanne ten opsigte van groepsame-
horigheid van mekaar verskil nie.

In figuur 1 word die interaksie tussen die onderskeie
spanne se groepsamehorigheid tydens elke wedstryd
(voor- en na-wedstrydopnames) grafies voorgestel.
Die gemiddelde waarde van die 5 veranderlikes is as
groepsamehorigheidsindeks van elke span geneem.

Uit figuur 1 blyk dat spanne 1 en 4 oor die algemeen

FIGUUR 1

GROEPSAMEHORIGHEIDINDEKS PER SPAN VERSPREI OOR 8 OPNAMES



'n hoër groepsamehorigheidsindeks gehandhaaf het as spanne 2, 3 en 5. Spanne 3 en 5 het 'n betreklik gemiddelde kohesieprofiel gehandhaaf, terwyl Span 2 deurgaans 'n lae kohesieprofiel vertoon het. Uit figuur 1 blyk verder dat variasie in kohesie tussen spanne, sowel as binne spanne voorgekom het.

Vervolgens is 'n aantal *post hoc*-toetse, soos voorgestel deur Miller (1966, p. 205), uitgevoer om vas te stel hoedanig bepaalde spanne van mekaar verskil. Ook in hierdie geval is van die meervoudigevariansieontledingsmetode gebruik gemaak, dit wil sê van al 5 veranderinglikes tegelyk. 'n Gemiddelde kohesiepunt vir elke span is bereken oor die 8 opnames van die seisoen. Die volgende gemiddeldes is verkry: Span 1 = 9,02; Span 2 = 7,42; Span 3 = 8,11; Span 4 = 8,39; en Span 5 = 8,23. Die verskille tussen die spanne is bereken. Verskille groter as 0,525 was op 'n 5%-peil beduidend en verskille groter as 0,585 op 'n 1%-peil. Soos blyk uit tabel IX het die span met die hoogste groepsamehorigheidsindeks naamlik, Span 1, deurgaans hoogs beduidend van alle ander spanne verskil ($p < 0,01$). Span 2, wat die laagste kohesieprofiel gehandhaaf het, vertoon eweneens hoogs beduidende kohesieverskille met al vier die ander spanne ($p < 0,01$). Die kohesieverskille tussen spanne 3 en 4, 3 en 5, en 4 en 5 was onbeduidend.

TABEL IX

BEDUIDENDHEID VAN GROEPSAMEHORIGHEIDSVERSKILLE
TUSSEN SPANNE

Spanne	1	2	3	4
2	1,60**			
3	0,91**	0,69**		
4	0,63**	0,97**	0,28	
5	0,79**	0,81**	0,18	0,16

** $p < 0,01$

2.3 Diskriminantfunksieontleding

Wanneer twee of meer groepe vergelyk word met betrekking tot 'n aantal veranderlikes, is dit van belang om nie slegs te sien of hulle betekenisvol van mekaar verskil nie, maar indien hulle verskil, ook die aard van die verskille te ontleed. Die probleem is egter dat 'n toename in die getal veranderlikes, die interpretasie van verskille tussen twee of meer groepe bemoeilik. Daar moet dus na 'n alternatiewe metode gesoek word om groepsverskille te verklaar. Een so 'n tegniek is die diskriminantfunksieontleding waarvolgens die veranderlikes in 'n liniêre vergelyking uitgedruk word en aan elke veranderlike 'n bepaalde waarde toegeken word. Deur hierdie waardes te ontleed, word die navorser in staat gestel om 'n meer akkurate afleiding te maak ten opsigte van die aard van die groepsverskille met betrekking tot 'n gegewe aantal veranderlikes, as wanneer hy elke veranderlike individueel sou ontleed sonder om rekening te hou met

hul tussenafhanklikheid en gedeeltelike oorvleueling van inligting.

In die lig hiervan is die data aan 'n diskriminant-funksieontleding onderwerp (Tatsuoka, 1970, p. 1-57). Net soos in die geval van die meervoudigevariansie-ontleding, het die model bestaan uit 5 spanne, met 15 spelers per span, en 8 herhaalde metings wat op elke speler gedoen is. 'n Rekenaarprogram is ontwerp om die 5x8-faktoriesemodel, met 5 afhanklike veranderlikes per proefpersoon, te ontleed.

Uit die resultate, soos saamgevat in tabel X, blyk dat taakgemotiveerdheid hoofsaaklik verantwoordelik is vir die kohesieverskille wat tussen spanne opgemerk is. Naas taakgemotiveerdheid het spanwerk die grootste bydrae gelewer tot die verskille in spansamehorigheid tussen die onderskeie spanne.

Die oorblywende afhanklike veranderlikes se bydraes in hierdie verband was daarteenoor gering (tabel X). By implikasie beteken dit dus dat daar in die bespreking van die resultate rekening gehou moet word met die feit dat taakgemotiveerdheid en spanwerk hoofsaaklik verantwoordelik was vir die beduidende kohesieverskille wat tussen die spanne voorgekom het (tabelle IX en X).

TABEL X

DISKRIMINANTWAARDES VAN VYF SPANNE SE VOOR-
EN NA-WEDSTRYDVERANDERLIKES

Veranderlikes	Diskriminantwaardes
1. Spanwerk	-0,3083
2. Tussenpersoonlike aangetrokkenheid	0,1024
3. Aangetrokkenheid tot span	0,1696
4. Taakgemotiveerdheid	0,9300
5. Evaluering van afrigter	0,0294

2.4 Eenrigtingvariansieontledings

Die gegewens van die vyf spanne, elk met 15 lede per span, is oor 8 opnames versprei. Elke spanlid is 8 keer getoets, 4 keer voor en 4 keer na die 4 gekose wedstryde. Twee faktore is onderskei, naamlik 'n span=faktor en 'n wedstrydfaktor; 'n 5x8-faktoriesemodel met herhaaldelike metings op die wedstrydfaktor is gebruik (Winer, 1971, p. 514-603). Die 5 afhanklike veranderlikes (spanwerk/samewerking, tussenpersoonlike aangetrokkenheid, aangetrokkenheid tot die span, taakgemotiveerdheid en evaluering van die afrigter) is elkeen aan 'n variansieontleding onderwerp.

2.4.1 Spanwerk/samewerking

Ten einde vas te stel of, (1) spanwerk van span tot

span betekenisvol verskil en, (2) of dit enigsins beïnvloed word deur die wedstrydfaktor, is die data aan 'n 5x8-eenrigtingvariëansieontleding (spanne x wedstryd), met herhaaldelike metings op die laaste faktor, onderwerp. Die resultate word in tabel XI saamgevat.

TABEL XI

RESULTATE VAN DIE EENRIGTINGVARIËANSIEONTLEDING UITGEVOER OP SPANWERK AS DIE AFHANKLIKE VERANDERLIKE

Bron van variësie	Vryheidsgrade	Gemiddelde kwadrate	F-waarde	p-waarde
Tussen proefpersone	<u>74</u>			
A (Spanne)	4	47,70	11,39	0,000
Proefpersone binne spanne	70	4,19		
Binne proefpersone	<u>525</u>			
B (Wedstryde)	7	8,89	7,08	0,000
AB (Spanne x Wedstryde)	28	8,47	6,74	0,000
B x Proefpersone binne spanne	490	1,26		

Uit die resultate blyk dat daar ten opsigte van spanwerk hoogs beduidende verskille tussen spanne bestaan ($F_{4:70} = 11,39$; $p < 0,001$).

Die sterk interaksie tussen die span- en die wedstrydfaktor ($F_{28:490} = 6,74$; $p < 0,001$) dui daarop dat beide bygedra het tot die verskille wat opgemerk is. Verskille ten opsigte van spanwerk kan dus nie net gesien word met betrekking tot invloede eie aan bepaalde spanne en koshuise nie; ervaringe rondom wedstryde (wen of verloor, ensovoorts) speel eweneens 'n belangrike rol.

Meer inligting aangaande die interaksie tussen spanne en wedstryde kan verkry word wanneer die selgemiddeldes van spanne en wedstryde bestudeer word (tabel XII en figuur 2).

TABEL XII

DIE SELGEMIDDELDDES VAN SPANNE SE SPANWERK GEDURENDE DIE SEISOEN


Spanne	n	Wedstryd 1		Wedstryd 4		Wedstryd 8		Wedstryd 12		Y
		Voor	Na	Voor	Na	Voor	Na	Voor	Na	
1	16	8,16	7,08	8,16	8,81	8,83	8,64	8,44	6,49	8,10
2	16	6,69	5,61	6,48	5,83	6,58	6,10	6,74	7,38	6,38
3	16	7,48	8,25	8,28	7,93	7,82	7,16	7,53	6,32	7,59
4	16	7,19	7,48	8,48	5,86	8,37	7,81	7,74	7,80	7,44
5	16	7,41	8,52	8,07	7,11	7,70	8,67	7,60	7,60	7,59
Y	16	7,36	7,38	7,69	8,87	7,88	7,16	7,61	7,11	7,42
		7,37		7,43		7,52		7,26		

Uit tabel XII en figuur 2 blyk dat spanne se gemiddelde spanwerk van mekaar verskil en dat dit ook van wedstryd tot wedstryd kan varieer, asook van voor-wedstrydopnames tot na-wedstrydopnames. Span 1 se spanlede het oor die algemeen hul spanwerk baie gunstig beoordeel en 'n gemiddelde waarde van 81,0% daaraan toegeken. Span 2, met 'n gemiddeld van 63,8% het hul spanwerk die laagste geëvalueer (tabel XII). Spanne 3, 4 en 5 verskil wat die groot gemiddeld betref, min van mekaar.

Uit figuur 2 blyk dat daar verskille bestaan tussen spanlede se beoordeling van die omvang van spanwerk voor en na wedstryde. Oor die algemeen was spanlede geneig om die omvang van spanwerk 'n dag voor die betrokke wedstryd gunstiger te evalueer as twee dae

FIGUUR 2

SELGEMIDDELDES PER SPAN VERSPREI OOR 8 OPNAMES MET SPANWERK AS
DIE AFHANKLIKE VERANDERLIKE



nadat die wedstryd plaasgevind het. Hierdie neiging word duidelik in figuur 2 weerspieël. Uitgesonderd die eerste wedstryd se voor- en na-wedstrydopnames, was daar telkens 'n afname van voor-wedstrydbeoordelings na na-wedstrydbeoordelings. Uitsonderinge is egter spanne 1 (wedstryd 2), 2 (wedstryd 4) en 4 (wedstryd 4). Die algemene neiging is egter dat spanne kort voor 'n wedstryd hul spanwerk gunstiger beoordeel het as kort na afloop van die wedstryd. Waarskynlik hou hierdie neiging verband met die uitslag van die wedstryd. Hierdie aspek word later verder ontleed.

Ten einde vas te stel wat die omvang van die verskille tussen spanne is, is die Newman-Keuls-*post hoc*-toets gebruik (Winer, 1971, p. 185-196, 528-530). Span 2, wat die laagste telling op die spanwerkskaal verwerf het, het beduidend ($p < 0,01$) van alle ander spanne verskil. Tussen die oorblywende spanne is tot op die 5%-peil geen verskille gevind nie. Span 2 was dus hoofsaaklik verantwoordelik vir die verskille wat daar by die spanfaktor opgemerk is. Ongelukkig kan nie veel gewig aan hierdie verskille toegeken word nie, daar die hoë interaksie met die wedstrydfaktor terselfdertyd in berekening gebring moet word. Spanverskille kan nie onafhanklik gesien word van wedstrydverskille nie.

2.4.2 Tussenpersoonlike aangetrokkenheid

Tussenpersoonlike aangetrokkenheid was 'n volgende afhanklike veranderlike wat aan 'n 5x8-variansieontleding (spanne x wedstryde) onderwerp is. In

tabel XIII word die resultate saamgevat.

TABEL XIII

RESULTATE VAN DIE EENRICHTINGVARIANSIEONTLEDING UITGEVOER OP TUSSENPERSONLIKE AANGETROKKENHEID AS DIE AFHANKLIKE VERANDERLIKE

Bron van variasie	Vryheidsgrade	Gemiddelde kwadrate	F-waarde	p-waarde
Tussen proefpersone	<u>74</u>			
A (Spanne)	4	24,47	5,64	0,000
Proefpersone binne spanne	70	4,34		
Binnse proefpersone	<u>525</u>			
B (Wedstryde)	7	1,94	1,68	0,111
AB (Spanne x Wedstryde)	28	1,29	1,12	0,311
B x Proefpersone binne spanne	490	1,15		

Uit tabel XIII blyk dit dat daar ten opsigte van tussenpersoonlike aangetrokkenheid hoogs beduidende verskille tussen spanne bestaan ($F_{4:70} = 5,64$; $p < 0,001$).

'n Onbeduidende interaksie tussen spanne en wedstryde het voorgekom ($F_{28:490} = 1,12$; $p > 0,311$), wat toon dat tussenpersoonlike aangetrokkenheid nie noemenswaardig deur wedstryde beïnvloed is nie. Span- en koshuisverband was dus die belangrikste faktor wat tussenpersoonlike aangetrokkenheid bepaal het. Verskille ten opsigte van tussenpersoonlike aangetrokkenheid moet dus gesien word met betrekking tot invloede eie aan elke span en koshuis.

'n Duideliker voorstelling van die interaksie tussen spanne en wedstryde word verkry deur die selgemiddeldes en wedstrydgemiddeldes te bestudeer (tabel XIV en figuur 3).

TABEL XIV

DIE SELGEMIDDELSDE VAN SPANNE SE TUSSENPERSONLIKE AANGETROKKENHEID GEDURENDE DIE SEISOEN

Spanne	n	Wedstryd 1		Wedstryd 4		Wedstryd 8		Wedstryd 12		X
		Voor	Na	Voor	Na	Voor	Na	Voor	Na	
1	16	8,30	8,30	8,43	8,88	8,80	8,73	8,60	8,37	8,61
2	16	8,83	8,40	8,23	7,90	8,37	8,07	8,37	8,17	8,29
3	16	8,87	8,20	8,00	8,87	8,80	8,50	8,87	8,83	8,83
4	16	8,75	8,37	8,33	8,40	8,10	8,90	8,87	8,40	8,88
5	16	8,83	8,23	8,47	7,87	8,87	8,97	8,47	8,40	8,68
X	16	8,86	8,06	8,89	8,69	8,89	8,83	8,83	8,57	8,83
		8,86		8,74		8,86		8,70		


Tussenpersoonlike aangetrokkenheid skyn 'n redelike stabiele veranderlike te wees. In figuur 3 is die betreklik klein variasie tussen spanne, en van opname tot opname, opmerklik. Tussenpersoonlike aangetrokkenheid ontwikkel reeds vroeg in die seisoen en bly redelik konstant.

Dit blyk verder dat al die spanne deurgaans meer as 78,7% tot mekaar aangetrokke gevoel het. 'n Opmerlike hoë gemiddelde waarde van 88,2% is verkry. Saamgelees met die resultate van die variansieontleding (tabel XIII), wil dit dus voorkom of span- en koshuisverband 'n besondere invloed gehad het op die ontwikkeling van tussenpersoonlike aangetrokkenheid tussen spelers.

Die invloed van wedstrydveranderlikes (wen of verloor, ensovoorts) op die tussenpersoonlike aangetrokkenheid in spanne betref, het dit 'n minder belangrike rol

FIGUUR 3

SELGEMIDDELTES PER SPAN VERSPREI OOR 8 OPNAMES MET TUSSENPERSOON-
LIKE AANGETROKKENHEID AS DIE AFHANKLIKE VERANDERLIKE



gespeel as in die geval van spanwerk. Wedstrydveranderlikes het minder variasie ten opsigte van tussenpersoonlike aangetrokkenheid veroorsaak as spanne. Die variasie wat wel voorgekom het, was statisties onbeduidend (tabel XIII).

Soos in die geval van spanwerk vertoon Span 1 die hoogste tussenpersoonlike aangetrokkenheidsprofiel en Span 2 die laagste (figuur 3).

Die omvang van verskille tussen spanne is weer eens *post hoc* bereken (Newman-Keuls-metode). Span 1 het betekenisvol van spanne 2 en 5 verskil ($p < 0,01$) en op die 5%-peil betekenisvol van spanne 3 en 4. Tussen die oorblywende spanne is daar tot op die 5%-waarskynlikheidspeil geen verskille gevind nie. Span 1 was dus hoofsaaklik verantwoordelik vir die hoogs beduidende verskil wat by die spanfaktor opgemerk is.

2.4.3 Aangetrokkenheid tot spanne

Vervolgens is spelers se aangetrokkenheid tot spanne aan 'n 5 x 8-variensieontleding onderwerp. Die resultate verskyn in tabel XV.

Die resultate toon dat daar ten opsigte van aangetrokkenheid tot spanne hoogs beduidende verskille tussen spanne bestaan ($F_{4:70} = 14,30$; $p < 0,001$), wat dui op die belangrike rol wat span- en koshuisverband speel in die bepaling van lede se aangetrokkenheid tot

TABEL XV

RESULTATE VAN DIE EENRICHTINGVARIANSIEONTLEDING UITGEVOER OP AANGETROKKENHEID TOT SPANNE AS DIE AFHANKLIKE VERANDERLIKE

Bron van variasie	Vryheidsgrade	Gemiddelde kwadrate	F-waarde	p-waarde
Tussen proefpersone	<u>74</u>			
A (Spanne)	4	41,33	14,30	0,000
Proefpersone binne spanne	70	2,88		
Binne proefpersone	<u>525</u>			
B (Wedstryde)	7	1,95	2,30	0,033
AB (Spanne x Wedstryde)	28	1,21	1,37	0,102
B x Proefpersone binne spanne	490	0,88		

spanne. 'n Soortgelyke neiging is opgemerk met betrekking tot die invloed van wedstryde op aangetrokkenheid tot spanne. Betekenisvolle verskille is opgemerk tussen wedstryde ($F_{7:28} = 2,20$; $p < 0,033$). Die interaksie tussen spanne en wedstryde is egter laag ($F_{28:490} = 1,37$; $p < 0,102$), hoewel dit beslis nie buite rekening gelaat kan word nie. Die verskille in aangetrokkenheid tot spanne is dus die resultaat van invloede eie aan spanverband en wedstryde gesamentlik; die een kan moeilik van die ander geskei word, aldus die interaksie.

'n Berekening van die selgemiddeldes wys op enkele interessante neigings (tabel XVI en figuur 4).

Soos in die geval van tussenpersoonlike aangetrokkenheid skyn aangetrokkenheid tot spanne 'n betreklik stabiele veranderlike te wees. In verhouding tot

TABEL XVI

DIE SELGEMIDDELDDES VAN SPELERS SE AANGETROKKENHEID TOT SPANNE GEDURENDE DIE SEISOEN

Spanne	n	Wedstryd 1		Wedstryd 4		Wedstryd 8		Wedstryd 12		Σ
		Voor	Na	Voor	Na	Voor	Na	Voor	Na	
1	16	8,88	8,09	8,30	8,43	8,80	8,80	8,38	8,87	8,38
2	16	8,48	8,00	7,88	7,75	7,88	7,50	7,38	7,60	7,78
3	16	8,47	8,78	8,04	8,15	8,88	8,88	8,35	7,97	8,87
4	16	8,77	8,08	8,27	8,80	8,38	8,03	8,71	8,49	8,94
5	16	8,73	8,03	8,74	8,27	8,00	8,89	8,97	8,83	8,81
Σ	16	8,78	8,79	8,81	8,70	8,88	8,73	8,63	8,45	8,73
		8,78		8,78		8,85		8,48		

vorige veranderlikes, byvoorbeeld spanwerk, het hier betreklik min variasie gedurende die seisoen voorgekom. Spanne se aantreklikheid vertoon 'n redelike konstante profiel (figuur 4).


Dit blyk dat spanne se gemiddelde aantreklikheid nooit laer as 72,8% was nie. Die gemiddelde waarde van 87,2% toon dat spanne baie aantreklik vir hul spelers was.

Die aantreklikheid van spanne wissel van opname tot opname. Die spanfaktor vertoon egter groter wisseling as die wedstrydfaktor (tabel XVI), vandaar die groter verskille tussen spanne as tussen wedstryde (tabel XV). Hieruit kan afgelei word dat die span- en koshuisverband 'n groter invloed uitoefen op die aantreklikheid van die span vir die individu as wedstrydveranderlikes.

Span 1 is baie gunstig deur sy spanlede geëvalueer en

FIGUUR 4

SELGEMIDDELDDES PER SPAN VERSPREI OOR 8 OPNAMES MET AANGETROK-
KENHEID TOT SPANNE AS DIE AFHANKLIKE VERANDERLIKE



'n gemiddelde waarde van 93,8% is toegeken. Span 2, met 'n gemiddeld van 77,8% het die swakste aantreklikheidsprofiel vertoon (tabel XVI en figuur 4). Spanne 3, 4 en 5 het wat die groot gemiddeld betref, betreklik min van mekaar verskil.

Met behulp van die Newman-Keuls-*post hoc*-toets is vasgestel dat Span 2 betekenisvol van al vier die ander spanne verskil het ($p < 0,01$). Span 1 verskil betekenisvol van spanne 2 en 3 ($p < 0,01$) en op die 5%-peil betekenisvol van spanne 4 en 5. Spanne 3, 4 en 5 verskil onbeduidend van mekaar ($p > 0,05$).

2.4.4 Taakgemotiveerdheid

Die resultate van die 5x8-variëansieontleding wat op die taakgemotiveerdheid veranderlike van rugbyspanne uitgevoer is, verskyn in tabel XVII.

TABEL XVII

RESULTATE VAN DIE EENRICHTINGVARIANSIEONTLEDING UITGEVOER OP TAAGEMOTIVEERDHEID AS DIE AFHANKLIKE VERANDERLIKE

Bron van variasie	Vryheidsgrade	Gemiddelde kwadrate	F-waarde	p-waarde
Tussen proefpersone	<u>74</u>			
A (Spanne)	4	76,65	38,48	0,000
Proefpersone binne spanne	70	1,89		
Binne proefpersone	<u>535</u>			
B (Wedstryde)	7	186,21	173,90	0,000
AB (Spanne x Wedstryde)	28	10,68	11,16	0,000
B x Proefpersone binne spanne	490	0,98		

Wat taakgemotiveerdheid betref, is daar hoogs beduidende verskille gevind tussen spanne ($F_{4:70} = 38,48$;

$p < 0,001$); tussen wedstryde ($F_{7:28} = 172,90$; $p < 0,001$); en die interaksie tussen spanne en wedstryde ($F_{28:490} = 11,15$; $p < 0,001$). Beide die spanne wedstrydfaktor het bygedra tot die verskille wat voorgekom het. Verskille ten opsigte van taakgemotiveerdheid moet dus verklaar word met betrekking tot invloede eie aan elke span en koshuis, asook die unieke ervarings rondom elke wedstryd.

In teenstelling met die twee aangetrokkenheidsveranderlikes blyk dit dat taakgemotiveerdheid 'n minder stabiele veranderlike is (tabel XVIII en figuur 5). Opmerklik is die betreklik groot verskille tussen die gemiddeldes van wedstryde en spanne (tabel XVIII). Span 1, met 'n gemiddelde waarde van 84,6% vir taakgemotiveerdheid, was die mees gemotiveerde span van die spanne wat getoets is. Spanne 2 en 3 daarenteen was die mins gemotiveerde spanne met gemiddeldes van 65,9% en 65,7% respektiewelik.


TABEL XVIII
DIE SELGEMIDDELS VAN SPANNE SE TAAGEMOTIVEERDHEID GEDURENDE DIE SEISOEN

Spanne	n	Wedstryd 1		Wedstryd 4		Wedstryd 8		Wedstryd 12		X
		Voor	Na	Voor	Na	Voor	Na	Voor	Na	
1	16	8,88	8,15	8,88	8,88	8,30	8,30	8,00	5,02	8,68
2	16	8,68	7,04	7,67	6,09	8,77	8,31	6,48	3,88	8,69
3	16	8,41	8,95	8,48	7,51	8,64	5,33	4,95	2,33	8,67
4	16	7,82	8,42	8,70	6,75	8,12	8,44	7,24	5,09	7,71
5	16	8,64	8,23	8,25	7,98	8,12	6,48	6,48	3,88	7,69
X	16	8,63	8,26	8,67	7,45	7,97	7,15	8,23	4,08	7,88
		8,65		8,01		7,58		5,45		

Post hoc-toetse toon dat daar beduidende verskille tussen spanne bestaan het. Hierdie verskille moet

FIGUUR 5

SELGEMIDDELDSES PER SPAN VERSPREI OOR 8 OPNAMES MET
TAAKGEMOTIVEERDHEID AS DIE AFHANKLIKE VERANDERLIKE




egter gekwalifiseer word vanweë die sterk interaksie tussen spanne en wedstryde. Met dit in gedagte is gevind dat Span 1 beduidend van alle ander spanne verskil het ($p < 0,01$); spanne 2 en 3, die spanne met die laagste motiveringsprofiele, verskil beduidend van alle ander spanne ($p < 0,01$) maar nie van mekaar nie. Spanne 4 en 5 verskil ook nie van mekaar nie. Onge-lukkig, vanweë die hoë interaksie, word die betekenis-volheid van hierdie verskille enigermate beperk.

Wat uit figuur 5 duidelik na vore kom, is die belang-rike impak wat wedstryde het op taakgemotiveerdheid. Dit is 'n eienskap wat aan groot wisseling onderhewig was - elke span se taakgemotiveerdheid het bly wis-sel. Span 1 was in staat om tot voor hul laaste wed-stryd 'n baie hoë motiveringspeil te handhaaf en was die enigste span wat 'n stygende kurwe tot voor die laaste na-wedstrydopname vertoon het. Span 4 het oor die eerste paar opnames 'n goeie peil van gemotiveerdheid geopenbaar; vanaf die vyfde opname het hul mo-tivering egter skerp begin daal. Die algemene beeld wat verkry word as die gemiddeldes van alle spanne per wedstryd geneem word, is dat taakgemotiveerdheid hoog was aan die begin van die seisoen, maar dat dit gedaal het namate die seisoen ten einde geloop het. Uitge-sonderd Span 1, was dit die algemene neiging.

Gemotiveerdheid voor wedstryde het 'n gunstiger pro-fiel vertoon as gemotiveerdheid na wedstryde (figure 6 en 7). Waar gemotiveerdheid enigermate hoog was vóór wedstryde (figuur 6), het die na-wedstrydopnames


FIGUUR 6

SELGEMIDDELDES PER SPAN VERSPREI OOR 4 VOOR-WEDSTRYDOPNAMES MET TAAKGEMOTIVEERDHEID AS DIE AFHANKLIKE VERANDERLIKE



FIGUUR 7

SELGEMIDDELDES PER SPAN VERSPREI OOR 4 NA-
WEDSTRYDOPNAMES MET TAAKGEMOTIVEERDHEID
AS DIE AFHANKLIKE VERANDERLIKE



'n laer profiel vertoon met sterker afnames na die einde toe - spanne 2, 3 en 5 lewer sprekende voorbeelde hiervan (figuur 7).

2.4.5 Evaluering van afrigter

In tabel XIX word die resultate van die 5x8-variensie-ontleding, wat op spelers se evaluering van hul afrigter gedoen is, saamgevat.

TABEL XIX

RESULTATE VAN DIE EENRICHTINGVARIANSIEONTLEDING UITGEVOER OP SPANNE SE EVALUERINGS VAN HUL AFRIGTERS AS DIE AFHANKLIKE VERANDERLIKE


Bron van variasie	Vryheidsgrade	Gemiddelde kwadrate	F-waarde	p-waarde
Tussen proefpersone	<u>74</u>			
A (Spanne)	4	39,14	16,14	0,000
Proefpersone binne spanne	70	2,43		
Binneproefpersone	<u>525</u>			
B (Wedstryde)	7	9,69	9,11	0,000
AB (Spanne x Wedstryde)	28	3,65	3,43	0,000
B x Proefpersone binne spanne	490	1,06		

Die hoogs beduidende verskille tussen spanne ($F_{4:70} = 16,14$; $p < 0,001$) en tussen wedstryde ($F_{7:28} = 9,11$; $p < 0,001$) dui op die belangrike rol wat beide faktore speel in spanne se evaluering van hul afrigter.

Die sterk interaksie tussen die span- en wedstrydfaktor ($F_{28:490} = 3,43$; $p < 0,001$) bevestig dat die verskille ten opsigte van die beoordeling van afrigters nie slegs gesien moet word met betrekking tot kenmerke eie aan spanne en koshuise nie maar ook met inagneming van ervarings rondom wedstryde (figuur 8).

FIGUUR 8

SELGEMIDDELTES PER SPAN VERSPREI OOR 8 OPNAMES MET SPANNE SE EVALUERING VAN HUL AFRIGTER AS DIE AFHANKLIKE VERANDERLIKE



'n Soortgelyke neiging is opgemerk met betrekking tot die invloed van wedstryde en spanne op spanwerk en taakgemotiveerdheid.

Spanne 1 en 2 het ten opsigte van die evaluering van hul afrigter onderskeidelik die hoogste en laagste gemiddelde persentasies vertoon (tabel XX), en soos bevestig deur die Newman-Keuls-post hoc-toets, betekenisvol van mekaar en van die ander spanne verskil ($p < 0,01$).

TABEL XX
DIE SELGEMIDDELDDES VAN SPANNE SE EVALUERING VAN HUL AFRIGTER GEDURENDE DIE SEISOEN

Spanne	n	Wedstryd 1		Wedstryd 4		Wedstryd 8		Wedstryd 12		X
		Voor	Na	Voor	Na	Voor	Na	Voor	Na	
1	16	8,77	8,35	8,87	8,59	8,93	8,82	8,83	8,34	8,66
2	16	7,43	8,99	7,43	7,80	8,43	8,54	8,47	8,27	8,06
3	16	8,00	8,49	8,53	8,16	8,80	8,45	8,40	7,85	8,21
4	16	8,30	8,16	8,27	8,75	8,67	8,09	8,70	7,83	8,27
5	16	8,03	8,41	8,83	8,50	8,30	8,70	8,40	7,40	8,70
X	16	8,81	8,88	8,95	8,78	8,59	8,92	8,78	8,08	8,88
		8,90		8,88		8,58		8,43		

Spanne 3, 4 en 5 het onbeduidend van mekaar verskil ($p > 0,05$). Hieruit blyk dat spanne 1 en 2 hoofsaaklik verantwoordelik was vir die verskille wat by die spanfaktor voorgekom het.

3 INVLOED VAN WEN OF VERLOOR OP GROEPSAMEHORIGHEID

Wat nou ter sprake kom is in hoe 'n mate groepsamehorigheid, en die komponente daarvan, deur sukses of mislukking beïnvloed word. Die vraag kan beantwoord word deur die resultate van voor-wedstrydvraelyste met dié van die ooreenstemmende na-wedstrydvraelyste

te vergelyk. Deur Vrydag (voor-wedstrydopnames) en Maandag (na-wedstrydopnames) se resultate met mekaar te vergelyk, is dit dus moontlik om die invloed van die uitslag van die wedstryd op groepsamehorigheid te bepaal.

'n Bestudering van die selgemiddeldes in tabelle XII, XIV, XVI, XVIII, XX en figure 1, 2, 3, 4, 5, en 8 gee wel 'n aanduiding van die invloed van die uitslag op groepsamehorigheid, maar toon nie hoe betekenisvol verskille is nie. Om dit vas te stel, is gebruik gemaak van individuele kontraste van selgemiddeldes, soos voorgestel deur Winer (1971, p. 385). Dit is 'n vorm van *post hoc*-toetsing wat op variansieontledings van toepassing is. Die resultate van die reeks kontraste tussen voor- en na-wedstrydselgemiddeldes word in tabelle XXI, XXII, XXIII, XXIV en XXV saamgevat.

3.1 Spanwerk

In gevalle waar spanne hul wedstryde gewen het, was spanne agterna geneig om die omvang van hul spanwerk hoër te gradeer as voor die betrokke wedstryde (tabel XXI). Dit het 6 uit die moontlike 9 kere voorgekom. In 3 gevalle was wenspanne na afloop van wedstryde minder ingenome met hul span se spanwerk. Nie een van die verskille was statisties beduidend nie. Tog is die algemene neiging om na oorwinnings die omvang van spanwerk meer positief as negatief te evalueer.

TABEL XXI

DIE INVLOED VAN WEN OF VERLOOR OP SPANWERK

Spanne	Wedstryde	Wen			Verloor		
		Toenams F1:70	Afnams F1:70	Geen verskil F1:70	Toenams F1:70	Afnams F1:70	Geen verskil F1:70
1	1 4 8 12	1,03	0,16		2,13	0,01*	
2	1 4 8 12				1,72 1,29 0,38		
3	1 4 8 12	1,06			0,19 0,78 2,58		
4	1 4 8 12	0,15 0,01	2,41		18,56****		
5	1 4 8 12	2,21	1,65		1,90	0,00	

* $p < 0,05$ **** $p < 0,001$

Die uitwerking van verloor is daarenteen sterker. Spanwerk is 10 uit die 11 kere wat neerlae gelei is, minder gunstig geëvalueer as voor die betrokke wedstryde. Verloorspanne is meer dikwels geneig om hul spanwerk negatief te beoordeel as wenspanne. Dit blyk dus dat wenspanne hul sukses toeskryf aan die samewerking wat daar tussen spanlede bestaan, en verloorspanne aan die gebrek daaraan.

3.2 Tussenpersoonlike aangetrokkenheid

Die verwantskap tussen tussenpersoonlike aangetrokkenheid en wen of verloor word in tabel XXII uiteengesit. Hoewel geeneen van die verskillende statistiese betekenisvol is nie, kan 'n aantal tendense onderskei word.

Sukses het in die meeste gevalle 'n positiewe invloed op spelers se aangetrokkenheid onderling - dit was die geval in 5 uit die 9 oorwinnings. Die negatiewe invloed van mislukking op tussenpersoonlike aangetrokkenheid vorm 'n duideliker patroon. Uit die 11 neerlae wat voorgekom het, het 9 gelei tot 'n agteruitgang in tussenpersoonlike verhoudings. •

TABEL XXII

DIE INVLOED VAN WEN OF VERLOOR OP TUSSENPERSONLIKE AANGETROKKENHEID

Spanne	Wedstryde	Wen			Verloor		
		Toename F1:70	Afname F1:70	Geen verskil F1:70	Toename F1:70	Afname F1:70	Geen verskil F1:70
1	1						0,00
	4	0,43					
	8	0,03					
	12					0,09	
2	1				0,49		
	4				0,19		
	8				0,07		
	12		0,02				
3	1	0,49					
	4				0,03		
	8				0,18		
	12				0,10		
4	1	0,50					
	4					1,50	
	8		0,07				
	12		0,38				
5	1	0,43					
	4		0,62		0,16		
	8					0,01	
	12						

Uit tabel XXII kan daar dus afgelei word dat spanoorwinnings lei tot 'n toename in aangetrokkenheid tussen lede, terwyl spanneerlae verwydering tot gevolg het. Die feit dat die verskille nie statisties beduidend is nie, verswak egter die veralgemeenbaarheid van die bevinding.

3.3 Aangetrokkenheid tot spanne

Uit tabel XXIII blyk dat daar 'n verwantskap bestaan tussen oorwinnings en neerlae enersyds en spanlede se aangetrokkenheid tot hul span andersyds. Ondanks die feit dat die verwantskappe statisties onbeduidend was het merkbare tendense voorgekom: spansukse het spelers se aangetrokkenheid tot hul span bevorder terwyl spanneerlae spelers se aangetrokkenheid tot hul span negatief beïnvloed het. Vyf uit die 9 oorwinnings het gelei tot toenames in spanlede se aangetrokkenheid tot die span. Hierbenewens het 3 uit die 11 neerlae ook gelei tot 'n verhoogde aangetrokkenheid tot die span, 'n onverwagte bevinding. In die meerderheid gevalle, 8 uit 11, het lede se

TABEL XXIII

DIE INVLOED VAN WEN OF VERLOOR OP AANGETROKKENHEID TOT SPANNE

Spanne	Wedstryds	Wen			Verloor		
		Toenane F1:70	Afname F1:70	Geen verakil F1:70	Toenane F1:70	Afname F1:70	Geen verakil F1:70
1	1 4 8 12	0,04		0,00	0,22		
2	1 4 8 12				0,01	0,55 0,60	
3	1 4 8 12	0,22			0,03	0,18 0,38	
4	1 4 8 12	0,27		0,19 0,13		0,38	
5	1 4 8 12	0,25	0,58			0,03 0,08	

aangetrokkenheid tot hul span egter afgeneem nadat hul misluk het. Ook hierdie bevindinge kan nie as algemeen geldend aanvaar word nie aangesien verskillende statistiese betekenismetodes nie.

3.4 Taakgemotiveerdheid

Die verwantskappe tussen spanoorwinnings en taakgemotiveerdheid het nie deurgaans tot die verwagte toenames in taakgemotiveerdheid gelei nie (tabel XXIV). Slegs in 4 uit die 9 gevalle het oorwinnings 'n positiewe effek op taakgemotiveerdheid gehad, terwyl in 4 gevalle sukses tot afnames in taakgemotiveerdheid gelei het, waarvan 3 statisties beduidend was. In twee gevalle (spanne 2 en 4) was daar buitengewoon hoogs beduidende afnames na die laaste wedstryde gewen is. Dieselfde dramatiese dalings in taakgemotiveerdheid

TABEL XXIV

DIE INVLOED VAN WEN OF VERLOOR OP TAAKGEMOTIVEERDHEID

Spanne	Wedstryde	Wen			Verloor		
		Toenams F1:70	Afnams F1:70	Geen verskil F1:70	Toenams F1:70	Afnams F1:70	Geen verskil F1:70
1	1 4 8 12	0,03		0,00		4,61*	
						97,70****	
2	1 4 8 12					7,62** 8,26** 0,80	
			28,74****				
3	1 4 8 12	1,10				3,40 6,57* 25,87****	
4	1 4 8 12	0,94				14,33****	
			1,74 17,42****				
5	1 4 8 12	1,79				10,39*** 25,46****	
			6,27*				

* $p < 0,05$ *** $p < 0,005$
 ** $p < 0,01$ **** $p < 0,001$

het voorgekom by die laaste wedstryde wat spanne 1, 3 en 5 verloor het. Die patroon is dus duidelik : na die speel van die laaste ligawedstryde van die seisoen, ongeag wat die uitslag daarvan was, het taakgemotiveerdheid by al 5 die spanne heeltemal afgeneem - die seisoen was verby. Indien hierdie 5 laaste wedstryde buite rekening gelaat word, is daar tog 'n duidelike tendens te onderskei : spanoorwinnings het oor die algemeen 'n positiewe invloed op taakgemotiveerdheid, alhoewel geen statistiese beduidendheid hier gevind is nie. Slegs in die geval van Span 5 se 4de wedstryd het die span se oorwinning na 'n statisties beduidende daling in taakgemotiveerdheid gelei - dit word later verklaar.

Die uitwerking van neerlae op taakgemotiveerdheid was egter baie duideliker. In alle gevalle waar spanne misluk het, het afnames in taakgemotiveerdheid voorgekom - 9 uit die 11 kere statisties beduidend (tabel XXIV). Neerlae het dus deurgaans tot afnames in motivering gelei.

Samevattend blyk dit dat wen 'n positiewe effek op motivering het terwyl verloor daarenteen 'n span se gemotiveerdheid tot doeltbereiking ondermyn.

3.5 Evaluering van afrigter

Die verwagting was dat oorwinnings sou lei tot 'n

gunstiger evaluering van afrigters en neerlae tot 'n negatiewe evaluering. Die resultate in tabel XXV toon 'n mate van teenstrydigheid met hierdie verwagting. Sewe uit die 9 oorwinnings het gelei na 'n minder gunstige evaluering van die afrigter terwyl 'n soortgelyke tendens gevind is nadat spanne misluk het. In 9 uit die 11 gevalle het neerlae gelei tot 'n afname in spelers se beoordeling van hul afrigter. Hierdie teenstrydige resultate word later bespreek en verklaar.

TABEL XXV

DIE INVLOED VAN WEN OF VERLOOR OP SPANNE SE EVALUERING VAN HUL AFRIGTER

Spanne	Wedstryde	Wen			Verloor		
		Toernooi F1:70	Afname F1:70	Geen verskil F1:70	Toernooi F1:70	Afname F1:70	Geen verskil F1:70
1	1 4 8 12		0,03 0,04			0,54 1,07	
2	1 4 8 12			0,12	0,42	0,60 2,46	
3	1 4 8 12	0,74				0,42 4,08* 1,74	
4	1 4 8 12		0,08 1,04 2,34			0,64	
5	1 4 8 12	0,46	0,34			1,11	0,00

* $p < 0,05$

Samevattend: Uit die bevindinge hierbo blyk dit dat spanoorwinnings 'n positiewe uitwerking het op spanwerk, tussenpersoonlike aangetrokkenheid, aangetrok=

kenheid tot die span en taakgemotiveerdheid. Meerlaas van spanne het daarenteen 'n negatiewe effek op die bogenoemde dimensies van groepsamehorigheid asook op spelers se evaluering van hul afrigter.

4 BESPREKING VAN SPANNE

In die voorafgaande bespreking is die resultate van die studie aangebied, 'n aantal algemene neigings omlyn en op teenstrydige resultate gewys. Vervolgens word die resultate van elke span afsonderlik aangebied, ontleed en geïnterpreteer met betrekking tot die kenmerke eie aan elke koshuis (die algemene koshuisgees, ondersteuning tydens wedstryde, getal inwoners in koshuis/e en Dorp, hoe verspreid spanlede woon, en die waarde wat inwoners heg aan elke wedstryd); die aard van elke span (hoe die span saangestel word, die rol wat spanpraatjies speel en die vorm wat dit aanneem, bywoning van oefeninge, waargenome konflik tussen spelers onderling en/of die afrigter); hoe goed 'n span in die onderskeie spelsette gevaar het (tabel XXVII); punttellings in wedstryde; totale aantal punte aangeteken en afgestaan gedurende die seisoen (tabel XXVIII); die kritiekheid van wedstryde; en die invloed van wen en verloor op die selgemiddeldes van spanne (tabel XXX).

4.1 Span 1 (Caput)

Span 1, beter bekend as Caput, is een van die grootste manskoshuise aan die P.U. vir C.H.O. met 'n inwonertal van + 280 mans. Die koshuis is verdeel in

8 gange en interaksie en kommunikasie is spontaan. Die inwoners identifiseer sterk met koshuisaktiwiteite en in die geheel gesien heers daar 'n gesonde gang- en koshuïsgees. Meer as 25% van die inwoners speel òf vir die koshuis òf vir die universiteit rugby. Hierbenewens is die oorgrote meerderheid van die inwoners, rugbyentoesiaste en is al Caput se wedstryde in groot getalle bygewoon.

Rugbyspelers het dwarsdeur die seisoen oefeninge en spanpraatjies getrou bygewoon. Spanpraatjies is Vrydagaande voor 'n wedstryd gehou waartydens rugbyfilms vertoon is, taktiek bespreek is en spelers gemotiveer is. Net soos in die geval van al die ander spanne, het Span 1 ook Saterdag net voor die aanvang van 'n wedstryd, 'n finale spanpraatjie gehou. Na afloop van elke wedstryd het die hele koshuis saam met die eerstespan kringetjie gemaak, hul koshuiskreet geskreeu en 'n kort dankgebed gedoen. Maandag is daar in die kleedkamer nabetragting gehou oor die pasafgelepe wedstryd waarna begin is met die voorbereiding vir die volgende wedstryd.

Wat Span 1 se algemene spangees betref, soos blyk uit figuur 1 en tabel IX, het dié span die hoogste algemene kohesieprofiel gedurende die seisoen gehandhaaf, en beduidend van alle ander spanne verskil ($p < 0,01$). Ook ten opsigte van die onderskeie komponente van kohesie het Span 1 die hoogste gemiddelde persentasies gedurende die seisoen behaal (tabel XXVI) en deurgaans die gunstigste profiele vir die onderskeie

dimensies gehandhaaf (figure 2, 3, 4, 5 en 8). Dit toon dat Span 1, een van die mees samehorige, samewerkende en taakgemotiveerde spanne in die liga was en dat spelers tot mekaar, hul span en hul afrigter aangetrokke gevoel het.

Dit is insiggewend dat Span 1 ook deurgaans voortreflike spel gelewer het: hulle het die hoogste gemiddelde persentasie balbesit uit lynstane (62%), vastespel (57%), losskrums (63%), en vaskopskrums (65%) gewen (tabel XXVII). Daarbenewens het die Caputspan die meeste balbesit (56%) gedurende die seisoen gewen en die meeste gebiedsvoordeel (57%) geniet. In totaal het hierdie span die meeste drieë (28 drieë) in die liga gedruk en die grootste puntetotaal (189 punte) aangeteken (tabel XXVIII). Span 1 het ook die tweede minste drieë (12 drieë) en totale punte (109 punte) afgestaan. Die span se gemiddelde wentelling per wedstryd was 16-9 teenoor die 15-8 wentelling van die kampioenspan, Dawie du Plessis (Span 6), wat hulle ongelukkig van hierdie ondersoek onttrek het. In beide gevalle was daar 'n gemiddelde punteverskil van 7, wat daarop dui dat albei die twee spanne op die aanval en die verdediging naastenby ewe goed was. Die een punt verskil in hul punteposisie op die punteleer bewys verder dat dié twee topspanne in die liga bykans ewe sterk was (tabel XXIX).

Die vraag is watter invloed die uitslag van wedstryde op die spansamehorigheid van Span 1 gehad het. Die

hipotese dat die uitslag van 'n wedstryd die spansamehorigheid van 'n rugbyspan positief of negatief beïnvloed, afhangende daarvan of die span wen of verloor, is in 3 van die 4 wedstryde bevestig (tabel XXX): neerlae in wedstryde 1 en 12 het gelei tot afnames in spankohesie terwyl die oorwinning in wedstryd 4 tot 'n toename gelei het (figuur 1). In wedstryd 8 het spansamehorigheid dieselfde gebly na die oorwinning behaal is.

Span 1 het in sy eerste wedstryd van die seisoen teen Span 5 (Klooster) te staan gekom en naelskraap met punte verloor (15-16). Benewens die 5,9%-afname in spansamehorigheid na afloop van hierdie neerlaag, was daar ook afnames in spanwerk, spelers se aangetrokkenheid tot hul span, taakgemotiveerdheid en die span se evaluering van sy afrigter (figure 2, 4, 5 en 8; en tabel XXX). Ten spyte van die feit dat spelers se aangetrokkenheid tot mekaar dieselfde gebly het (figuur 3), wil dit dus voorkom asof spelers hul span en hul afrigter minder gunstig beoordeel het na afloop van hul eerste neerlaag.

Na afloop van Span 1 se 22-9-oorwinning in wedstryd 4 oor Span 4 (Hombré) was daar, soos verwag is, 'n toename in spanwerk (81,5% - 89,1%), tussenpersoonlike aangetrokkenheid (94,3% - 99,3%), aangetrokkenheid tot die span (93,0% - 94,3%) en taakgemotiveerdheid (88,8% - 89,6%). Daar was egter 'n geringe en onbeduidende afname van 0,8% in spelers se evaluering van hul afrigter. Ten spyte hiervan het die oorwinning

van Span 1 oor hul buurkoshuis, 'n verhoogde algemene spankohesie van 2,7% tot gevolg gehad (figuur 1).

Die agtste wedstryd het kort voor die maandlange Julie-vakansie plaasgevind. Span 1, wat op daardie stadium tweede in die liga was, het teen een van die twee topspanne, Span 6 (Dawie du Plessis) te staan gekom (tabel XXIX). Die wedstryd is deur beide spanne soos 'n eindstryd benader en spanning het hoog geloop aan beide kante. Die voor-wedstrydopnames het getoon dat die Caputspan 94,4% samehorig was - 'n samehorigheidspeil wat deur geen ander span ooit geëwenaar is nie. Ook ten opsigte van ander veranderlikes is die hoogste gemiddelde persentasies wat gedurende die seisoen aangeteken is, by hierdie betrokke voor-wedstrydopnames van Span 1 opgemerk: spanwerk 89,3%, tussenpersoonlike aangetrokkenheid 96,0%; aangetrokkenheid tot die span 96,0%; en evaluering van die afrigter 99,3%. Span 1 het hierdie wedstryd 12-9 gewen en daarmee die voorloper in die liga geword.

'n Opvallende kenmerk van dié wedstryd was dat daar ten opsigte van spansamenhorigheid, aangetrokkenheid tot die span en taakgemotiveerdheid geen afnames of toenames van voor-wedstryd- tot na-wedstrydopnames voorgekom het nie (figure 1, 4 en 5; en tabel XXX). Die konstante profiele is waarskynlik toe te skryf aan die buitengewone hoë voor-wedstrydwaardes, met die gevolg dat die oorwinning nie tot die verwagte toenames gelei het nie. Ten opsigte van spanwerk en spelers se evaluering van hul afrigter was daar

geringe afnames terwyl daar 'n 1,3%-toename in tussenpersoonlike aangetrokkenheid voorgekom het.

Die laaste wedstryd van die seisoen moes Span 1 teen Span 2 (Dorp) wen ten einde te verseker dat hulle bo in die liga eindig. Span 2 het geen aanspraak meer op die beker gehad nie en het tot op daardie stadium 7 uit 11 wedstryde verloor. Span 1, daarenteen, het sedert die eerste twee neerlae van die seisoen, 9 agtereenvolgende oorwinnings behaal en was gevolglik die onbetwiste gunsteling en vol selfvertroue om dié wedstryd en die beker te wen. Dit is dan ook heel moontlik daaraan te wyte dat hul voor-wedstryd span-samehorigheid met 1,9% sedert hul laaste gemonitorde kragmeting teen die span van Dawie du Plessis afgeneem het (figuur 1). Ook ten opsigte van ander afhanklike veranderlikes was daar afnames te bespeur by die voor-wedstrydopnames (figure 2, 3, 4 en 5). Dit wil dus voorkom asof die span nie heeltemal so oorgehaal was vir hulle laaste en beslissende wedstryd van die seisoen nie. Ten spyte van die feit dat Span 1 67% gebiedsvoordeel geniet het; 61% balbesit gehad het; die lynstane (67%) en vaskopstryd (5-2) oorheers het, is die wedstryd met 0-6 verloor en het Span 1 tweede in die liga geëindig, wat uiteindelik deur die span van Dawie du Plessis gewen is. Die na-wedstrydopnames het die dramatiese gevolge van die neerlaag op die samehorigheidsgevoel van die span weerspieël. Span 1 het van al die spanne die grootste afname in groepsamehorigheid van die laaste voor-wedstrydopnames na die laaste na-wedstryd=

opnames vertoon, naamlik 13,3%. Ook ten opsigte van spanwerk (19,5%), tussenpersoonlike aangetrokkenheid (2,3%), taakgemotiveerdheid (39,8%) en spelers se evaluering van hul afrigter (5,9%), het sterk afnames voorgekom. Spelers se aangetrokkenheid tot die span het egter toegeneem van 92,8% na 93,7% wat daarop dui dat die spelers nie hulle verbondenheid aan hul span en koshuis as gevolg van hulle neerlaag prysgegee het nie.

Dit blyk dat wen in een geval 'n toename in groepkoesie tot gevolg gehad het (wedstryd 4), terwyl dit in wedstryd 8 konstant gebly het (figuur 1). Die selfde neiging word opgemerk by spelers se aangetrokkenheid tot die span (figuur 4) en taakgemotiveerdheid (figuur 5). Behaalde oorwinnings het in wedstryde 4 en 8 nie gelei tot 'n toename in spelers se evaluering van hul afrigter nie, waarskynlik omdat spelers voor 'n wedstryd sterk bewus is van die afrigter se rol, maar na die wedstryd die oorwinning toeskryf aan samewerking, goeie tussenpersoonlike verhoudings, samehorigheid en taakgemotiveerdheid, dit wil sê aan eienskappe en kwaliteite van die span self.

Neerlae in wedstryde 1 en 12 het gelei tot afnames in algemene kohesie (figuur 1), spanwerk (figuur 2), taakgemotiveerdheid (figuur 5) en spelers se evaluering van hul afrigter (figuur 8). Tussenpersoonlike aangetrokkenheid het na wedstryd 1 se neerlaag konstant gebly, dog afgeneem na die neerlaag van die laaste wedstryd (figuur 3). Aangetrokkenheid tot die span het

na die eerste neerlaag afgeneem, maar toegeneem nadat wedstryd 12 verloor is.

Soos blyk uit tabel XXX is daar in 6 uit die 12 gevalle steun gevind vir die hipotese dat oorwinnings tot toenames lei in groepkohesie en die komponente van kohesie. In 3 gevalle is daar geen verskille opgemerk nie, terwyl dit een keer in die geval van spanwerk, en twee keer in die geval van spelers se evaluering van hul afrigter, bevraagteken is. Tien uit die 12 kere het neerlae tot afnames gelei, soos verwag is. Ten opsigte van tussenpersoonlike aangetrokkenheid was daar een keer geen verskil nie en een keer is die hipotese deur spelers se aangetrokkenheid tot die span, verwerp. Hierdie resultate toon aan dat spelers na 'n neerlaag meer dikwels geneig was om spankohesie, asook die verskillende komponente daarvan, minder gunstig te beoordeel as wat hulle geneig was om na oorwinnings gunstig te reageer op die verskillende komponente van kohesie.

Alles in ag geneem, blyk dit dat Span 1 nie slegs een van die mees samehorige spanne in die liga was nie, maar dat die span as geheel ook voortreflike rugby gespeel het. Hul hoë samehorigheid was nie net tot papier-en-pen-response beperk nie, maar ook, en veral, tot die praktyk van rugby, die spel self. Dit is 'n belangrike bevinding daar dit toon dat groepsamehorigheidsopnames verband hou met die praktyk van die spel. Die feit dat dié span een van die mees suksesvolle spanne was, is onder andere toe te skryf aan die goeie

spangees en die puik rugby wat gespeel is. Die hipotese dat suksesvolle spanne meer samehorig is as onsuksesvolle spanne word dus in Span 1 se geval, bevestig.

4.2 Span 2 (Dorp)

In teenstelling met Span 1 (Caput), Span 4 (Hombré) en Span 5 (Klooster) waar spanne saamgestel word uit spelers van die onderskeie koshuise, word Dorpspanne saamgestel uit spelers wat privaat loseer en verspreid in Potchefstroom woon. Hulle woon nie saam in een gebou nie maar afsonderlik en onafhanklik van mekaar, wat tot gevolg het dat interaksie en kommunikasie beperk is en spelers mekaar nie baie goed ken nie en dus nie dieselfde mate van samehorigheid kan kweek as die koshuisspanne nie. Op grond hiervan is verwag dat Span 2 nie dieselfde samehorigheidspeil as koshuisspanne sou vertoon nie.

Hierdie aanname word bevestig as Span 2 se resultate bestudeer word. Ten opsigte van die span se algemene kohesie (figuur 1) en komponente soos spanwerk (figuur 2), tussenpersoonlike aangetrokkenheid (figuur 3), aangetrokkenheid tot die span (figuur 4), taakgemotiveerdheid (figuur 5) en spelers se evaluering van hul afrigter (figuur 8) het Span 2 die laagste profiel van al vyf die gemonitorde spanne in die liga vertoon. Span 2 het ook ten opsigte van groepkohesie, spanwerk, aangetrokkenheid tot die span en afrigterevaluering betekenisvol van die ander spanne verskil ($p < 0,01$). Wat taakgemotiveerdheid betref, het hulle eweneens

betekenisvol van al die ander spanne verskil ($p < 0,01$) behalwe vir Span 3 (Drakenstein), wat saam met Dorp die mins gemotiveerde span in die liga was (tabel XXVI). Ten opsigte van tussenpersoonlike aangetrokkenheid het Span 2 ook betekenisvol van Span 1 verskil. Hieruit blyk dat Span 2 die mins samehorige span in die kompetisie was. Hierbenewens het spelers nie so goed saamgewerk soos in ander spanne nie; ook was hulle minder aangetrokke tot mekaar, hul span en hul afrigter; en was hulle saam met Drakenstein die mins gemotiveerde span (tabel XXVI).

Uit die 12 ligawedstryde wat Dorp gespeel het, het hulle 4 gewen, 1 gelykop gespeel en 7 verloor. Opmerklik is die feit dat hulle in die tweede helfte van die seisoen veel beter gevaar het en 3 oorwinnings en 1 gelykopuitslag uit 6 wedstryde behaal het (tabel XXIX). Dit kan daaraan toegeskryf word dat hulle die eerste helfte van die seisoen sonder 'n afrigter gespeel het. In figuur 8 is die toename in spelers se evaluering van hul afrigter tydens die vyfde voorwedstrydopname opmerklik. Waar wedstryde 1 en 4, wat in die eerste helfte van die seisoen gespeel is, se gemiddelde persentasie van spelers se evaluering van hul afrigter 74,1% is, het dit in wedstryde 8 en 12 na 86,8% vermeerder. Hoewel daar onderskeidelik in spanwerk en groepkohesie toenames van 6,1% en 4,1% vanaf die eerste- en die tweede helfte van die seisoen was, kom hierdie neiging nie by die ander veranderlikes voor nie, wat daarop dui dat die nuwe afrigter en ook die feit dat hulle meer suksesvol was in die

tweede helfte van die seisoen, nie 'n verhoogde tussenpersoonlike aangetrokkenheid, aangetrokkenheid tot hul span, en taakgemotiveerdheid tot gevolg gehad het nie.

Dit is opvallend dat in wedstryde 1, 4 en 8, wat Span 2 verloor het, daar ten opsigte van kohesie en die vyf afhanklike veranderlikes telkens persentasieafnames van die voor-wedstrydopnames na die na-wedstrydopnames voorkom (tabel XXX). Slegs in wedstryd 4 was daar toenames ten opsigte van spelers se aangetrokkenheid tot die span (figuur 4) en die beoordeling van hul afrigter (figuur 8). Hierdie afnames ondersteun die hipotese dat neerlae afnames in algemene kohesie, spanwerk, tussenpersoonlike aangetrokkenheid, aangetrokkenheid tot die span, taakgemotiveerdheid en spelers se beoordeling van hul afrigter, tot gevolg het. Span 2 se 6-0 oorwinning oor Span 1 in die laaste wedstryd van die seisoen het onderskeidelik 'n 6,2%- en 3,2%-toename in spanwerk (tabel XII) en spelers se aangetrokkenheid tot hul span (tabel XVI) tot gevolg gehad. Die 25,1%-afname in taakgemotiveerdheid, 'n neiging wat by alle spanne aan die einde van die seisoen voorgekom het, het grootliks tot gevolg gehad dat groepsamehorigheid tydens die heel laaste opname, teen die verwagting in ook 'n afname getoon het.

Afgesien van 'n betreklik lae kohesieprofiel oor die seisoen heen, het Span 2 goeie rugby gespeel (tabel XXVII). Gemiddeld het hulle die meeste balbesit uit

losspel gewen (55%), asook op hul teenstanders se in-
gooie in die lynstane (59%). Hierbenewens het hulle
ook die tweede meeste losskrums (59%) en totale bal=
besit (52%) gewen en die derde meeste losballe (52%).
Slegs in die vasteskrums het Span 2 buitengewoon
swak gevaar met 'n gemiddeld van 50%. Saam met span=
ne 1, 6 en 7 was Span 2 die enigste span wat in totaal
meer drieë as sy teenstanders aangeteken het (23 drieë
teenoor 19 drieë). Benewens spanne 1, 4, 6 en 7,
het geen ander span die onderskeiding behaal om gemid=
deld meer punte as sy teenstanders per wedstryd aan=
te teken nie (13-12). Dit blyk dus dat Span 2, wat
sy algemene spel betref, bo die gemiddelde was en
goeie rugby gespeel het. Ten spyte hiervan het hulle
tweede laaste in die liga geëindig (figuur XXIX).

Hieruit kan afgelei word dat Span 2 se oorheersing
van die losspel en die baie balbesit, gewen uit die
ander spelsette, nie die enigste voorwaardes vir suk=
ses in rugby is nie en dat hul talle neerlae hoogs
waarskynlik verband hou met hul swak spangees (figuur
1). Benewens die feit dat hulle een van die mins
samehorige en ongemotiveerdste spanne was, het spe=
lers ook nie baie tot mekaar, hul span en hul afrigter
aangetrokke gevoel nie en was spelers van mening dat
hulle swak saamgewerk het. Die rede hiervoor is
waarskynlik dat spelers nie in een gebou saamwoon nie
maar oor 'n wye gebied verspreid is, wat tot gevolg
het dat hul kommunikasie, interaksie en strategie=
beplanning hoofsaaklik tot oefeninge beperk is. Daar=

benewens het hulle vir die grootste gedeelte van die seisoen sonder 'n afnigter gespeel en geoefen, wat tot gevolg gehad het dat hul nie in so 'n hegte eenheid saamgesnoer kon word nie. Die feit dat spanpraatjies nie altyd so goed bygewoon is nie en dié span se wedstryde swak bygewoon is deur ondersteunende Dorpstudente, getuig verder van die onbetrokkenheid van die span en sy ondersteuners. Die gebrek aan samehorigheid mag een van die bepalende faktore wees hoekom hierdie span nie na wense presteer het nie.

4.3 Span 3 (Drakenstein)

Span 3 se span is saamgestel uit die drie kleinste manskoshuise aan die P.U. vir C.H.O., naamlik Thaba Jäh (+ 70 inwoners), Heimat (+ 30 inwoners) en Uitspan (+ 30 inwoners). Thaba Jäh was die mees verteenwoordigende koshuis in die Drakensteinspan met gemiddeld 10 spelers per wedstryd, terwyl die ander twee koshuise elkeen 2 of 3 spelers in die span gehad het. Individueel vertoon die onderskeie koshuise 'n hegte groepsgees maar as gekombineerde koshuis nie so 'n hegte eenheid as die homogene koshuise (Caput, Hombré en Klooster) nie.

As gekombineerde koshuisspan het Span 3 goed weggespring en sy eerste wedstryd van die seisoen teen Over de Voor (Span 7) met 11 punte teenoor 10 gewen. Daarna was hulle egter deurentyd onsuksesvol en het hulle hul oorblywende 11 wedstryde verloor. Benewens die feit dat hulle die meeste drieë (36) in die seisoen afgestaan het, het hulle ook ten opsigte van

verskeie suksesmaatstawwe die swakste presteer (tabel XXVII). Span 3 het gemiddeld die minste balbesit uit vasteskrums (44%), losskrums (39%), losballe (44%), losspel (43%) en vastespel (44%) gewen (tabel XXVII). In totaal het Span 3 die meeste balbesit afgestaan (56%) en die minste gebiedsvoordeel van al sewe die spanne geniet (42%). Dit is dus duidelik dat Span 3 ten opsigte van sy algemene spel die onsuksesvolste span in die liga was, wat daartoe gelei het dat dié span laaste in die liga geëindig het.

Die vraag ontstaan in welke mate dié span se algemene kohesie en die bepaalde komponente daarvan, deur die 11 agtereenvolgende neerlae beïnvloed is. Dié span se dalende kohesieprofiel blyk uit figuur 1. Waar die span aanvanklik hoog samehorig was, het die span=samehorigheid na elke opname afgeneem tot die span aan die einde van die seisoen die laagste spangees in die liga vertoon het. 'n Ooreenstemmende neiging kom by taakgemotiveerdheid voor (figuur 5). Die gemiddelde taakgemotiveerdheid na wedstryd 1 was 89,5%; na wedstryd 4 was dit 75,1%; 53,2% na wedstryd 8; en aan die einde van die seisoen was dit slegs 23,3% - 'n daling wat statisties beduidend was. Neerlae in wedstryde 4, 8 en 12 het gelei tot afnames in span=werk, tussenpersoonlike aangetrokkenheid, spelers se aangetrokkenheid tot hul span (behalwe wedstryd 4), en die span se houding teenoor hul afrigter (tabel XXX). Hieruit kan afgelei word dat die groot aantal opeenvolgende neerlae wat die span gelei het, 'n afname in algemene spansamehorigheid tot gevolg gehad

het. Aanhoudende mislukking breek 'n span se moed wat lei tot verbrokkeling. Die span se 11-10-oorwinning teen Span 7 (Over de Voor) in wedstryd 1 het, soos verwag gelei tot 'n toename in algemene kohesie, spanwerk, tussenpersoonlike aangetrokkenheid, aange-trokkenheid tot die span, taakgemotiveerdheid en spe-lers se evaluering van hul afrigter (figure 1, 2, 3, 4, 5 en 8).

Die feit dat Span 3 'n minder sterk span was en in bykans alle afdelings van die spel deur hul teenstanders oortref is, was hoofsaaklik verantwoordelik vir hulle talle neerlae. Die klaarblyklike gevolg hiervan was dat namate die seisoen gevorder het, die span=gees en spelers se gemotiveerdheid tot sukses afgeneem het. Hierbenewens het spanwerk, tussenpersoonlike aangetrokkenheid, spelers se aangetrokkenheid tot die span en die evaluering van hul afrigter afgeneem, wat op hul beurt bygedra het tot die span se swak prestasies. Neerlae ondermyn kohesie, wat op sy beurt tot verdere neerlae lei. Die blote feit dat dit 'n gekombineerde koshuisspan was, het sake verder bemoeilik in die bou van 'n gesonde spannees. Teen die einde van die seisoen het frustrasie, wrywing en konflik tussen spelers en hul afrigter voorgekom en was daar selfs sprake dat dié span hom aan die liga sou onttrek.

In die geval van Span 3 blyk dit dus dat mislukking as gevolg van swak spel en neerlae gelei het tot 'n afname in die algemene samehorigheid van die span.

Daar was teen die einde van die seisoen duidelike aanduidings dat die span besig was om te verbrokkel, in so 'n mate dat spanning tussen spanlede en koshuise voorgekom het. Die herhaaldelike neerlae het gelei tot tweedrag en swak gekoördineerde spanpogings.

4.4 Span 4. (Hombré)

Dié koshuis, bekend as Hombré, bestaan uit 8 eenhede elk met ongeveer 35 inwoners, 'n totaal van +280 inwoners. Die verskillende gange is met mekaar verbind en kommunikasie is spontaan. Samehorigheid of "ganggees" word aangemoedig, maar dit moet geskied in harmonie met die algemene koshuisgees. As geheel vertoon die koshuis 'n beeld van hegte samehorigheid en sterk identifikasie met die gees en belange daarvan. Die oorgrote hoeveelheid van die inwoners is vurige rugbyondersteuners en het alle wedstryde in groot getalle bygewoon, met die gebruikelike aanmoediging en geesdrif. As groep was die koshuis hoogs gemotiveerd om die liga te wen.

Dié ligaspan het gereeld spanpraatjies gehou. Sulke praatjies is gelei deur die afrigter of kaptein van die span. Kort voor wedstryde het die span in die kleedkamer vergader en is hulle deur die afrigter gemotiveer om hard én met oorgawe te speel; na afloop van die wedstryd het die span weer in die kleedkamer vergader om nabetragting te doen.

Hombré het derde in die liga geëindig, slegs 'n punt agter Span 1 en 2 punte agter Span 6 (tabel XXIX).

Uit die 12 wedstryde wat Span 4 gespeel het, het hulle 7 gewen, 3 gelykop gespeel en 2 verloor. Span 4 het aan die einde van die eerste ronde saam met Span 6 voorgeloop, met 5 van hul 6 wedstryde gewen (tabel XXIX). In die tweede ronde het Span 4 swakker presteer en kon hulle slegs 2 oorwinnings behaal en 3 gelykopuitslae afdwing. Hoewel Span 4 goed gevaar het in die liga, het hulle meer drieë gedurende die seisoen afgestaan (16) as wat hulle self kon aanteken (13). Daarteenoor het hulle van al die spanne die meeste punte by wyse van skoppe pale toe behaal (tabel XXVIII) en hul wedstryde met 'n gemiddelde puntetelling van 11-10 gewen. Hierdie gegewens dui onder andere op die belangrike rol wat 'n betroubare skopper in rugby speel.

Ten opsigte van spesifieke aspekte van die spel het Span 4 in sommige goed en in ander swak gevaar (tabel XXVII). Wat gebiedsvoordeel (54%) en balbesit uit vastespel (51%) betref, het Span 4, naas Span 1, die beste gevaar maar ten opsigte van balbesit uit losspeel (47%) en losballe gewen (48%), het dié span die tweede swakste presteer. Hierbenewens het hulle ook die derde minste balle uit losskrums (48%), vaskopskrums (45%), en balle op hul teenstanders se ingooie in die lynstane (47%), gewen.

In totaal kon dié span gemiddeld slegs 49% balbesit per wedstryd bemeester - 'n gemiddeld wat deur 4 ander spanne oortref is (tabel XXVII). Span 4 het dus, wat hul algemene spel betref, nie altyd aan die

verwagtings voldoen nie. Ten spyte hiervan was dié span betreklik suksesvol as gevolg van 'n betroubare skopper.

Span 4 se algemene kohesieprofiel vertoon (uitgesonderd die eerste wedstryd) deurgaans 'n afname van voorwedstrydopnames na na-wedstrydopnames (figuur 1). Die selfde neiging kom voor by tussenpersoonlike aangetrokkenheid (figuur 3), aangetrokkenheid tot die span (figuur 4), en taakgemotiveerdheid (figuur 5). Die feit dat daar na afloop van wedstryd 4 volgehoue afnames in algemene kohesie en al die komponente van kohesie voorkom, kan onder andere toegeskryf word aan die neerlaag wat op die lyf geloop is. Die afnames in kohesie het na wedstryde 8 en 12, wat deur Span 4 gewen is, voortgeduur, wat in stryd is met die hipotese dat oorwinnings tot toenames in algemene kohesie, onderlinge aangetrokkenheid en taakgemotiveerdheid lei. Die afnames na afloop van wedstryd 12 was 'n algemene neiging wat by alle spanne voorgekom het (tabel XXX); die afnames wat egter na wedstryd 8 voorgekom het, bevraagteken die hipotese dat sukses lei tot verhoogde algemene kohesie, spanwerk, tussenpersoonlike aangetrokkenheid, aangetrokkenheid tot die span en spelers se evaluering van hul afrigter.

Uit figure 1, 2, 3, 4, 5, 7 en 8 is die drastiese afnames van voorwedstrydopname 3 na na-wedstrydopname 4, opmerklik. Die hoë voorwedstrydwaardes is 'n bewys van die erns waarmee Span 4 die betrokke wedstryd benader het. Die afnames kan enersyds toege-

skryf word aan die feit dat Span 4 tot op daardie stadium geen enkele wedstryd verloor het nie en andersyds dat die wedstryd teen hul buurkoshuis en grootste opponent, Span 1, gespeel is en Span 4 die wedstryd 9-22 verloor het. Die teleurstelling en vernedering was groot. Hulle kon slegs 37% balbesit bemeester en was vir 73% van die tyd in hulle eie halfgebied vasgepen. Die oortuigende wyse waarop Span 4 verloor het, asook die feit dat dit hul eerste neerlaag van die seisoen was, en boonop teen Span 1, het bygedra tot die groot afnames in algemene kohesie (14,0%), spanwerk (32,2%), tussenpersoonlike aangetrokkenheid (9,3%), aangetrokkenheid tot die span (3,7%), taakgemotiveerdheid (19,5%), en spelers se beoordeling van hul afrigter (5,2%).

Span 4, het net soos Span 1, hul afrigter na oorwinnings (wedstryde 1, 8 en 12) minder gunstig beoordeel as daarvoor (figuur 8 en tabel XXX). Hierdie neiging, wat by al die spanne voorgekom het, is moontlik toe te skryf aan die feit dat spelers hul oorwinnings eerder aan goeie spanpogings en samespel toeskryf as aan die goeie afrigting wat hulle ontvang het. Ses uit die 9 kerè het spanne se spanwerk na oorwinnings toegeneem terwyl na 7 van genoemde oorwinnings afnames in spanne se evaluering van hul afrigters voorgekom het (tabel XXX).

Ten spyte van die feit dat Span 4 se algemene kohesieprofiel, namate die seisoen gevorder het, afwaarts geneig het, was dié span (naas Span 1), gemiddeld die

mees samehorige span in die liga (83,9%). Ook wat tussenpersoonlike aangetrokkenheid (88,8%), spelers se aangetrokkenheid tot hul span (89,4%), taakgemotiveerdheid (77,1%), en die span se beoordeling van sy afrigter (89,7%) betref, het Span 4 die tweede-hoogste gemiddeldes vir die seisoen vertoon. Spelers het die span se samewerking egter nie hoog aangeslaan nie en die tweedelaagste gemiddelde persentasie behaal (tabel XXVI). Dit moet egter hoofsaaklik toegeskryf word aan die drastiese afname in spanwerk na afloop van hul neerlaag teen Span 1 (figuur 2).

Samevattend blyk dit dus dat Span 4 'n hoogs samehorige, taakgemotiveerde en aantreklike span vir sy spelers was. Spelers het tot mekaar aangetrokke gevoel afgesien van die feit dat hul samespel nie altyd so goed was nie. Hul swak spanwerk word onder andere weerspieël in die feit dat hulle in verskeie spelsette swak gevaar het (tabel XXVII). Ten spyte hiervan was Hombré, met die hulp van 'n goeie stelskopper, suksesvol. Hul enigste twee neerlae gedurende die seisoen, dié teen hul buurkoshuis, Span 1, het hul egter van die beker beroof. Veral die eerste neerlaag (wedstryd 4), teen Span 1 (figuur 1) was 'n groot terugslag vir die span se algemene spangees, soos wat die beduidende afnames in spanwerk en taakgemotiveerdheid ($p < 0,001$) getuig. Struwelinge tussen sleutelspelers en die afrigter gedurende die laaste 4 wedstryde van die seisoen hou waarskynlik verband met Span 4 se twee gelykop uitslae en een neerlaag in onderskeidelik wedstryde 9, 10 en 11 (tabel XXIX). Hierdie terugslae moes as frustre-

rend ervaar gewees het juis omdat hulle hoogs gemotiveerd was om te wen. Frustrasie het gelei na konflik en onenigheid tussen spelers, wat uiteindelik 'n negatiewe uitwerking op hul samespel moes gehad het.

4.5 Span 5 (Klooster)

Dié manskoshuis, bekend as Klooster, is geleë 2 kilometer weg van die sentrale kampus. Dit herberg + 170 studente en is saam met Drakenstein die kleinste van die vyf koshuise. Die koshuis adem 'n eiesoortige karakter, vanweë sy afgeslotenheid van die sentrale kampus en deels omdat dit die geboue beset van 'n vroeëre Rooms-Katolieke skool - vandaar die naam "*Klooster*". Die groepsgees van die koshuis is heg en identifikasie van studente met hulle koshuis is hoog. Dié span se wedstryde is dwarsdeur die seisoen goed ondersteun.

Span 5, met 5 oorwinnings en 7 neerlae, het vierde in die liga geëindig (tabel XXIX). Vier van hul oorwinnings het hul in die eerste ronde behaal waarna hul 5 wedstryde in die tweede ronde verloor het. Teenoor die 100 punte wat Span 5 in totaal aangeteken het, het hulle 161 punte afgestaan, wat 'n gemiddelde puntetelling van 8-13 per wedstryd gee (tabel XXVIII). Ook op die aanval en die verdediging het die span swak presteer. Dit blyk uit die feit dat hulle in totaal slegs 11 drieë gedurende die seisoen kon aanteken teenoor die 25 drieë wat teen hulle gedruk is (tabel XXVIII).

Slegs uit twee spelsette, die vasteskrums (54%) en

losballe (54%), het Span 5 'n ruim mate van balbesit gehad (tabel XXVII). In die oorblywende spelsette het Span 5 swak presteer. Ten opsigte van balbesit uit lynstane (42%), vaskopskrums (42%), en balbesit uit lynstane op hul teenstanders se ingooie (39%), het Span 5 gemiddeld die swakste van al sewe die spanne gevaar. Hierbenewens het hulle gemiddeld net 45% gebiedsvoordeel geniet en 48% balle per wedstryd gewen, wat daarop dui dat Span 5 merendeels op die verdediging was.

Word die algemene spel van Span 5, wat vierde in die liga geëindig het, vergelyk met die twee spanne wat saam vyfde geëindig het, spanne 2 en 7, blyk dit dat Span 5 oor die algemeen swakker rugby gespeel het as genoemde spanne (tabel XXVII). Dit word ondersteun deur die feit dat beide spanne meer drieë gedruk het en minder drieë afgestaan het as Span 5 (tabel XXVIII). Daarenteen blyk dit dat Span 5 'n meer samehorige span as Span 2 was (figuur 1 en tabel XXVI) wat moontlik verklaar waarom Span 5, ten spyte van sy swakker algemene spel, uiteindelik beter presteer het as Span 2.

Span 5 se eerste oorwinning van die seisoen oor Span 2 (9-3) het, soos verwag, tot toenames in algemene kohe= sie, spanwerk, tussenpersoonlike aangetrokkenheid, aangetrokkenheid tot die groep, spanwerk, en spelers se beoordeling van hul afrigter gelei (tabel XXX). Hul 6-3 oorwinning in wedstryd 4 teen Span 7 het egter nie tot die verwagte toenames, soos in wedstryd 1, gelei nie. In teendeel, ten opsigte van al die ver=

anderlikes het daar afnames voorgekom. Dit is moontlik toe te skryf aan die feit dat Span 5 ten opsigte van al die spelsette swakker presteer het as Span 7 en ervaar het dat hulle misluk; vandaar dat die verskillende dimensies van kohesie minder gunstig beoordeel is as voor die wedstryd.

Wedstryde 8 en 12, wat Span 5 onderskeidelik teen Span 1 (6-19) en Span 4 (9-15) verloor het, het gelei tot die verwagte afnames in algemene kohesie, tussenpersoonlike aangetrokkenheid (behalwe wedstryd 8), aangetrokkenheid tot die span, spanwerk (behalwe wedstryd 12 waar dit konstant gebly het), taakgemotiveerdheid en spelers se evaluering van hul afrigter (tabel XXX). In 6 uit die 12 gevalle het sukses gelei tot toenames in kohesie en die komponente daarvan, terwyl in 10 uit die 12 gevalle mislukking tot afnames gelei het (tabel XXX).

Die resultate toon dat Span 5 oor die algemeen swak rugby gespeel het (tabel XXVII). Dit kan deels toegeskryf word aan 'n onervare afrigter. Ten spyte hiervan het Span 5 beter presteer as spanne 2 en 7, wat albei meer balbesit en gebiedsvoordeel geniet het, as hulle. 'n Verklaring hiervoor is waarskynlik dat Span 5 'n meer samehorige, taakgemotiveerde, saamwerkende en aantreklike span was as byvoorbeeld Span 2. Hierbenewens vergelyk Span 5 se gemiddelde evaluering van hul afrigter (87,0%) en spelers se aangetrokkenheid tot mekaar (85,8%) minder gunstig met dié van ander spanne (tabel XXVI). Opmerklik is die feit

dat Span 5 se spansamehorigheid in die eerste ronde gemiddeld 12,2% meer samehorig was as in die tweede ronde toe die span soveel neerlae gelei het, wat 'n aanduiding is van die verwantskap tussen wen/verloor en kohesie. Herhaaldelike neerlae werk stremmend in op groepsamehorigheid; oorwinnings bevorder dit.

TABEL XXVI

GEMIDDELDE PERSENTASIES VAN 5 SPANNE SE GROEPSAMEHORIGHEID EN DIE KOMPONENTE VAN GROEP-SAMEHORIGHEID VIR 8 OPRAMES

Spanne	Spanneste	Tussenpersoonlike aangetrokkenheid	Aangetrokkenheid tot span	Taskemotiverteerdheid	Evaluering van afrigter	Groepsamehorigheidsindeks
1	81,0	86,1	88,8	84,8	88,6	80,2
2	83,8	82,9	77,8	85,9	80,6	74,2
3	76,9	88,2	86,7	85,7	88,1	81,1
4	74,4	88,8	88,4	77,1	88,7	83,9
5	78,9	85,8	88,1	74,8	87,0	82,2

TABEL XXVII

GEMIDDELDE PERSENTASIE BALBESIT DEUR 7 SPANNE GEWEN UIT DIE VERSKILLENDE SUKSESMAATSTAWWE (SPELSETTE), ASOOK GEBIEDSVORDEEL GENIET GEDURENDE DIE SEISOEN

Suksesmaatstawwe	Spanne						
	1	2	3	4	5	6	7
% Lynstane	62	50	45	51	42	48	51
% Vasteskrums	52	50	44	51	54	52	48
% Balbesit uit vastespeel	57	50	44	51	48	51	49
% Loeskrums	63	59	39	48	41	49	51
% Losballe	50	52	44	48	54	53	49
% Balbesit uit loespeel	54	55	43	47	49	52	50
% Totale balbesit	56	52	44	49	48	51	50
% Gebiedsvoordeel	57	51	42	54	45	49	51
% Vaskopskrums	65	51	43	45	42	58	47
% Lynstane gewen op teenstanders se ingooi	57	59	57	47	39	41	54

TABEL XXVIII

PUNTETABEL VAN 7 SPANNE VIR DIE HELE SEISOEN

Spanne	Punte aangeteken						Totaal	Punte afgestaan						Totaal
	4	2	3	3	4			4	2	3	3	4		
1	27	13	16	1	1		189	13	5	17				109
2	23	13	12				154	18	13	17		1		153
3	13	6	9	1			92	36	15	17	1			328
4	13	6	23	2			137	16	10	11				117
5	11	4	16				100	25	8	14	1			161
6	26	12	17	1			182	8	1	18	1			91
7	24	10	15				161	22	10	14	2			156
Totaal	137	62	108	5	1		1015	137	62	108	5	1		1015

TABEL XXIX

PUNTEPOSISIE VAN SPANNE NA ELKE WEDSTRYD, RONDE EN NA AFLOOP VAN DIE SEISOEN

Spanne	Wedstryde in eerste ronde							Wedstryde in tweede ronde							Groot totaal
	1	2	3	4	5	6	Totaal	7	8	9	10	11	12	Totaal	
1	0	0	2	2	2	2	8	2	2	2	2	2	0	10	18
2	0	0	2	0	0	0	2	2	0	2	0	1	2	7	9
3	2	0	0	0	0	0	2	0	0	0	0	0	0	0	2
4	2	2	2	0	2	2	10	1	2	1	1	0	2	7	17
5	2	2	0	2	2	0	8	0	0	0	2	0	0	2	10
6	0	2	2	2	2	2	10	1	2	0	2	2	2	9	19
7	0	0	2	0	0	0	2	2	1	2	0	2	0	7	9

0 = Wedstryd verloor

1 = Wedstryd gelykop

2 = Wedstryd gewen

TABEL XXX

INVLOED VAN WEN EN VERLOOR OP DIE SELGEMIDDELDEN VAN SPANNE SOOS DIT
TOENEEM OF AFNEEM VAN VOOR-WEDSTRYDOPNAMES NA NA-WEDSTRYDOPNAMES

Spanne	Veranderlikes	Wedstryde gewen				Wedstryde verloor			
		1	4	8	12	1	4	8	12
1	Groepsamehorigheid		T		GV	A			A
	Spanwerk		T		A	A			A*
	Tussenpersoonlike aangetrokkenheid		T		T	GV			A
	Aangetrokkenheid tot span		T		GV	A			T
	Taakgemotiveerdheid		T		GV	A*			A**
	Evaluering van afriqter		A		A	A			A
2	Groepsamehorigheid				A	A	A	A	
	Spanwerk				T	A	A	A	
	Tussenpersoonlike aangetrokkenheid				A	A	A	A	
	Aangetrokkenheid tot span				T	A	T	A	
	Taakgemotiveerdheid				A**	A**	A**	A	
	Evaluering van afriqter				A	A	T	A	
3	Groepsamehorigheid	T				A	A	A	
	Spanwerk	T				A	A	A	
	Tussenpersoonlike aangetrokkenheid	T				A	A	A	
	Aangetrokkenheid tot span	T				T	A*	A**	
	Taakgemotiveerdheid	T				A	A*	A**	
	Evaluering van afriqter	T				A	A*	A	
4	Groepsamehorigheid	T		A	A	A			
	Spanwerk	T		A	T	A**			
	Tussenpersoonlike aangetrokkenheid	T		A	A	A			
	Aangetrokkenheid tot span	T		A	A	A			
	Taakgemotiveerdheid	T		A	A**	A**			
	Evaluering van afriqter	A		A	A	A			
5	Groepsamehorigheid	T	A			A	A		
	Spanwerk	T	A			A	GV		
	Tussenpersoonlike aangetrokkenheid	T	A			T	A		
	Aangetrokkenheid tot span	T	A			A*			
	Taakgemotiveerdheid	T	A*			A*			A**
	Evaluering van afriqter	T	A			A			A

T = Toename

* $p < 0,05$

A = Afname

** $p < 0,01$

GV = Geen verskil

*** $p < 0,005$ **** $p < 0,001$

5 SAMEVATTING VAN RESULTATE

In hierdie hoofstuk is die seleksie van kritieke items vir die meting van groepsamehorigheid eerstens gedoen en daarna is nagegaan welke verskille daar bestaan.

Omdat die vyf afhanklike veranderlikes wat groepsamehorigheid meet, onderling verwant is, is die resultate aan 'n meervoudigevariansieontleding onderwerp.

Daar is gevind dat, inagnemende alle veranderlikes, die vyf spanne ten opsigte van hul algemene kohesie, hoogs beduidend van mekaar verskil en dat 'n hoogs beduidende interaksie tussen spanne en wedstryde voorgekom het. Dit beteken dat die verskille in spankohesie nie slegs aan verskille in span- en koshuisverband toegeskryf kan word nie, maar dat dit medebepaal word deur die wedstrydfaktor. *Post hoc*-toetse het getoon dat Span 1 (die mees samehorige en naas Span 6, die mees suksesvolle span) en Span 2 (die mins samehorige span) deurgaans hoogs beduidend van mekaar en van die ander spanne verskil het. Daarenteen was die kohesieverskille tussen spanne 3, 4 en 5 statisties onbeduidend (tabel IX).

Ten einde vas te stel of spanwerk, tussenpersoonlike aangetrokkenheid, aangetrokkenheid tot die span, taakgemotiveerdheid en spelers se evaluering van hul af-rigter (1) van span tot span verskil en (2) of dit deur die wedstrydfaktor beïnvloed word, is elkeen van die afhanklike veranderlikes aan 'n 5x8-eenrigting=variansieontleding (spanne x wedstryde) onderwerp (tabelle XI, XIII, XV, XVII en XIX). Die sterk in-

teraksie tussen die span- en wedstrydfaktor het bevestig dat die verskille ten opsigte van spanwerk, aangetrokkenheid tot die span, taakgemotiveerdheid en spelers se evaluering van hul afrigter nie slegs gesien moet word met betrekking tot kenmerke eie aan spanne en koshuise alleen nie, maar ook met inagneming van ervarings rondom wedstryde. Dit blyk egter dat daar ten opsigte van tussenpersoonlike aangetrokkenheid hoogs beduidende verskille tussen spanne bestaan, maar geen noemenswaardige interaksie tussen spanne en wedstryde nie, wat impliseer dat spelers se aangetrokkenheid tot mekaar hoofsaaklik deur die spanfaktor beïnvloed is.

Die omvang van verskille tussen spanne ten opsigte van die onderskeie afhanklike veranderlikes is *post hoc* met behulp van die Newman-Keuls-toets bereken. Dit blyk dat spanne 3, 4 en 5 ten opsigte van al die veranderlikes (behalwe in die geval van Span 3, met betrekking tot taakgemotiveerdheid), tot op die 5%-peil onbeduidend van mekaar verskil het. Span 1 verskil beduidend van alle ander spanne ten opsigte van tussenpersoonlike aangetrokkenheid, aangetrokkenheid tot die span, taakgemotiveerdheid en spelers se evaluering van hul afrigter, asook beduidend van Span 2 ten opsigte van spanwerk. Span 2 verskil op sy beurt beduidend van alle ander spanne ten opsigte van spanwerk, aangetrokkenheid tot die span, taakgemotiveerdheid (behalwe van Span 3), die span se evaluering van sy afrigter, en van Span 1 ten opsigte van tussenpersoonlike aangetrokkenheid.

Soos verwag, is die Dorpspan (Span 2) se algemene span=gees, spanwerk, tussenpersoonlike aangetrokkenheid, aangetrokkenheid tot die span en evaluering van hul afrigter, in die meeste gevalle beduidend swakker as dié van die koshuisrugbyspanne (spanne 1, 4 en 5) en die gekombineerde koshuisspan van Span 3. Die feit dat kommunikasie en interaksie grootliks beperk was tot oefeninge, spanpraatjies en wedstryde, en die span die eerste helfte van die seisoen sonder 'n afrigter gespeel het, het waarskynlik daartoe gelei dat dié span, ongeag hul goeie spel, tweedelaaste in die liga geëindig het.

Die feit dat Span 3 in bykans alle afdelings van die spel verslaan is, het hoofsaaklik gelei tot die span se 11 agtereenvolgende neerlae. Hierdie spanmislukings het, soos voorspel, gelei tot afnames in algemene spankohesie en die verskillende dimensies daarvan en dit weer het bygedra tot swak prestasies. As 'n span wat uit verskillende koshuise saamgestel is, was Span 3 nooit daartoe in staat om tot so 'n hegte en gedugte span te ontwikkel as die spanne van homogene koshuise nie. Hierdié heterogene span het aan die einde van die seisoen ervaar dat daar onmin ontstaan tussen spelers, die onderskeie koshuise en die afrigter, wat daarop dui dat dié span as gevolg van die baie neerlae en swak spangees besig was om te verbokkel.

Span 4 was een van die meer suksesvolle spanne in die kompetisie en was naas Span 1 die mees samehorige, taakgemotiveerde en aantreklike span vir sy spelers. Dié span se algemene spel was egter nie altyd so goed

nie (tabel XXVII). Dit is onder andere ook weer=spieël in die feit dat spelers hul spanwerk minder gunstig beoordeel het (tabel XXVI). Span 4 se twee neerlae teen hul buurkoshuis, en die konflik tussen die spelers en die afrigter gedurende die laaste 4 wedstryde van die seisoen (waarvan 1 verloor en 2 gelykop was), het die span se samespel beïnvloed en waarskynlik Span 4 van die beker beroof.

Span 5, 'n homogene koshuisspan, het oor die algemeen swak rugby gespeel maar vanweë die span se redelike goeie groepsamehorigheid kon hulle daarin slaag om vierde in die liga te eindig (tabel XXIX). Span 5 se herhaaldelike neerlae in die tweede ronde het negatief ingewerk op die spansamehorigheid, vandaar die laer spansamehorigheid in die tweede ronde. Die aantal oorwinnings in die eerste ronde het, soos verwag, tot verhoogde kohesie gelei. Sukses het 'n positiewe uitwerking op kohesie, herhaaldelike mislukings ondermyn kohesie - dit is die afleiding wat hieruit gemaak kan word.

Bogaande bevindinge is baie spesifiek en tegnies van aard. Dit is nodig om die bevindinge ook in 'n breër teoretiese verband te stel.

Hierdie studie het eerstens daarin geslaag om die *Sports Cohesiveness Questionnaire* van Martens et al. (1972) verder af te rond en bruikbaar te maak vir rugbysituasies. Die finale vraelyste wat voorgestel word om spankohesie voor of na die plaasvind van rug=

bywedstryde te toets (bylaes G en H), is weliswaar nie volmaak nie, maar hierdie ondersoek het minstens die bruikbaarheid daarvan getoets. Dit het getoon dat spansamehorigheid in rugbysituasies wetenskaplik gemeet kan word. Trouens, dit behoort ook in ander spansportsoorte die geval te wees.

Dit is moeilik om 'n bondige samevatting van al bogenoemde resultate te gee. Daar is 'n aantal duidelike bevindinge, maar daar is ook heelwat teenstrydighede in die resultate teenwoordig wat tiperend is van veldstudies soos hierdie. Alle steurende veranderlikes kan eenvoudig net nie soos in gekontroleerde eksperimentele studies beheer word nie, met die gevolg dat resultate nie altyd konsekwente neigings aandui nie. Tog is dit moontlik om 'n aantal neigings uit te wys, wat met verbasende konsekwentheid in hierdie ondersoek na vore gekom het.

Daar het beduidende verskille voorgekom in die groepsamehorigheid van die verskillende spanne. Die mees samehorige spanne was in die reël ook die mees suksesvolle spanne, wat steun aan die hipotese verleen dat groepsamehorigheid positief verwant is aan spansukses en omgekeerd. Neerlae en mislukkings ondermyn groepsamehorigheid en lei op die duur na frustrasie, konflik en verbrokkeling.

Goeie groepsamehorigheid alleen skyn nie voldoende te wees om sukses te verseker nie; dit moet gekoppel word aan goeie spelstrategie en doeltreffende spel.

Groepsamehorigheid skyn egter een van die kritieke bepalers van sukses en bevrediging in spankompetisies te wees.

Groepsamehorigheid word sterk beïnvloed deur eienskappe en ervarings wat met wedstryde geassosieer word. Die kritiekheid van 'n wedstryd skyn verband te hou met groepsamehorigheid: hoe meer kritiek en belangrik 'n wedstryd, hoe meer bedreig voel die span, en hoe hoër die samehorigheid van die span.

Wenspanne is geneig om die rede vir hul sukses aan eie voortrefklikheid toe te skryf, byvoorbeeld aan die omvang van taakgemotiveerdheid, spanwerk of samewerking - verloorspanne is egter geneig om die rede vir hul neerlae aan eksterne faktore toe te skryf; daarom was verloorspanne meer geneig om hul afgrigter negatief te evalueer as die geval met wenspanne.

Sukses lei na positiewe tussenpersoonlike verhoudings en 'n toename in aangetrokkenheid tot die span; mislukking het 'n teenoorgestelde uitwerking.

Groepsamehorigheid word beïnvloed deur koshuisverskille. Homogene koshuise, dit wil sê koshuise met ruim geleentheid vir kontak, interaksie, kommunikasie en strategiebeplanning, lewer in die reël meer samehorige spanne op as heterogene koshuise, soos wanneer 'n span uit verskeie koshuise saamgestel word of wanneer spanlede verspreid woon en daar weinig geleenthede bestaan vir kontak, kommunikasie en interaksie. Om groepsame-

horigheid te ontwikkel, moet spanne in 'n sosiale omgewing geplaas word waar daar gereelde kontak is, waar daar ruim geleenthede vir interaksie bestaan, waar lede met mekaar kan kommunikeer en saam aan strategieë kan beplan oor hoe groepstake uitgevoer moet word, soos pretasie in rugby.

Tussenpersoonlike aangetrokkenheid alleen, of aangetrokkenheid tot die span of groep, is nie voldoende aanduiders van groepsamehorigheid om sukses te voorspel nie; dimensies soos taakgemotiveerdheid, doeltreffende samewerking en strategie moet ook in berekening gebring word. In hierdie ondersoek is gevind dat hoogs kohesiewe spanne met goeie spelstrategie die mees suksesvolle spanne was.

Die resultate van die ondersoek gee steun aan die definisies wat by aanvang oor groepsamehorigheid aanvaar is. Daarin word kohesie gedefinieer as die funksie van aangetrokkenheid tussen spanlede onderling, aangetrokkenheid van lede tot die span, samewerking en taakgemotiveerdheid. Hoe meer 'n span oor van hierdie kwaliteite beskik, hoe meer samehorig is so 'n span en hoe gunstiger die kanse op sukses. Steun vir so 'n stelling is hier gevind.

HOOFSTUK V

BESPREKING VAN DIE RESULTATE

Die resultate, soos aangebied in hoofstuk IV, word in hierdie hoofstuk bespreek en geïnterpreteer. Daar word ook gepoog om die bevindinge te verklaar en met ander navorsing in verband te bring.

Deur een van die mees suksesvolle en samehorige koshuisrugbyspanne (Span 1) se algemene spankohesie met dié van minder suksesvolle en samehorige koshuisrugbyspanne (spanne 2, 3, 4 en 5) te vergelyk, is gevind dat Span 1 se samehorigheidsgevoel hoogs beduidend van dié van die ander koshuisspanne verskil, wat daarop dui dat daar 'n positiewe verwantskap tussen sukses en kohesie in koshuisrugbyspanne bestaan. Hierbenevens het resultate getoon dat daar 'n negatiewe verwantskap bestaan tussen mislukking en spankohesie. Dit blyk uit die feit dat Span 2, (die mins samehorige span), een van die mees onsuksesvolle spanne in die liga was en hoogs beduidend van spanne 1, 3, 4 en 5 verskil het. Tussen spanne 3, 4 en 5 was daar nie betekenisvolle kohesieverskille nie; dog is dit opmerklik dat hoe meer suksesvol 'n span was, hoe hoër was sy gemiddelde kohesie (tabelle XXVI en XXIX). Hierdié bevindinge stem ooreen met die resultate van verskeie navorsers wat gevind het dat suksesvolle sportspanne meer samehorig is as onsuksesvolle sportspanne (Ryckman, 1968, p. 1958; Klein en Christiansen, 1969, p. 397-408; Landers en Crum, 1971, p. 88-96; Arnold en Straub, 1972, p. 346-352; Peterson

en Martens, 1972, p. 62-76; Petley, 1973, p. 47). McIntyre en Vander Velden het soortgelyke bevindinge gerapporteer in hul studies waarin hul onderskeidelik sokker- en basketbalspanne se spansamehorigheid bestudeer het (Petley, 1973, p. 15 en 42). Hulle kom tot die gevolgtrekking dat kohesie 'n belangrike rol speel in die uiteindelijke sukses van sokker- en basketbalspanne. Daarteenoor het ander navorsers geen positiewe verwantskap tussen sukses en kohesie in basketbal-, skiet- en roeipanne gevind nie (Fiedler, 1954, p. 381-388; McGrath, 1962, p. 365-375; Myers, 1962, p. 325-332; Lenk, 1968, p. 137-145). Hierdie teenstrydige resultate is moeilik te verklaar maar sluit aan by die "*sports specific theory*" dat groepsamehorigheid in sommige sportsoorte (byvoorbeeld bofbal, rolbal, sokker en stoei) 'n voorwaarde vir sukses is, terwyl dit in ander sportsoorte (byvoorbeeld skiet en roei) nie 'n voorvereiste vir sukses is nie. Ten spyte van die feit dat groepsamehorigheid as bepaler van sukses in basketbalspanne bevraagteken word (Fiedler, 1954, p. 381-388) ondersteun die meerderheid studies die hipotese dat samehorige basketbalspanne meer suksesvol as nie-samehorige spanne is (Klein en Christiansen, 1969, p. 397-408; Arnold en Straub, 1972, p. 346-352; Peterson en Martens, 1972, p. 62-76). Ook wat rugby betref aldus die bevindinge van die huidige ondersoek, skyn groepsamehorigheid 'n belangrike bepaler van sukses te wees. Sukses in rugbyspanne lei tot verhoogde kohesie, terwyl herhaalde neerlae 'n afname in kohesie tot gevolg het.

Die resultate toon dat ten opsigte van die vyf afhank-

like veranderlikes hoogs beduidende verskille tussen spanne voorgekom het, wat 'n aanduiding is van die belangrike rol wat span- en koshuisverband gespeel het in die bepaling van die onderskeie dimensies van kohe-sie (tabelle XI, XIII, XV, XVII en XIX). Hierbenewens is gevind dat, uitgesonderd tussenpersoonlike aange-trokkenheid, al die afhanklike veranderlikes ook deur ervaringe rondom wedstryde beïnvloed is (tabelle XI, XIII, XV, XVII en XIX). Die verskille ten opsigte van spanwerk, aangetrokkenheid tot die groep, taakgemoti-veerdheid en spelers se evaluering van hul afrigter moet dus bespreek en geïnterpreteer word met betrek-king tot kenmerke eie aan spanne en koshuise, asook na aanleiding van ervaringe rondom wedstryde - verskille ten opsigte van tussenpersoonlike aangetrokkenheid moet daarenteen slegs gesien word met betrekking tot invloe-de eie aan elke span en koshuis. Met dit in gedagte word die resultate van die vyf afhanklike veranderli-kes vervolgens bespreek.

Die bevindinge van verskeie navorsers (Ryckman, 1968, p. 1958; Arnold en Straub, 1972, p. 349; Petley, 1973, p. 43-44) dat lede van suksesvolle sportspanne (rol-bal, basketbal en stoei) meer samewerkend is as on-sukcesvolle sportspanne, word deur hierdie studie bevestig. Daar is gevind dat Span 1, die mees sukses-volle span naas Span 6, gemiddeld die mees samewerken-de rugbyspan in die liga was, terwyl Span 2, wat twee-de laaste geëindig het, se spanwerk die swakste was en betekenisvol van dié van die ander spanne verskil het. Tussen die oorblywende spanne is daar geen betekenis-

volle verskille in spanwerk gevind nie, wat daarop dui dat Span 2 hoofsaaklik verantwoordelik was vir die verskille tussen spanne. Tog is dit opmerklik dat spanne hul eie spanwerk (alhoewel nie statisties betekenisvol nie) gunstiger beoordeel het na afloop van 'n oorwinning en minder gunstig na 'n neerlaag, wat toon dat rugbyspelers hul sukses deels toeskryf aan goeie spanwerk, en hul mislukking aan swak spanwerk (figuur 2). Lenk (1968, p. 137-145) vind eweneens dat die Wes-Duitse Olimpiese roeikampioene hul sukses onder andere aan doeltreffende spanwerk toegeskryf het. Hoewel die getuienis nie baie sterk is nie, kan die afleiding tog gemaak word dat daar 'n positiewe verband bestaan tussen sukses en spanwerk en 'n negatiewe verband tussen mislukking en spanwerk in rugbyspanne.

Teenstrydige resultate word berig in verband met die rol wat tussenpersoonlike aangetrokkenheid speel in die sukses van sportspanne. Myers (1962, p. 325-332) en Lenk (1968, p. 137-145) het byvoorbeeld geen verband gevind tussen spelers se aangetrokkenheid tot mekaar en die sukses wat skiet- en roeispans onderskeidelik behaal het nie. Daarteenoor het 'n aantal studies getoon dat spelers van suksesvolle rolbal-, basketbal- en stoeispanne meer tot mekaar aangetrokke gevoel het, as spelers van onsuksesvolle spanne (Ryckman, 1968, p. 1958; Arnold en Straub, 1972, p. 348-349; Petley, 1973, p. 43). Laasgenoemde studies word gedeeltelik ondersteun deur die resultate van hierdie ondersoek. Soos blyk uit tabel XXVI het suksesvolle koshuisrugbyspanne (spanne 1 en 4) gemiddeld meer tot

hul spanmaats aangetrokke gevoel as spelers van minder suksesvolle spanne (spanne 2, 3 en 5). Alhoewel tussenpersoonlike aangetrokkenheid hoofsaaklik deur die spanfaktor beïnvloed is, en daar ook geen betekenisvolle toenames of afnames na 'n oorwinning of neerlaag voorgekom het nie (tabel XXII), is daar tog 'n neiging dat tussenpersoonlike aangetrokkenheid na oorwinnings toegeneem het en ná neerlae afgeneem het. Alles in ag geneem, blyk dit dat suksesvolle rugbyspanne gemiddeld 'n gunstiger profiel van tussenpersoonlike aangetrokkenheid gehandhaaf het as minder suksesvolle spanne (figuur 3).

Die bevindinge van Arnold en Straub (1972, p. 349) asook dié van Petley (1973, p. 43) dat spelers van onderskeidelik suksesvolle basketbal- en stoeispanne meer aangetrokke voel tot hul span as spelers van onsuksesvolle spanne, stem ooreen met die resultate van hierdie studie. Spelers van suksesvolle spanne (1 en 4) se gemiddelde aangetrokkenheid tot hul spanne was deurgaans hoër as dié van spelers van minder suksesvolle spanne (2, 3 en 5). Hierbenewens het spelers van onderskeidelik die mees suksesvolle span (Span 1), en een van die mees onsuksesvolle spanne (Span 2), se aangetrokkenheid tot hul spanne betekenisvol van mekaar en die ander spanne s'n verskil. Dit, en die feit dat daar telkens toenames in spelers se aangetrokkenheid tot hul spanne was na 'n oorwinning of afnames na 'n neerlaag, lewer bewys van die verband wat bestaan tussen sukses/mislukking en spelers se aangetrokkenheid tot hul span. Alhoewel hierdie verskille te klein is om beduidend te wees, kan die afleiding gemaak word dat daar 'n neiging is dat oor-

winnings tot verhoogde aangetrokkenheid tot die span lei, en neerlae tot afnames.

Uit die resultate blyk dat taakgemotiveerdheid hoofsaaklik verantwoordelik was vir die kohesieverskille wat tussen spanne voorgekom het (tabel X). Verder blyk dat hoe suksesvoller 'n koshuisrugbyspan was, hoe hoër was sy gemiddelde taakgemotiveerdheid (tabel XXVI). Span 1, die mees suksesvolle koshuisrugbyspan naas Span 6, het die hoogste gemiddelde taakgemotiveerdheid vertoon en in die opsig betekenisvol van dié ander spanne verskil; daarenteen het spanne 2 en 3, wat die mees onsuksesvolle spanne was, die laagste motiveringsprofiel vertoon en hierin beduidend van die ander spanne verskil, maar nie van mekaar nie. Onge-lukkig word die betekenisvolheid van hierdie verskille, soos in die geval van spanwerk en aangetrokkenheid tot die span, enigermate beperk deur die hoë interaksie tussen die span- en wedstrydfaktore. Wat die invloed van wen en verloor op die taakgemotiveerdheid van spanne betref, blyk dit dat indien die laaste wedstryde buite rekening gelaat word, spanoorwinnings oor die algemeen 'n verhoogde taakgemotiveerdheid tot gevolg gehad het. Die feit dat hierdie toenames nie statisties betekenisvol was nie, beperk egter die veralgemeenbaarheid van hierdie bevinding. Neerlae het daarenteen 9 uit die 11 keer tot statisties beduidende afnames gelei. Alles in ag geneem, wil dit voorkom asof sukses 'n span se taakgemotiveerdheid positief beïnvloed. Ryckman (1968, p. 1958) en Arnold en Straub (1972, p. 346-352) se resultate gee onder=

steuning hieraan. Hulle vind onderskeidelik dat suksesvolle rolbal- en basketbalspanne meer taakgemotiveerd is as onsuksesvolle spanne. Ook Lenk (1968, p. 137-145) se resultate het getoon dat die sukses van die Wes-Duitse Olimpiese roeikampioene onder andere toegeskryf kan word aan die span se gemotiveerdheid om te presteer. Taakgemotiveerdheid skyn dus nou verwant te wees aan sukses wat in rugby behaal word.

Teen die verwagting in is gevind dat spelers 7 uit 9 keer hul afrigters minder gunstig beoordeel het na oorwinnings. Alhoewel hierdie afnames nie statisties betekenisvol was nie, dui die resultate op 'n duidelike neiging dat daar 'n negatiewe verband tussen sukses en spelers se evaluering van hul afrigters bestaan. Hierdie neiging is moeilik te verklaar. Die feit dat hierdie teenstrydige verband nie by die ander afhanklike veranderlikes voorkom nie, laat die vermoede ontstaan dat spelers moontlik voor 'n wedstryd baie bewus en afhanklik is van die afrigter se rol in die voorbereiding van die span en hom dienooreenkomstig hoog evalueer. Na die oorwinning is hulle egter meer bewus van die span se doeltreffende samespel, sterk gemotiveerdheid, goeie tussenpersoonlike verhoudings en aangename spangees sodat hulle die rol wat die afrigter gespeel het in hul uiteindelijke sukses, van minder belang beskou en hom gevolglik laer evalueer as vóór die wedstryd. Neerlae het daarteenoor (alhoewel nie statisties betekenisvol nie), tot die verwagte afnames in spelers se beoordeling van hul afrigters gelei. Die feit dat spanlede hul suksesse

aan eie voortreflikhede toeskrywe, en hul mislukkings aan die onvermoë van hul afrigter, strook met bevindinge uit ander terreine as sport (Scholtz, 1977, p. 96-100). Daar bestaan die neiging om 'n positiewe uitslag, soos sukses, aan eie toedoen en bekwaamheid toe te skrywe, maar om 'n negatiewe uitslag, soos mislukking, òf aan ander persone toe te skrywe òf aan die situasie of taak wat uitgevoer is. Dat spanne dus minder van hul afrigters hou na 'n verloorwedstryd, strook met bogenoemde. Soos in die geval van die ander afhanklike veranderlikes het spanne 1 en 2 ook ten opsigte van spelers se evaluering van hul afrigters onderskeidelik die hoogste en laagste gemiddeldes vertoon en betekenisvol van mekaar en die ander spanne verskil. Spanne 3, 4 en 5 het onbeduidend van mekaar verskil. Die rede waarom Span 1 se afrigter statisties gunstiger geëvalueer is as afrigters van ander spanne kan deels toegeskryf word aan die groot aantal oorwinnings wat dié span gedurende die seisoen behaal het. 'n Moontlike verklaring vir die ongunstige evaluering van Span 2 se afrigter is dat hierdie span vir 'n groot gedeelte van die seisoen sonder 'n afrigter gespeel het en daarbenewens een van die minder suksesvolle spanne in die liga was. Die feit dat die mees onsuksesvolle span, Span 3, se evaluering van sy afrigter meer gunstig was as byvoorbeeld Span 5, wat een van die meer suksesvolle spanne in die liga was (tabel XXVI), is moontlik toe te skryf aan die feit dat Span 5 deur 'n onervare afrigter, 'n student wat 'n inwoner in die betrokke koshuis was, afgerig is. Die afleiding kan dus gemaak word dat sukses nie in alle

gevalle 'n waarborg vir die gunstige beoordeling van 'n afrigter is nie; ervaring en kennis van die spel is verder belangrike eienskappe waaroor 'n afrigter moet beskik alvorens spelers 'n gunstige opinie van hul afrigter vorm. Daarbenewens lei oorwinnings oor die algemeen nie tot toenames in spelers se evaluering van hul afrigters nie; nogtans evalueer suksesvolle spanne (spanne 1 en 4) hul afrigters in die reël meer gunstig as onsuksesvolle spanne (spanne 2, 3 en 5).

In die voorafgaande bespreking, waar elke dimensie van kohesie individueel bespreek en geïnterpreteer is, blyk dit dat Span 1 die mees samehorige, samewerkende, taakgemotiveerde en aantreklike span vir sy lede in die liga was. Daarbenewens het spanlede mekaar, asook hul afrigter meer gunstig geëvalueer as die res van die spanne. Waarskynlik is die belangrikste enkele rede hiervoor die feit dat Span 1, naas Span 6, die mees suksesvolle span in die liga was. Soos reeds aangetoon, stem hierdie bevinding ooreen met die resultate van verskeie navorsers dat suksesvolle sportspanne meer samehorig, samewerkend, taakgemotiveerd en aantreklik vir hul spanlede is as onsuksesvolle spanne (Ryckman, 1968, p. 1958; Klein en Christiansen, 1969, p. 397-408; Landers en Crum, 1971, p. 88-96; Arnold en Straub, 1972, p. 346-352; Peterson en Martens, 1972, p. 62-76; Petley, 1973, p. 47). Ander moontlike verklarings vir Span 1 se uitstekende spangees lê waarskynlik opgesluit in die feit dat Span 1 se algemene spel beter was as enige ander koshuisrugbyspan (tabel XXVII); die span, asook die

koshuisinwoners hoogs gemotiveerd was om die liga te wen (figuur 5); en die span saamgestel is uit spelers woonagtig in een koshuis, wat gelei het tot spontane interaksie en kommunikasie.

In teenstelling hiermee, was die Dorpspan (Span 2) die mins samehorige span in die liga en het dié span ook ten opsigte van die verskillende dimensies van kohesie die laagste profiel vertoon (figure 1 - 8). Daar bestaan verskeie moontlike verklarings hiervoor, onder andere die feit dat Span 2 een van die mins suksesvolle spanne in die liga was (tabel XXIX); dié span vir 'n groot deel van die seisoen sonder 'n amptelike afrigter geoefen en gespeel het en hul wedstryde swak bygewoon is deur hul ondersteuners. Dog wil dit voorkom asof hierdie redes nie soveel gewig dra as wat algemeen verwag is nie, want soos blyk uit tabel XXVII, het Span 2 oor die algemeen goeie rugby gespeel. Waarskynlik is die belangrikste rede vir Span 2 se swak spangees die feit dat dié span saamgestel is uit 'n baie heterogene en geografies wyd verspreide gemeenskap, naamlik spelers woonagtig in die Dorp, wat kommunikasie en interaksie grootliks beperk het tot oefeninge, spanpraatjies en wedstryde. Hierdie bevinding was in ooreenstemming met die afleidings van Festinger et al., Newcomb en Scott dat interaksie 'n belangrike bepaler van kohesie is (Peterson en Martens, 1972, p. 63). Volgens hierdie navorsers bestaan daar 'n sterk verwantskap tussen die hoeveelheid kontak of interaksie tussen lede van 'n organisasie en hul tussenpersoonlike aangetrokkenheid. Festinger (1951, p. 152-163) het hierbenewens

gevind dat 'n toename in interaksie tot 'n toename in kommunikasie lei, wat weer tot 'n toename in tussenpersoonlike aangetrokkenheid en kohesie lei. Peterson en Martens (1972, p. 62-76) het na aanleiding van hierdie studies die invloed van sukses en residensiële affiliasie op die groepsamehorigheid van universiteitsbasketbalspanne ondersoek. Hulle vind dat die spanne wat saamgestel is uit groepe wat sosiaal baie aktief is en waarin die geleentheid vir sosiale interaksie baie voorkom, aan die begin van die seisoen meer samehorig was as spanne van onafhanklike organisasies en groepe met beperkte interaksie. Daar is egter, teen die verwagting in, na afloop van die seisoen geen beduidende groepsamehorigheidsverskille tussen die onderskeie groepe gevind nie. Daarteenoor toon die resultate van die huidige ondersoek (figuur 1) dat Span 2 se gemiddelde groepsamehorigheid voor en na afloop van die seisoen baie laer was as enige een van die koshuisrugbyspanne (spanne 1, 4 en 5) s'n. Daarbenewens was Span 2 se gemiddelde groepsamehorigheid vir die seisoen die laagste van al die spanne en het dit betekenisvol van almal verskil. Die hipotese dat koshuisrugbyspanne (spanne 1, 4 en 5) meer samehorig is as Dorp se koshuisrugbyspan (Span 2), word dus statisties bevestig.

Vir dieselfde redes as in die geval van Span 2, is die hipotese gestel dat Span 3, vanweë sy heterogene karakter, nie in so 'n hegte eenheid soos die homogene spanne (spanne 1, 4, en 5) saamgesnoer sou kon word nie. Die resultate het bevestig dat daar 'n duidelike neig-

ing bestaan dat die gekombineerde span van Span 3 minder samehorig was as die homogene koshuisrugbyspanne van spanne 1, 4 en 5 (tabel XXVI). Die feit dat Span 3 nie so 'n samehorige span as spanne 1, 4 en 5 was nie, hou egter ook verband met die feit dat dié span die mins suksesvolle span in die kompetisie was. Die 11 agtereenvolgende neerlae het telkens tot afnames in spanwerk, tussenpersoonlike aangetrokkenheid, aangetrokkenheid tot die span, taakgemotiveerdheid en spelers se beoordeling van hul afrigter gelei (tabelle XXI - XXV), tot so 'n mate dat Span 3 na afloop van die laaste wedstryd van die seisoen die mins samehorige en ongemotiveerdste span in die liga was (figure 1, 5 en 7). Daarbenewens was dié span se spanwerk die swakste van al die spanne en het spelers ook hul afrigter die ongunstigste beoordeel (figure 2 en 8). Dit was dan ook nie vreemd dat daar teen die einde van die seisoen onmin tussen spelers, die verskillende spanne en die afrigter voorgekom het nie, wat daarop dui dat die span as gevolg van sy samestelling, talle neerlae en swak spangees, besig was om te verbrokkel. Die hipotese dat daar 'n negatiewe verband bestaan tussen mislukking en kohesie in sportspanne word dus, soos reeds aangetoon, vir beide spanne 2 en 3 bevestig. 'n Verdere opvallende bevinding is dat die heterogene span van Span 3 beduidend meer samehorig was as Span 2 (Dorp), al was laasgenoemde span meer suksesvol as Span 3. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat meer as die helfte van die spelers in die gekombineerde koshuisrugbyspan in een koshuis gewoon het. Dit het tot gevolg gehad dat Span 3 'n beter spangees as Span 2 kon

ontwikkel deurdat interaksie en kommunikasie nie (soos in Span 2 se geval) hoofsaaklik beperk was tot oefeninge, spanpraatjies en wedstryde nie.

Soos blyk uit tabel XXIX, was Span 4 een van die meer suksesvolle koshuisrugbyspanne in die liga. Die belangrikste enkele rede vir die span se sukses was waarskynlik die feit dat Span 4, naas Span 1, die mees samehorige, taakgemotiveerde en aantreklike span vir sy spelers was (tabel XXVI). Hierdie bevinding ondersteun weer eens (alhoewel nie statisties betekenisvol nie) die hipotese dat daar 'n positiewe verband tussen sukses en kohesie bestaan. Daarbenewens was dié span, asook die koshuisinwoners, hoogs gemotiveerd om goed te presteer (tabel XXVI) en kon die span staat maak op 'n baie betroubare skopper (tabel XXVIII). Daarteenoor kan verskeie redes aangevoer word waarom Span 4 nie die beker verower het nie - moontlike faktore is onder andere dié span se swak algemene spel en strategie (tabel XXVII en XXVIII) en die onenigheid wat tussen sommige spelers en die afrigter gedurende die laaste paar wedstryde (waarvan 1 verloor en 2 gelykop was) voorgekom het.

Alhoewel Span 5 se algemene spel swakker was as dié van Span 2 (tabelle XXVII en XXVIII), het eersgenoemde span beter presteer as Span 2 (tabel XXIX). 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat Span 5 'n meer samehorige, samewerkende, aantreklike en gemotiveerde span as Span 2 was. Dit dui onder andere op die belangrike rol wat 'n goeie spangees speel in die sukses van rugbyspanne.

Dit is egter ook waar dat 'n aangename spangees nie die enigste voorwaarde vir sukses is nie. Dit blyk onder andere uit die feit dat Span 5 se spansamehorigheid na afloop van 'n baie suksesvolle eerste ronde met 6% afgeneem het na dié span se talle neerlae in die tweede ronde (tabel XXIX en figuur 1). Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, stem ooreen met die hipotese dat sukses in rugbyspanne die spansamehorigheid positief beïnvloed, terwyl mislukking dit negatief beïnvloed.

'n Opvallende kenmerk van die interkoshuisliga was dat Dorp (Span 2) en die gekombineerde of heterogene koshuisspan (Span 3), nie slegs die mins samehorige spanne was nie, maar ook onderskeidelik tweedelaaste en laaste op die punteleer geëindig het. Spanne 1 en 4, wat goeie rugby gespeel het en ook 'n hoë kohesieprofiel gehandhaaf het, het beter presteer as spanne 2 en 5 wat net ten opsigte van een van die twee fasette goed gevaar het. Span 3 wat ten opsigte van beide die fasette swak presteer het, het laaste in die kompetisie geëindig. Hierdie bevinding toon dat of spansamehorigheid, of voldoende balbesit, of gebiedsvoordeel alleen nie sukses in rugby waarborg nie; al hierdie komponente is gesamentlik verantwoordelik vir die behaal van sukses.

Die drastiese afnames in spankohesie (figuur 1) en taakgemotiveerdheid (figure 5 en 7 en tabel XXIV) na afloop van opname 8, ongeag of wedstryde gewen of verloor is, is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat

die seisoen ten einde geloop het en daar niks meer op die spel was nie. Hierbenewens het daar deurgaans geringe afnames in tussenpersoonlike aangetrokkenheid (figuur 3 en tabel XXII) en spelers se beoordeling van hul afrigters (figuur 8 en tabel XXV) voorgekom.

Die huidige studie het die klem laat val op die bydrae van groepsamehorigheid tot sukses in rugby, en die invloed wat sukses of mislukking op groepsamehorigheid het. Talle ander aspekte wat medebepalend is vir sukses of mislukking in rugbykompetisies is buite rekening gelaat of as konstantes behandel, wat uiteraard die ondersoek onvolledig maak. Geen ondersoek kan reg aan alle fasette laat geskied nie.

Wat met hierdie ondersoek bereik is, is om aan te toon dat spansamehorigheid met sy komponente medebepalend is vir die sukses van 'n rugbyspan en hoogs waarskynlik ook van ander spansportsoorte. As 'n afrigter in sy voorbereiding van 'n rugbyspan slegs op aspekte soos fiksheid, strategie en die grondbeginsels van die spel sou konsentreer, en spansamehorigheid negeer, is sy totale strategiebeplanning onvolledig en sal die span nie tot sy volle potensiaal ontwikkel nie. Psigologiese komponente is ewe belangrik om maksimale prestasie te verseker. Dit is altans wat deur hierdie ondersoek uitgewys is.

Die psigologiese dimensie van sportprestasie is 'n uiters verwickelde aangeleentheid. Daar is so baie gedraginge en invloede wat in berekening gebring moet

word. Nogtans is dit nodig dat aandag hieraan gegee moet word, dat probleme op hierdie terrein nagevors word en dat aangedui moet word hoe dit in die sportpraktyk manifesteer en aangewend kan word.

HOOFSTUK VI

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN VERDERE NAVORSING

1 SAMEVATTING

Die doel van hierdie studie was om te bepaal (1) of suksesvolle koshuisrugbyspanne meer samehorig is as onsuksesvolle spanne; (2) wat die invloed van sukses of mislukking is op die onderskeie spanne se spanwerk, tussenpersoonlike aangetrokkenheid, aangetrokkenheid tot die span, taakgemotiveerdheid en spanne se evaluering van hul afrieter; en (3) of homogene koshuisrugbyspanne (spanne wat saamgestel is uit spelers woonagtig in een koshuis), meer samehorig is as heterogene koshuisrugbyspanne (spanne wat saamgestel is uit spelers wat in verskillende koshuise woon of spelers wat verspreid in die Dorp woon).

Die eksperimentele groep het bestaan uit 5 eerste ligakoshuisrugbyspanne wat vanaf April 1977 tot Augustus 1977 aan die P.U. vir C.H.O. interkoshuis-rugbyliga deelgeneem het. In totaal het 140 eerstespanspelers die vraelyste een of meer maal, afhangende van hoeveel wedstryde gespeel, beantwoord. Proefpersone het tussen die leeftye 18 en 25 jaar groepeer.

Die *Sports Cohesiveness Questionnaire* van Martens et al. (1972) is in vertaalde en aangepaste vorm as meetinstrument van groepsamehorigheid in koshuisrugbyspanne gebruik. Dié vraelys sluit die volgende groepsamehorigheidskomponente in: spanwerk, tussenpersoonlike aangetrokkenheid, aangetrokkenheid tot die span, taak-

gemotiveerdheid en spelers se evaluering van hul afri-
ter. Elke span se groepsamehorigheid is voor en na
ligawedstryde 1, 4, 8 en 12 gemeet. Koshuisspanne het
die Vrydagaand direk voor Saterdag se wedstryd, in
hul onderskeie koshuise se ontspanningsale die voor-
wedstrydvraelyste beantwoord en die na-wedstrydvrae-
lyste die eersvolgende Maandagmiddag, net voor die
aanvang van die middag se oefening. Die afneem van
die vraelyste het onder toesig van opgeleide koshuis-
organiseerders geskied.

Ten einde te bepaal hoe suksesvol die onderskeie spanne
was, is drie rugbysuksestelkaarte gekonstrueer (bylaes
C, D en E). Met behulp van telkaart I is elke span
se totale hoeveelheid balbesit in 'n wedstryd gewen,
gemeet. Dit is bereken op grond van die aantal balle
gewen uit (1) vaste spel : lynstane en vasteskrums en
(2) losspel : losskrums, losgemale en losballe. Op
telkaart II is spanne se gebiedsvoordeel (binne teen-
stander se halfgebied) met behulp van stophorlosies
bepaal. Op dieselfde telkaart is die wyse waarop
punte behaal is, asook die uitslag van die wedstryd,
aangeteken. Na afloop van die onderskeie wedstryde
is elke span se gemiddelde data op telkaart III aan-
geteken. Drie opgeleide tellinghouers is per wed-
stryd gebruik. Een tellinghouer, toegerus met drie
stophorlosies, was verantwoordelik vir die meting van
gebiedsvoordeel en die notulering van punte behaal.
Die ander twee tellinghouers het onderskeidelik tel-
ling gehou van Span A en Span B se totale balbesit.

Die eerste reeks statistiese ontledings was daarop

gemik om vas te stel of die aanvanklike seleksie en klassifisering van items in die verskillende komponente van groepsamehorigheid, ook statisties te verantwoord was. Statistiese resultate is ook gebruik as hulpmiddel om 'n finale en 'n meer konserwatiewe seleksie van items te doen, bestem vir die meting van groepsamehorigheid in koshuisrugbyspanne. Dit is gedoen deur elke item te toets en te weeg aan sy teoretiese inhoud, logiese appèl, die aard en omvang van korrelasies met ander items, meervoudige korrelasies en die uitslag van 'n hoofkomponent- en 'n maksimumwaarneemlikheidsfaktorontleding. Op grond van hierdie waarnemings en ontledings is 21 items ingesluit in die finale voor-wedstrydvraelys (bylae G) en 23 items in die na-wedstrydvraelys (bylae H).

Omdat sommige vrae op 'n 9-puntskaal en ander op 'n 5-puntskaal gebaseer was, is alle vrae by wyse van transformasie na gelyke groothede getransformeer. Hierna is die gemiddelde waardes per proefpersoon vir elk van die 5 komponente van groepsamehorigheid bereken en 'n nuwe stel ponskaarte voorberei waarop alle verdere berekeninge gedoen is.

Na afloop van die kritieke seleksie van items is verskeie statistiese tegnieke gebruik in die ontleding van die resultate. Eerstens is daar met behulp van twee korrelasiematrixe vasgestel dat die nuut verkose voor- en na-wedstrydveranderlikes verwant is. Omrede meervoudigevariansieontledings rekening hou met hierdie onderlinge afhanklikheid van veranderlikes, is 'n

rekenaarprogram, soos voorgestel deur Miller (1966, p. 202-208) en Rao (1973, p. 555-556), ontwerp om 'n meervoudigevariansieontleding op die voor- en na-wedstryddata uit te voer. Die ontwerp van die ontleding het as volg daaruit gesien: faktor A was saamgestel uit die 5 spanne, met 15 spelers per span; en faktor B het bestaan uit die 8 herhaalde groepsamehorigheidsmetings (4 voor-wedstryd- en 4 na-wedstrydopnames) wat op elke span gedoen is. Die finale ontwerp was dus 'n 5x8-meervoudigevariansieontleding met 5 afhanklike veranderlikes per proefpersoon. Vervolgens is daar met behulp van Rao se R-formule vasgestel of verskille tussen spanne statisties betekenisvol is en of dit deur wedstryde beïnvloed is (Tatsuoka, 1971, p. 200). Hierna is 'n aantal *post hoc*-toetse, soos voorgestel deur Miller (1966, p. 205) uitgevoer om te bepaal in hoe 'n mate spanne se groepsamehorigheid van mekaar verskil het. Omrede beduidende groepsamehorigheidsverskille tussen spanne voorgekom het, is toe met behulp van 'n diskriminantfunksieontleding vasgestel watter afhanklike veranderlikes hoofsaaklik verantwoordelik was vir die waargenome groepsamehorigheidsverskille tussen spanne. Dit was ook nodig om vas te stel of spanwerk, tussenpersoonlike aangetrokkenheid, taakgemotiveerdheid, aangetrokkenheid tot die span en spelers se evaluering van hul afrigter beïnvloed word deur die span- en/of die wedstrydfaktor. Om dit te kon bepaal is gebruik gemaak van 'n eenrigtingvariansieontleding. Twee faktore is onderskei, naamlik 'n span- en 'n wedstrydfaktor; 'n 5x8-faktoriesemodel

met herhaaldelike metings op die wedstrydfaktor is gebruik (Winer, 1971, p. 514-603). Hierop is daar met behulp van die Newman-Keuls-*post hoc*-toets (Winer, 1971, p. 185-196 en 528-530) bepaal wat die omvang van verskille tussen die spanne was ten opsigte van elkeen van die afhanklike veranderlikes. Ook is daar met behulp van individuele kontraste, soos voorgestel deur Winer (1971, p. 385), vasgestel wat die uitwerking van wen of verloor op die verskillende komponente van groepsamehorigheid was. Laastens is elke span ontleed aan die hand van sy groepsamehorigheidsresultate en suksesmaatstawwe.

2 GEVOLGTREKKINGS

Uit die resultate van die ondersoek is die volgende gevind:

- 2.1 Daar bestaan 'n betekenisvolle verwantskap tussen sukses en groepsamehorigheid in koshuisrugbyspanne : suksesvolle spanne was oor die algemeen meer samehorig as onsuksesvolle spanne.
- 2.2 Neerlae en mislukkings ondermyn groepsamehorigheid en die komponente daarvan en lei op die lang duur na verbrokkeling. Daar was aanduidings dat herhaalde mislukkings aanleiding gee tot frustrasie en konflik.
- 2.3 Slegs groepsamehorigheid, of voldoende balbesit, of baie gebiedsvoordeel skyn afsonderlik nie voldoende te wees om sukses in koshuisrugbyspanne

te verseker nie; hierdie komponente funksioneer gesamentlik om sukses te bepaal.

- 2.4 Groepsamehorigheid word beïnvloed deur die kritiekheid van 'n wedstryd : hoe meer kritiek en belangrik 'n wedstryd, hoe meer bedreig voel die span, en hoe hoër die samehorigheid van die span.
- 2.5 Koshuisrugbyspanne is geneig om hul suksesse aan eie voortreflikheid toe te skryf (byvoorbeeld goeie spanwerk en samewerking) en hul mislukkings aan die onvermoë van hul afrigter.
- 2.6 Oorwinnings of sukses lei in die reël na positiewe tussenpersoonlike verhoudings en 'n toename in spelers se aangetrokkenheid tot hul span; daarteenoor lei neerlae en mislukkings tot afnames in tussenpersoonlike aangetrokkenheid en aangetrokkenheid tot die span. Lede van suksesvolle rugbyspanne het in die meeste gevalle statisties beduidend meer aangetrokke tot mekaar, hul span en hul afrigter gevoel, beter saamgewerk, en 'n hoër taakgemotiveerdheid geopenbaar, as lede van onsuksesvolle spanne.
- 2.7 Homogene koshuisrugbyspanne is meer samehorig en suksesvol as heterogene koshuisrugbyspanne.
- 2.8 Tussenpersoonlike aangetrokkenheid alleen, òf aangetrokkenheid tot die span, is nie voldoende aanduiders van groepsamehorigheid in koshuis=

rugbyspanne nie; taakgerigte veranderlikes soos taakgemotiveerdheid en spanwerk moet ook in berekening gebring word.

3 VERDERE NAVORSING

Daar is nog nie volle eenstemmigheid oor wat groepsamehorigheid presies is, of wat die kritieke bepalers daarvan is nie. Dit is probleme wat verder nagevors moet word.

Die verband tussen groepsamehorigheid en sukses behoort in verskeie sportsoorte, veral spansportsoorte soos tennis, waterpolo, krieket en hokkie, om enkeles uit te sonder, nagevors te word. Dit is moontlik dat daar 'n optimale hoeveelheid groepsamehorigheid vir elke spansport bestaan, dat samehorigheid vir een sport belangriker mag wees as vir 'n ander. Ook is dit moontlik dat sekere komponente van samehorigheid in sommige sportsoorte meer belangrik is vir sukses as in ander sportsoorte.

Daar is 'n behoefte aan goeie meetinstrumente vir groepsamehorigheid. In hierdie ondersoek is 'n poging aangewend om so 'n meetinstrument gebaseer op die *Sports Cohesiveness Questionnaire* van Martens et al. (1972), saam te stel. Die bruikbaarheid hiervan moet nog verder bepaal word. Dit kan alleen geskied wanneer ander navorsers dit aanwend en op die swak en sterk punte daarvan wys.

BIBLIOGRAFIE

1 LITERATUURVERWYSINGS

- ALDERMAN, R.H. 1974. Psychological behavior in sport. Philadelphia, Saunders.
- ANDERSON, A.B. 1975. Combined effects of interpersonal attraction and goal-path clarity on cohesiveness of task oriented groups. *Journal of personality and social psychology and supplement*, 31(1) : 68-75.
- ARNOLD, G.E. & STRAUB, W.F. 1972. Personality and group cohesiveness as determinants of success among interscholastic basketball teams. *Proceedings of the fourth Canadian psycho-motor learning and sport psychology symposium*, 4 : 346-352.
- BACK, K. 1951. Influence through social communication. *Journal of abnormal and social psychology*, 46 : 9-23.
- BANDURA, A. & HUSTON, A.C. 1961. Identification as a process of incidental learning. *Journal of abnormal and social psychology*, 63 : 311-318.
- BASS, B.M. 1962. Orientation inventory. Palo Alto, Consulting Psychologist Press.
- BERKOWITZ, L. 1954. Group standards, cohesiveness and productivity. *Human relations*, 7 : 509-519.
- BONNER, H. 1959. Group dynamics : Principles and applications. New York, Ronald Press.

- BORMANN, E.G. 1969. Discussion and group methods : Theory and practice. New York, Harper & Row.
- BOVARD, E. 1951a. Group structure and perception. *Journal of abnormal and social psychology*, 46 : 389-405.
- BOVARD, E.W., Jr. 1951b. The experimental production of interpersonal affect. *Journal of abnormal and social psychology*, 46 : 521-528.
- BREEZE, R. 1976. Dismal defeats gave Tricolors winning spirit. *Topsport*, 6 : 14-17, Jun.
- BREHM, J. & FESTINGER, L. 1957. Pressure toward uniformity in groups. *Human relations*, 10 : 85-91.
- BRICKMAN, P., REDFIELD, J., HARRISON, A.A. & CRANDALL, R. 1972. Drive and predisposition as factors in the attitudinal effects of mere exposure. *Journal of experimental social psychology*, 8 : 31-44.
- BURGER, G. 1977. The ultimate man's man - and a singer. *Rugby News*, 1 : 22 col. 1, Jul. 15.
- BURGESS, T.D.G. & SALES, S.M. 1971. Attitudinal effects of "mere exposure" : A reevaluation. *Journal of experimental social psychology*, 7 : 461-472.
- BYRNE, D. 1961. Interpersonal attraction and attitude similarity. *Journal of abnormal and social psychology*, 62 : 713-715.

- BYRNE, D. 1962. Response to attitude similarity-dissimilarity as a function of affiliation need. *Journal of personality*, 30 : 164-177.
- CAMPBELL, D.J. & STANLEY, J.C. 1971. Experimental and quasi-experimental designs for research. Chicago, Rand McNally.
- CARTWRIGHT, D. & ZANDER, A. 1960. Group dynamics : Research and theory; 2nd ed. New York, Harper & Row.
- CARTWRIGHT, D. & ZANDER, A. 1968. Group dynamics : Research and theory; 3rd ed. New York, Harper & Row.
- COCH, L. & FRENCH, J.P.R., Jr. 1948. Overcoming resistance to change. *Human relations*, 1 : 512-532.
- CRAVEN, D.H. 1970. Rugbyhandboek. Johannesburg, Tafelberg-Uitgewers.
- CRAVEN, D.H. 1976. Rugby vir almal. Kaapstad, Tafelberg-Uitgewers.
- DAVIS, J.A. 1963. Structural balance, mechanical solidarity and interpersonal relations. *American journal of sociology*, 68 : 444-462.
- LEUTSCH, M. 1949a. A theory of cooperation and competition. *Human relations*, 2 : 129-152.
- LEUTSCH, M. 1949b. An experimental study of the effects of cooperation and competition on group process. *Human relations*, 2 : 199-231.

- DEUTSCH, M. 1968. The effects of cooperation and competition on group process. (In CARTWRIGHT, D. & ZANDER, A., Ed. 1968. Group dynamics : Research and theory; 3rd ed. New York, Harper & Row. p. 461-482).
- DITTES, J. 1959. Attractiveness of group as function of self-esteem and acceptance by group. *Journal of abnormal and social psychology*, 59: 77-82, Jul.
- DOWNING, J. 1958. Cohesiveness, perception and values. *Human relations*, 11 : 157-166.
- DUNPHY, D.C. 1969. Cliques, crowds and gangs. Adelaide, The Griffin Press.
- EISMAN, D. 1959. Some operational measures of cohesiveness and their correlations. *Human relations*, 12 : 183-189.
- FESTINGER, L. 1951. Group attraction and membership. *Journal of social issues*, 7 : 152-163.
- FESTINGER, L. 1954. A theory of social comparison processes. *Human relations*, 7 : 117-140.
- FIEDLER, F.E. 1954. Assumed similarity measures as predictors of team effectiveness. *Journal of abnormal and social psychology*, 49 : 381-388.
- FIEDLER, F.E. & MEUWESE, W.A.T. 1963. Leaders contribution to task performance in cohesive and uncohesive groups. *Journal of abnormal and social psychology*, 67 : 83-87.

- FREEDMAN, J.L., SEARS, D.O. & CARLSMITH, J.M. 1978. Social psychology; 3rd ed. Englewood Cliffs, Prentice Hall.
- FRENCH, J.P.R., Jr. 1941. The disruption and cohesion of groups. *Journal of abnormal and social psychology*, 36 : 361-377.
- FULCHER, D. & PERRY, D.G. 1973. Cooperation and competition in interethnic evaluation in preschool children. *Psychological reports*, 33(3) : 795-800.
- FURUHATA, Y. 1965. An experimental study of cooperation and competition; on group participation, group cohesiveness and group productivity. *Psychological abstracts*, 40 : 628.
- GOLDMAN, B. 1952. A scale for the measurement of group cohesiveness. Chicago, Psychometric Affiliates.
- GOLEMBIEWSKI, R.T. 1962. The small group : An analysis of research concepts and operations. Chicago, University of Chicago Press.
- GOODACRE, D.M. 1951. The use of sociometric test as a predictor of combat unit effectiveness. *Sociometry*, 14 : 148-152.
- GROSS, N. & MARTIN, W. 1952. On group cohesiveness. *American journal of sociology*, 57 : 546-554.
- HAGSTROM, W.O. & SELVIN, H.C. 1965. Two dimensions of cohesiveness in small groups. *Sociometry*, 28(1) : 30-43.

- HARMAN, H.H. 1967. Modern factor analysis; 2nd ed. Chicago, University of Chicago Press.
- HARVEY, D.J. & CONSALWI, C. 1960. Status and conformity to pressure in informal groups. *Journal of abnormal and social psychology*, 60 : 182-187.
- HAYTHORN, W. 1953. The influence of individual members on the characteristics of small groups. *Journal of abnormal and social psychology*, 48 : 276-284.
- HEBER, R.F. & HEBER, M.E. 1957. The effect of group failure and success on social status. *Journal of educational psychology*, 68 : 120-134.
- HEMPHILL, J.K. & SECHREST, L. 1952. A comparison of three criteria of air crew effectiveness in combat over Korea. *American psychologist*, 7 : 391.
- HOMANS, G.C. 1950. The human group. New York, Harcourt, Brace & Co.
- HORWITZ, M. & LEE, F.J. 1954. Effects of decision making by group members on recall of finished and unfinished tasks. *Journal of abnormal and social psychology*, 49 : 201-210.
- HOUSE, W.C. 1966. Effects of group cohesiveness on organizational performance. *Personnel journal*, 45(1) : 28-33.
- INDIK, B.P. 1965. Organization size and member participation : Some empirical tests of alternative explanations. *Human relations*, 18 : 339-350.

- JACKSON, J.M. 1959. Reference group processes in a formal organization. *Sociometry*, 22 : 307-327.
- JAMES, G. & LOTT, A.J. 1964. Reward frequency and the formation of positive attitudes toward group members. *Journal of social psychology*, 62 : 111-115.
- JOUBERT, D.D. & STEYN, ANNA F. 1965. Groepsdinamika : 'n inleiding tot die studie van klein groepe. Stellenbosch, Universiteits-Uitgewers.
- JOUBERT, D.D. & STEYN, ANNA F. 1972. Groepsdinamika : 'n inleiding tot die studie van klein groepe; 2de dr. Stellenbosch, Universiteits-Uitgewers.
- JOVICK, R.L. 1972. Cohesiveness-conformity relationship and conformity instrumentality. *Psychological reports*, 30(2) : 404-406, Apr.
- KELLEY, H.H. 1951. Communications in experimentally created hierarchies. *Human relations*, 4 : 39-56.
- KERLINGER, F.N. 1964. Foundations of behavioral research. New York, Holt, Rinehart & Winston.
- KINOSHITA, T. 1964. The effects of group cohesiveness and importance of the task upon conformity behavior. *Psychological abstracts*, 39 : 848.
- KLEIN, M. & CHRISTIANSEN, G. 1969. Group composition, group structure and group effectiveness of basketball teams. (In LOY, J.W. & KENYON, G.D., Ed. Sport, culture and society. London, MacMillan. p. 397-408).

- KLEINER, R.J. 1960. The effects of threat reduction upon interpersonal attraction. *Journal of personality*, 28 : 145-155.
- LANDERS, D.M. & CRUM, T.F. 1971. The effect of team success and formal structure on inter-personal relations and cohesiveness of baseball teams. *International journal of sport psychology*, 2(2) : 88-96.
- LAWLISS, G.F. & KLEIN, R. 1973. Interpersonal cohesive and feeling orientation : An application of matrix algebra. *Psychological reports*, 32 : 807-812.
- LENK, H. 1968. The giving up of values in the case of top-class oarsmen under sociodramatic stimulated stress. *International review of sport psychology*, 3 : 137-145.
- LIPPITT, R., POLANSKY, N., REDL, F. & ROSEN, S. 1952. The dynamics of power. *Human relations*, 5 : 37-64.
- LOTT, BERNICE E. 1961. Group cohesiveness : A learning phenomenon. *Journal of social psychology*, 55 : 275-286.
- LOTT, A.J. & LOTT, BERNICE E. 1962. Group cohesiveness, communication level and conformity. *Journal of abnormal and social psychology*, 62 : 408-412.
- LOTT, A.J. & LOTT, BERNICE E. 1965. Group cohesiveness as interpersonal attraction : A review of relationships with antecedent and consequent variables. *Psychological bulletins*, 64 : 259-309.

- LOTT, A.J. & LOTT, BERNICE E. 1966. Group cohesive=ness and individual learning. *Journal of education psychology*, 57 : 61-73.
- LOTZ, J.W. 1975. Die ontwikkeling van 'n meetinstru=ment vir groepkohesie. Ongepubliseerde Verslag, Pretoria, Departement Sosiologie, UNISA.
- MANN, L. 1971. Social psychology. New York, John Wiley.
- MARSHALL, JOAN E. & HESLIN, R. 1975. Boys and girls together : Sexual composition and the effect of density and group size on cohesiveness. *Journal of personality and social psychology*, 31(5) : 952-961, May.
- MARTENS, R., LANDERS, D.M. & LOY, J. 1972. Sports cohesiveness questionnaire. Unpublished Question=naire, Urbana-Champaign, Division of Intramural Activities, College of Physical Education, Univer=sity of Illinois.
- MARTENS, R. & PETERSON, J.A. 1968. Intramural basket=ball cohesion questionnaire. Unpublished Question=naire, Urbana-Champaign, Division of Intramural Activities, College of Physical Education, Univer=sity of Illinois.
- MARTENS, R. & PETERSON, J.A. 1971. Group cohesive=ness as determinant of success and member satisfac=tion in team performance. *International review of sport sociology*, 6 : 49-61.

- McDAVID, J.W. & HARARI, H. 1968. Social psychology : Individuals, groups, societies. New York, Harper & Row.
- McGRATH, J.E. 1962. The influence of positive interpersonal relations on adjustment and effectiveness in rifle teams. *Journal of abnormal and social psychology*, 65 : 365-375.
- MILLER, R.G. 1966. Simultaneous statistical influence. New York, McGraw-Hill.
- MORAN, G. 1965. Group cohesion and conformity behavior. *Psychological reports*, 17(2) : 465-466.
- MORRIS, C.G. 1973. Psychology : An introduction. Englewood Cliffs, Prentice Hall.
- MORSE, N. & REIMER, E. 1956. The experimental change of a major organizational variable. *Journal of abnormal and social psychology*, 52 : 120-129.
- MYERS, A. 1962. Team competition, success and the adjustment of group members. *Journal of abnormal and social psychology*, 65 : 325-332.
- NELSON, P.D. & BERRY, N.H. 1962. Cohesion in marine recruit platoons. *Journal of psychology*, 68(1) : 63-71.
- NEWCOMB, T.M. 1956. The prediction of interpersonal attraction. *American psychologist*, 11 : 575-586.
- OLMSTED, M.S. 1959. The small group. New York, Random House.

- PACK, D.G. & RICHARD, H.C. 1975. Self-reports of group cohesion under high and low cooperation. *Psychological reports*, 36(1) : 86.
- PEPITONE, A. & KLEINER, R. 1957. The effects of threat and frustration on group cohesiveness. *Journal of abnormal and social psychology*, 54 : 192-199.
- PEPITONE, A. & REICHLING, G. 1955. Group cohesiveness and the expression of hostility. *Human relations*, 8 : 327-337.
- PERLMAN, D. & OSKAMP, S. 1971. The effects of picture content and exposure frequency on evaluations of Negroes and Whites. *Journal of experimental social psychology*, 7 : 503-514.
- PETERSON, J.A. & MARTENS, R. 1972. Success and residential affiliation as determinants of team cohesiveness. *Research quarterly*, 43(1) : 62-76, Mar.
- PETLEY, J.W. 1973. Team cohesiveness of successful and less successful high school varsity wrestling teams. Unpublished M.Sc. Thesis, New York, Itacha College.
- PHILLIPS, B. & D'AMICO, L.A. 1956. Effects of cooperation and competition on the cohesiveness of small face-to-face-groups. *Journal of educational psychology*, 47 : 65-70.
- PORTER, L.W. & LAWLER, E.E. 1965. Properties of organization structure in relation to job attitudes and

- job behavior. *Psychological bulletin*, 64 : 23-51.
- PRESTON, M.G. & HEINTZ, R.K. 1949. Effects of participatory vs. supervisory leadership on group judgement. *Journal of abnormal and social psychology*, 44 : 345-355.
- RAO, C.R. 1973. Linear statistical influence and it's applications, 2nd ed. New York, John Wiley.
- RAVEN, B.H. & RIETSEMA, J. 1957. The effects of varied clarity of group goal and group path upon the individual and his relation to his group. *Human relations*, 10 : 29-44.
